FERDIN STMA-BIB

# DIE NEDERDUITS HERVORMDE OF GEREFORMEERDE KERK IN BRITS-OOS-AFRIKA EN DUITS-OOS-AFRIKA

deur

ANDREW JOHN BRUMMER RAWLINS

B.A. (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), B.D. (Universiteit van Pretoria), Dip. Proc. (Unisa).

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Theologiae Magister in die Teologiese Fakulteit van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Desember 1978.

# Woord vooraf

Die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Brits-Oos-Afrika en Duits-Oos-Afrika is die verhaal hoe dat die Here sy gemeente onder die Afrikaners in daardie twee lande vergader, regeer en bewaar het.

Die werk wat hier aangebied word is 'n beskeie poging om die geestelike versorging van die Oos-Afrikaanse Afrikaners deur die Here aan te dui en toe te lig. Die resultaat van hierdie arbeid word hiermee aangebied in die vertroue dat daarmee 'n positiewe bydrae op kerkgeskiedkundige gebied gelewer is.

Die aanbieding van hierdie werk - onder moeilike omstandighede verrig - skep die geleentheid tot dankbetuiging. Ek betuig my dankbaarheid teenoor die Here onse God wat my deur al die arbeidsjare gelei en versorg het.

Met kinderlike ootmoed bring ek hulde aan ons reeds gestorwe ouers, hulle wat met soveel deernis ons in die vrese van die Here opgevoed het. Hulle voorbidding en aanmoediging bly ons steeds by.

Vir hulle aandeel aan my vorming word hiermee waardering betuig aan die professore van die Teologiese Fakulteit, Afdeling B, Universiteit van Pretoria.

Die jare van studie onder leiding van prof. B.J. Marais aan die Teologiese Fakulteit, Afdeling B, Universiteit van Pretoria bly 'n aangename herinnering.

Dit was my voorreg om gedurende die nagraadse studie aan die Teologiese Fakulteit van die Potchefstroomse Universiteit vir

Christelike Hoër Onderwys leiding van proff. P.J. Coetzee en S.P. van der Walt en wyle prof. G.C.P. van der Vyver te ontvang. Hartlike dank vir u vriendelike belangstelling en bemoediging.

Geagte leier, prof. dr. G.P.L. van der Linde, dit was 'n aangename voorreg om onder u leiding my studie af te rond. Swaar belaai met arbeid het u altyd tyd moes maak om probleme met my te bespreek. U diepe insig, kundigheid, noukeurigheid en entoesiasme het 'n vaste indruk gelaat. Die vriendelikheid waarmee u en mevrou van der Linde my aan huis ontvang het, is 'n dankbare herinnering.

Die Oos-Afrikanervriendekomitee het my in aanraking gebring met oud-Oos-Afrika-Afrikaners by wie ek waardevolle inligting bekom het. Teenoor hulle, en in besonder mnre. Danie Steyn, Alex Boshoff en ds. A. Driescher, my hartlike dank vir u vriendelike hulp.

My dank word ook betuig teenoor die personeel van: die Kerkargief van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom; die Kerkargief en S. P. Engelbrecht-Museum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria; die Kerkargief van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Kaapstad en die Argief van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal, Pretoria; die Transvaalse Staatsargief, Pretoria en die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria.

Dankie aan mnr. S.J. Prins vir die taalkundige hulp, mnr. H.L. Grobler vir die reproduksie van die fotos asook tikwerk deur hom en sy eggenote met die finale rekonstruering van hierdie verhandeling en mev. Annette Engelbrecht vir die oorspronklike tikwerk.

My vrou en ons vyf kinders moes die afgelope jare veel verduur. Hulle steun en aanmoediging was deurgans 'n riem onder die hart. Hulle bereidwilligheid tot opoffering was een van die redes hoekom ek, te midde van vele werksaamhede, met die studie deurgedruk het.

Verder betuig ek my innige dank aan die eerwaarde Kerkraad en die gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Zeerust vir hulle voorbidding en bemoediging.

A.J.B. Rawlins

Zeerust, Desember 1978.

## Afkortings

| | | |
|---|---|---|
| G.K.A. | - | Gereformeerde Kerkargief. |
| H.K.A. | - | Hervormde Kerkargief. |
| N.G.K.A. | - | Nederduitse Gereformeerde Kerkargief. |
| s.j. | - | sonder jaartal. |

## ERKENNING VIR FOTO'S EN KAARTE IN HIERDIE VERHANDELING GEBRUIK.

Burger, A.J.V.: 1936, Worsteljare. Kaapstad.

Changuion, L.J.S.: 1975, Die Verhuising van Boere na Oos-Afrika 1902 - 1914. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling Universiteit van Pretoria.

Pieterse, H.J.C.: 1941, Oorlogsavonture van Genl. Wynand Malan. Kaapstad.

Olivier, S.P.: s.j. Ons Kerk in Rhodesië 1895 - 1945. Paarl.

Scholtz, G.D.: s.j. Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1895 - 1910. Kaapstad.

Wonderdade van God: 1942, Jubileum-Gedenkboek van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842 - 1942. Johannesburg.

# INHOUD.

| | Bladsy |
|---|---|
| Woord vooraf | i |
| HOOFSTUK 1 : VERANTWOORDING | |
| 1. Inleiding | 1 |
| 2. Die Doel van die Studie | 4 |
| 3. Die Keuse van die Onderwerp | 6 |
| 4. Die Afbakening van die Onderwerp | 8 |
| 5. Metode | 8 |
| 1. Bronne | 8 |
| 2. Indeling | 10 |
| HOOFSTUK 2 : DIE TREK NA OOS-AFRIKA | |
| 1. Inleiding | 13 |
| 2. Die Ondersoekkommissies na Oos-Afrika | 18 |
| 3. Die Oorsake van die Trekbewegings | 20 |
| 1. Politieke Oorweginge | 20 |
| 2. Die Uitbreidingsdrang | 21 |
| 3. Die Trekgees | 21 |
| 4. Die Ekonomiese Oorweginge | 21 |
| 5. Ander Faktore | 22 |
| 4. Waarskuwings vanuit die Kerk | 23 |
| 5. Die Verskillende Trekke | 25 |
| 1. Die Trekke na Duits-Oos-Afrika | 25 |
| 1. Die Von Landsbergtrek van 1904 | 25 |
| 2. Die Pieter Jouberttrek van 1905 | 26 |
| 3. Die De Beertrek van 1905 | 27 |
| 4. Die Abraham Jouberttrek | 28 |
| 5. Die Engelbrecht-Bothmatrek deur Rhodesië | 28 |
| 6. Die Malantrek | 29 |
| 7. Die Pienaartrek | 29 |
| 2. Die Trekke na Brits-Oos-Afrika | 29 |
| 1. Die Van Bredabroers | 30 |
| 2. Die Arnolditrek | 30 |

/vi.....

Bladsy

3. Trekke van Duits-Oos-Afrika na Brits-Oos-Afrika ................ 31
4. Die Van Rensburgtrek ............. 32
5. Die laaste fase 1909-1914 ........ 32
1. Die Von Maltitzgroep 1909 .... 32
2. E.H. de Waal 1909 ............ 33
3. Ander Gesinne 1909-1910 ...... 34
4. Die Cloetetrek 1911 .......... 35

HOOFSTUK 3 : DIE INSTITUERING VAN DIE KERK IN DUITS-OOS-AFRIKA

1. Inleiding ............................... 36
2. Die optrede van die Transvaalse Kerk ..... 37
1. Ds. A.P. Burger se pleidooi .......... 37
2. Die eerste afvaardiging uit Transvaalse Kerk ............................... 38
3. Die instituering van die Kerk Meru ... 45
3. Die Kerk Meru .......................... 47
1. Die verhouding met die ander volkere in die land ............................ 50
4. Die afvaardiging se verslag aan die Moderatuur van die Transvaalse Kerk .......... 51

HOOFSTUK 4 : DIE TYDVAK WAT DIE INSTITUERING VAN DIE KERK IN BRITS-OOS-AFRIKA VOORAFGEGAAN HET

1. Inleiding ............................... 54
2. Die verwikkelinge vanuit die Transvaalse Kerk .................................. 57
3. Die gelowiges in Brits-Oos-Afrika steeds sonder 'n geinstitueerde Kerk ............ 60

HOOFSTUK 5 : 'N BESOEK AAN MERU EN DIE INSTITUERING VAN DIE KERK IN BRITS-OOS-AFRIKA

1. Inleiding ............................... 64
2. Die optrede van die Transvaalse Kerk ..... 65
1. Ds. J.M. Louw bedien die gemeente Meru . 67
2. Ds. J.H. Theunissen in Brits-Oos-Afrika 74
3. Die instituering van die Kerk Vergenoeg .. 76

Bladsy

4. Samevatting .............................. 82

HOOFSTUK 6 : BEDIENING IN OOS-AFRIKA NADER GEREËL

1. Die Transvaalse Kerk tree weer in ........ 84
   1. Die Sinode van die Transvaalse Kerk neem 'n besluit .......................... 85
2. Ds. M.P. Loubser en die gemeente Vergenoeg . 88
   1. Ds. Loubser en die onderwys .......... 92
   2. Die oprigting van die Bamboeskerk .... 93
   3. Die finansies van die gemeente ....... 95
   4. Die geestelike peil van die gemeente . 96
   5. Vergenoeg en die ring van Lydenburg .. 99
3. Ds. Loubser en die gemeente Meru .......... 100
   1. Die onderwyssake in die gemeente Meru . 105
   2. Die finansiële toestand van Meru ..... 107
   3. Die geestelike peil van die gemeente . 109
   4. Meru en die ring van Lydenburg ....... 110
4. Die Gereformeerde Kerk in Brits-Oos-Afrika . 111
5. Die stigting van die Nederduitsch Hervormde gemeentes Arusha en Rensburgrust ......... 114
6. Samevatting .............................. 115

HOOFSTUK 7 : DIE TWEE KERKE IN BEDIENINGSNOOD

1. Die kerke in nood ......................... 118
   1. Ds. Loubser en die ring van Lydenburg . 118
   2. Die toestand van die gemeente Vergenoeg 119
   3. Die toestand van die gemeente Meru ... 120
2. Ds. Loubser se pogings om hulp te verleen . 122
3. Die Transvaalse Kerk tree weer in die bresse 124
4. Besoekende predikante ..................... 126
   1. Ds. Burger se tweede besoek aan Oos-Afrika ................................ 126
   2. Die besoek van ds. J. du Plessis ..... 127
5. Die besoeke van sendelinge en kapelane ... 128
   1. Eerwaarde J.W. Laurenz ............... 128
   2. Eerwaarde A. Adshade ................. 129
   3. Eerwaarde J. Murray .................. 130

Bladsy

6. Die twee gemeentes van alle hulp ontstoke . 130
7. Weereens die Transvaalse Kerk ............ 132
   1. Ds. H.C. de Wet en die gemeente Vergenoeg 132
   2. Ds. de Wet en die gemeente Meru ...... 137
8. Samevatting ............................. 140

HOOFSTUK 8 : SAMEVATTING EN BEOORDELING ....... 141

BYLAES:

1. Foto's .................................. 147

2. Bronnelys .............................. 152

KAARTE:

Kaart no. 1: Die roetes van die Kommissies na Oos-Afrika. (voor p. 13)

Kaart no. 2: Die Trekroetes na Oos-Afrika (1) (voor p. 25)

Kaart no. 3: Die Trekroetes na Oos-Afrika (2) (voor p. 28)

Kaart no. 4: Waar die Afrikaners hulle in Oos-Afrika gevestig het. (voor p. 36)

# HOOFSTUK EEN

# VERANTWOORDING

## 1. Inleiding

Voor en na die tweede Vryheidsoorlog het Afrikaners noordwaarts getrek.[1] Hulle was gelowiges wat, deur te trek, die band met die kerke (gemeentes) waaraan hulle verbonde was in Suid-Afrika verbreek het. Die trekbewegings het begin met die Angola-trek van 1874-75.[2] Ander lande waarheen Afrikaners getrek het, was Rhodesië,[3] Suidwes-Afrika,[4] Noord-Rhodesië (Zambië),[5] en die Belgiese Kongo (Zaire),[6] en Mosambiek.[7] Hierdie trekbewegings, die Afrikavasteland in, is afgesluit met die trekke na Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) en Brits-Oos-Afrika (Kenia).[8]

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het gesorg vir die stigting van 'n kerk vir die trekboere na Angola.[9] Ds. L.J. du Plessis, destyds Gereformeerde predikant te Rustenburg, het die eerste twee groepe besoek nog voordat hulle die grense van Transvaal verlaat het. Tydens sy besoek aan die tweede groep is 'n gemeente gestig en 'n paar ampsdraers gekies en in die onderskeie ampte bevestig.[10]

/2........

1. Vgl. Notulen, Synode Kaapsche Kerk, 1890, nr.2, 4D, p.34. De Kerkbode, Deel XlX, nr.41, 1902, p.576; Deel X, nr.1, (Nieuwe Serie), 1919, p.644; De Vereeniging, Deel V,nr.12, 1905, p.6,7.
2. Postma, 1897, p.11.
3. Notulen, Synode Kaapsche Kerk, 1890, nr.2, 4D, p.34.
4. Ibid, 1903, nr.3, 4D, p.45.
5. De Kerkbode, Deel 1V, nr.5, 1904, p.4.
6. Ibid.
7. De Vereeniging, Deel 1V, nr.5, 1904, p.4.
8. Changuion, 1975, p.56.
9. Postma, 1897, p.22.
10. Ibid.

Op 'n gemeentevergadering te St.Januario Humpata, wat op 19 Desember 1881 saamgeroep is, is die kerk gereorganiseer, met die besoekende ds.J. Lion-Cachet as voorsitter. Daar het almal wat voorheen aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika behoort het, verklaar dat hulle begeerte was om as 'n gemeente van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika beskou te word.[11] Die lidmate wat voorheen tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort het, het op hulle beurt hulle begeerte bekend gemaak om by die Gereformeerde Kerk Humpata aan te sluit.[12]

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, ook bekend as die Kaapse Kerk, (en hierna sò genoem) was verantwoordelik vir die stigting van die kerk vir die Afrikaners wat na Rhodesië, Suidwes-Afrika en Noord-Rhodesië (Zambië) getrek het. Die Buitelandse Sendingkommissie van die Kaapse Kerk het in opdrag van die Kaapse Sinode van 1890 ondersoek ingestel na die toestande van die Afrikaners in Rhodesië.[13] Die vrug van hierdie optrede was die stigting van die kerk Bulawayo op 16 September 1895.[14] Ds. P.A. Strassheim van Wynberg, wat deur die Kaapse Sinode afgevaardig was, het as voorsitter tydens die stigtingsvergadering opgetree.[15] Bulawayo was die eerste gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk noord van die Limpopo-rivier en is gestig met eenhonderd belydende lidmate en tweehonderd-

/3 .......

11. Handeligen van de Achtste Algemeene Synodale Kerkvergadering samengesteld uit al de Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika, 1882, AS2, p. 85 & 86.
12. Ibid.
13. Notulen, Synode Kaapsche Kerk, 1890, nr.2, 4D, p.672.
14. Ibid, 1897, nr.2, 4D, p.41.
15. Ibid.

en-vyftig dooplidmate.[16] Hierdie gemeente se grense het Nyassaland, tans Malawi, en Mosambiek ingesluit.[17]

Verteenwoordigers van die Ringskommissie van die Ring van Beaufort van die Kaapse Kerk, bestaande uit di. H.P. van der Merwe en J.F. Botha, het gesorg vir die stigting van die eerste twee kerke onder die Afrikaners in Suidwes-Afrika. Op 13 November 1902 is die kerk Gibeon[18] en die volgende dag, op 14 November 1902, die Kerk Moria gestig.[19]

Vanaf die jaar 1903 het Afrikaners uit die Tati-goudvelde van Rhodesië na Noord-Rhodesië, tans Zambië, getrek.[20] Gedurende die jaar 1908 is hierdie lidmate wat in Suid-Afrika aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort het vir die eerste keer deur 'n predikant van diè Kerk, ds. J.N. Geldenhuys, besoek.[21] In die loop van sy besoek het ds. Geldenhuys eenhonderd-en-tagtig belydende lidmate wat voorheen aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort het daar opgespoor.[22] Eers gedurende Junie 1919 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Zambië tot stand gekom.[23] Dit het gebeur met die stigting van die gemeente Lusaka op 16 Junie 1919. Hierdie stigtingsvergadering is gelei deur ds. Eksteen van Bulawayo en hy is bygestaan deur ds. van Blerk.[24] Die gemeente Lusaka het die hele Noord-Rhodesië

/4........

16. Ibid.
17. Ibid.
18. De Kerkbode, Deel XX1, nr.31, 1904, p.361. Dit is die amptelike kennisgewing van die stigting van die gemeente Gibeon. Die notule van die stigtingsvergadering bestaan nie.
19. Ibid. Dit is die amptelike kennisgewing van die stigting van die gemeente Moria. Die notule van die stigtingsvergadering bestaan ook nie.
20. De Kerkbode, Deel XXV, nr. 35, 1908, p.413-4.
21. Ibid.
22. Ibid.
23. De Kerkbode, Deel X, nr.44, 1919, p.644.
24. Ibid.

(Zambië) en die Belgiese Kongo (Zaire) ingesluit.[25] Dit is afgestig van die gemeente Bulawayo.[26] Dr. D.F. Malan is gedurende 1912 deur die Kaapse Kerk afgevaardig om onder andere die Afrikaners te Lusaka te besoek.[27]

Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (hierna genoem die Transvaalse Kerk) het bemoeienis gemaak met die verstrooide Afrikaners in Duits-Oos-Afrika[28] en Brits-Oos-Afrika.[29] Hierdié bemoeienis het die stigting van die kerke Meru[30] en Vergenoeg[31] tot gevolg gehad. Dit is die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Duits-Oos-Afrika en Brits-Oos-Afrika of Oos Afrika, soos die kollektiewe naam lui, wat in hierdie studie verantwoord word.

## 2. Die Doel van die Studie

Die doel van hierdie verhandeling is om 'n beeld te skets van die ontstaan en eerste groei- en ontwikkelingsjare van die Nederduits Hervomde of Gereformeerde Kerke (gemeentes), Meru en Vergenoeg, in Oos-Afrika. Die aanvangsjaar word op 1903 gestel omdat gedurende daardie jaar Afrikaners op groot skaal en op georganiseerde grondslag na Oos-Afrika begin trek het.

/5........

---

25. De Kerkbode, Deel X, nr. 50, 1919, p.1316.
26. Ibid.
27. Malan, 1913, p.30.
28. Notule Boek van die verhandelingen der kerklijke commissie der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Z.A.Republiek, Mei 1892-April 1918. 11 S.,6M.
29. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1909, N.G.K.A., 4D, p.148.
30. Notulen, Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 30/9/1905, N.G.K.A., F., p.2.
31. Notulen, Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 19/8/1908, N.G.K.A., F., p.1.

Die studie strek tot en met die jaar 1920. Dit verteenwoordig die einde van die eerste en die begin van die volgende tydvak in die geskiedenis van die Kerk in Oos-Afrika. Tot hiertoe het die twee kerke geen selfstandige beroep uitgebring nie en was hulle van uitgestuurde predikante afhanklik. Gedurende 1920 egter, het die kerkraad van die gemeente Vergenoeg 'n selfstandige beroep uitgebring.[32]

Voorts word die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Oos-Afrika geskets, om vas te stel hoedat hierdie Kerk aan die eise van artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en Sondag-afdeling 21 en 31 van die Heidelbergse Kategismus voldoen het.[33] Dit moet die vraag beantwoord in hoeverre die Kerk van Jesus Christus hier kerk gebly het.[34] Dit is 'n ondersoek na die Afrikaners van Oos-Afrika se geloofsgebondenheid en hoe hulle gepoog het om, met die hulp uit Suid-Afrika, hulle kerke geinstitueer te kry. Volgens Kamphuis sê die Heilige Skrif dat die Kerk in die wêreldgeskiedenis gestel is as pilaar en fondament van die waarhied.[35] Hierdie studie word gedoen om vas te stel in hoeverre hierdie Kerk in Oos-Afrika pilaar en fondament van die waarheid was. Die studie word ook onderneem om die kerklike en godsdienstige lewe van hierdie Kerk te skets. Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk is Oos-Afrika word onder die soeklig geplaas om die besondere eienskappe van diè Kerk

/6........

---

32. Ibid, 19/5/1920, N.G.K.A., F., p.85.
33. Vgl. Die Nederlandse Geloofsbelydenis, art.28 en Sondagafdelings 21 en 31, Heidelbergse Kategismus.
34. Berkof, 1955, p.8.
35. Kamphuis, 1972, p.921.

vas te stel en te evalueer.

Die rol van die Transvaalse Kerk word ook uitgebeeld. Dit is hierdie kerk wat hom telkens met die verstrooide gelowiges in Oos-Afrika bemoei het en wat gedurende 1905 en 1908, onderskeidelik gesorg het vir die institueering van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerke Meru en Vergenoeg. Hierdie hulp is deur die hele periode wat in hierdie verhandeling beskrywe word te bespeur. Die doel is om later, in 'n doktorale proefskrif, die lig te laat val op die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Oos-Afrika gedurende die jare 1921 tot en met die ontbinding gedurende 1972.

## 3. Die keuse van die Onderwerp

Min en ontoereikende werke het op die gebied van die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Oos-Afrika die lig gesien. Die bestaan van hierdie Kerk vir sewe-en-sestig jaar (1905-1972) en die ontbinding daarvan weens omstandighede (wat in die hieropvolgende doktorale proefskrif bespreek sal word) maak dit noodsaaklik dat die geskiedenis van hierdie Kerk te boek gestel moet word. Daar is wel enkele werke op hierdie gebied gelewer, maar 'n volledige beskrywing van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Oos-Afrika ontbreek nog steeds.

Die ontoereikendheid van die bestaande werke blyk duidelik sodra daar op die verskeie onderwerpe gelet word. In Bana Maie se werk 'Voortrekkerslewe in Donker Afrika' wat in 1928 verskyn het,[36] word slegs in enkele bladsye na

/7........

36. Bana Maie (M.C. Scholtz), 1928, Voortrekkerslewe in Donker Afrika. Pretoria.

die kerklike lewe in Oos-Afrika verwys. In 'Worsteljare', die herinneringe van ds. A. P. Burger, versorg deur sy seun, ds. A.J.V. Burger, en in 1936 gepubliseer,[37] handel slegs een hoofstuk oor die institueering van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk Meru, in Duits-Oos-Afrika. E. Rex se ongepubliseerde proponentseksamenskripsie 'Die Werk van ds. M.P. Loubser veral in Brits-Oos-Afrika (Kenia) en Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) 1909-1935'[38], behandel drie kort periodes (1909-1912; 1921-1923 en 1932-1935) van die geskiedenis van hierdie Kerk. Laastens word die ongepubliseerde D.Phil-proefskrif van die Amerikaner, G. Groen, genoem: 'The Afrikaners in Kenya 1903-1969.'[39] Hierdie proefskrif handel nie oor die Nederduits Hervormde of Gereformeerde kerk Meru nie. Dit dek ook nie die ontbindingstydperk van die Kerk in Brits-Oos-Afrika nie, terwyl die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk Vergenoeg slegs 'n onderdeel van die geheel uitmaak.

In die lig van die bogenoemde feite is die keuse van die onderwerp 'Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Brits-Oos-Afrika en Duits-Oos-Afrika tot 1920', geregverdig en noodsaaklik.

/8 ......

---

37. A.J.V. Burger: 1936, Worsteljare. Kaapstad.

38. E. Rex: 1967, Die werk van ds. M.P. Loubser veral in Brits-Oos-Afrika (Kenia) en Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) 1909-1935. Proponentseksamenskripsie, Fakulteit van Godgeleerdheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerd).

39. G. Groen: 1974, The Afrikaners in Kenya 1903-1969. Dissertation D. Phil. Michigan State University (Unpublished).

4. Die afbakening van die Onderwerp.

Volgens Groves is die geskiedenis van die Kerk van Jesus Christus in Oos-Afrika 'n onderwerp van breë omvang.[40] Hierdie studie beperk hom net tot die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Duits-Oos-Afrika (Kenia) en Brits-Oos-Afrika (Tanzanië). Dit behels die ontstaan en eerste groei- en ontwikkelingsjare van die twee gemeentes, Meru (Duits-Oos-Afrika) en Vergenoeg (Brits-Oos-Afrika). Die stof is so afgebaken anders sou dit te omvangryk vir 'n verhandeling gewees het. Boon-op vorm die tydperk wat strek vanaf die aanvang tot en met 1920 'n afgeronde eenheid binne die grense wat gestel is vir hierdie ondersoek.

Die faktore wat die ontstaan en die voortbestaan van hierdie Kerk beinvloed en veroorsaak het, val binne die grense van hierdie werk. Daar word ook aandag geskenk aan die periode wat vooraf gegaan het.

5. Metode.

1. Bronne

Vir hierdie verhandeling is van primêre sowel as van sekondêre bronne gebruik gemaak. Daar is veral vrylik uit argivale materiaal geput. Vir die kerkgeskiednavorser bly die acta van die Sinodes, die notules van rings- en kerkraadsvergaderings en ander kerklike stukke van primêre belang. Daar is ruimskoots uit artikels oor die gemeentes, briewe van kerkraadslede, predikante en lidmate, soos dit verskyn het in die amptelike spreekbuise van die Nederduits Gereformeerde

/9 ......

40. Groves, 1963, p. 222-5.

Kerk, gehaal. Gemeenteblaaie, veral feesbrosjures, het as bronne waardevolle hulp verskaf.

Waar amptelike stukke ontbreek, kan tydskrifte en koerante 'n waardevolle hulpdiens lewer. Met hierdie werk was dit nodig om enkele male die toevlug tot hierdie sekondêre bronne te neem.

Om hierdie verhandeling te kon saam stel is die primêre en sekondêre bronne wat kon opgespoor word genoegsaam om die verhaal saam te stel. 'n Mens sou tydens die ondersoek in baie gevalle meer bronne tot jou beskikking wou hê. Ongelukkig het baie primêre bronne verlore gegaan, maar die wat opgespoor is, gee egter 'n genoegsame beeld van die kerke in Brits-Oos-Afrika en Duits-Oos-Afrika om die verhaal te kan saam stel.

Vir 'n helder en volledige beeld van die Kerk is die feitemateriaal gesif, gekoördineer en gerangskik ooreenkomstig bepaalde aspekte van die kerklike en godsdienstige lewe. By die keuse van bronne is dié wat direkte besonderhede oor die kerklike en godsdienstige lewe verstrek, sowel as dié met indirekte mededelinge, in ag geneem.

Bronne waarin feite krities beoordeel is, sonder om in 'n gees van scepsis te verval, lewer 'n meer verdienstelike produk.[41] Minder belangrike sake is nie in die feitemateriaal opgeneem nie, omdat dit die gang van die verhaal mag versteur.

/10 ......

---

41. Aquoy, 1910, p. 125.

Aan die ander kant beteken dit nie net die optekening van die feite op kroniekmatige wyse nie.[42] Die feite moet die Kerk in sy volle lewensmileu, met alles waarmee hy te kampe het, beskrywe. Vanselfsprekend is dit dat die feite aan die eis van waarheid moet beantwoord.[43]

Die stof van hierdie verhandeling is op 'n analitiese, kritiese en beoordelende wyse benader.

2. Indeling

Om 'n geskikte indeling vir die stof te vind, was nie moeilik nie. In die soeke na 'n principium divisionis het dit gou duidelik geword dat die kronologiese gang byna deurgans met goeie reg gehandhaaf sou kon word.

Die stof wat die eintlike verhaal vertel, word gerangskik onder vyf hoofstukke wat mekaar kronologies opvolg. Die stof in die onderskeie onderafdelings van elke hoofstuk is soms kronologies en soms tematies, al na gelang die eis van omstandighede, behandel. Hierdie werk val, naas die verantwoording, uiteen in sewe eenhede en die indeling verloop soos volg:

1. Die Trek na Oos-Afrika

   1. Inleiding. 2. Ondersoekkommissies na Oos-Afrika. 3. Die oorsake van die Trekbewegings. 4. Waarskuwings vanuit die Kerk. 5. Die verskillende Trekke.

/11 .....

---

42. de Villiers, 1959, p. 19.
43. Ibid.

2. Die institeuring van die Kerk in Duits-Oos-Afrika.

   1. Inleiding. 2. Die optrede van die Transvaalse Kerk. 3. Die institeuring van die Kerk Meru. 4. Die Kerk Meru. 5. Die Afvaardiging se verslag aan die Moderatuur van die Transvaalse Kerk.

3. Die Tydvak wat die institeuring van die Kerk in Brits-Oos-Afrika voorafgegaan het.

   1. Inleiding. 2. Verwikkelinge vanuit die Transvaalse Kerk. 3. Die gelowiges in Brits-Oos-Afrika steeds sonder 'n geïnstitueerde Kerk.

4. 'n Besoek aan Meru en die institeuring van die Kerk in Brits-Oos-Afrika.

   1. Inleiding. 2. Die optrede van die Transvaalse Kerk. 3. Die institeuring van die Kerk Vergenoeg. 4. Samevatting.

5. Bediening in Oos-Afrika nader gereël.

   1. Die Transvaalse Kerk tree weer in. 2. Ds. Loubser en die gemeente Vergenoeg. 3. Ds. Loubser en die gemeente Meru. 4. Die Gereformeerde Kerk Brits-Oos-Afrika. 5. Die stigting van die Nederduitsch Hervormde Gemeentes Arusha en Rensburgrust. 6. Samevatting.

6. Die twee Kerke in bedieningsnood.

   1. Die Kerke in nood. 2. Die Transvaalse Kerk tree weer in die bresse. 3. Besoekende predikante. 4. Besoeke van sendelinge en kape-


/12 ......

lane. 5. Die twee gemeentes van alle hulp ontstoke. 6. Weereens die Transvaalse Kerk. 7. Die samevatting.

7. Samevatting en beoordeling.

/13 ......

Die Roetes van die Kommissies na Oos-Afrika



# HOOFSTUK TWEE

## DIE TREK NA OOS-AFRIKA

### 1. Inleiding

Die tweede Vryheidsoorlog het diepgaande veranderings vir die Boererepublieke van Oranje Vrystaat en Transvaal tot gevolg gehad. Vir die Republieke het dit op politieke, staatkundige, ekonomiese en maatskaplike terrein 'n baie komplekse en een van die moeilikste tye denkbaar geword.[1]

Vir die Kerke onder die Afrikaners in die twee Republieke en in besonder vir die Transvaalse Kerk was die gevolge ernstig en diepgaande.

Die Kerk in Transvaal, net soos die Afrikanervolk in wie se midde dit bestaan het, is met die vrede van Vereeniging voor ernstige probleme gestel.[2] Die kerklike lewe, wat deur die krygsbedrywighede feitlik tot stilstand gedwing was, moes gereorganiseer, voortgesit en opgebou word.[3] Eredienste en sakramentsbediening moes weer op 'n gereelde lees geskoei word. Geen predikante het in die oorlog gesneuwel nie, maar leraars soos ds. A.P. Burger van Middelburg en ds. A.J. Louw van Heidelberg het in krygsgevangeskap geraak. 'n Vyftal predikante di. E.C. Anderssen van Vryheid, A.P. Kriel van Langlaagte, J.M. Louw van Boksburg, H.J. Neethling van Lydenburg en J.W.G. Strassheim van Klerksdorp het die onderskeiding te beurt geval dat hulle tot op die laaste

/14........

1. Changuion, 1975, p.1.
2. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1903, N.G.K.A., 4D, p.177.
3. Scholtz, s.j., p.199.

dag met die burgers op kommando gebly het.[4] Die gemeentelike lewe is dus grootliks versteur.

Kerklike vergaderings,veral die kerkrade wat vir meer as twee jaar nie vergader het nie, moes weer begin funksioneer.[5] Op 27 Oktober 1902 het die Middelburgse kerkraad vir die eerste keer na die oorlog weer vergader. Ds. A.P. Burger, die voorsitter, spreek 'n woord van bemoediging, maan die lede tot eensgesindheid, ywer en verdraagsaamheid sodat die verwoeste mure weer opgebou kan word.[6] Die Heidelbergse kerkraad het op 1 November 1902 weer vir die eerste keer vergader. Die openingswoord is deur die predikant, ds. A.J. Louw, ook die voorsitter, gelewer. Hy het onder andere gesê die feit dat die volk nog aan God vashou genoegsame bewys is dat God die volk nog nie verlaat het nie. Deur in die gebed te volhard sal die mense hoop en moed vir die toekoms kry. Die spreker het afgesluit deur te verklaar dat almal met pynlike droefheid getref was by die aanskoue van twee kerkraadslede wat met verminkte liggame uit die stryd teruggekeer het en van die leë plekke van drie wat gesneuwel het.[7] Op 2 Oktober 1902 kon die Sinodale Kommissie vir die eerste maal na die oorlog weer byeenkom[8] en die Transvaalse Sinode het op 1 Mei 1903 weer vergader.[9]

/15........

---

4. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1903, N.G.K.A., 4D, p.178.
5. Scholtz, s.j., p.119.
6. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Middelburg, 27/10/1902, N.G.K.A., F., p.62.
7. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Heidelberg, 1/11/1902, N.G.K.A., F., p.70.
8. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1903, N.G.K.A., 4D, p. 92.
9. Ibid., p.3.

Lidmate en gemeentes is swaar getref deur die verwoesting en beskadiging van hulle eiendomme. Groot dele van Transvaal en die Oranje Vrystaat het onder die vernielsug van die vyand deurgeloop. Iets soos dertig duisend boerewonings is afgebrand en gelyktydig daarmee is al die gesaaides en boorde verwoes en die lewende hawe gekonfiskeer.[10] Ook die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk was 'n slagoffer van die verwoestingsdrang van die vyand. Byna oral is die kerkgeboue op die plattelandse dorpe deur vuur in puin gelê. Daar is beraam dat skade van meer as £35000.0.0 aan kerkgeboue berokken is. Vir daardie tyd was dit 'n ontsaglike bedrag.[11] Sò keer die gemeente Piet Retief tot murasies terug en dit sluit die kerkgebou in.[12] "De pastorie is een zwart spookgewest geworden."[13] Op Schweizer-Reneke is die pastorie saam met die hele dorp verwoes.[14] Hierdie gemeente het, volgens ds. G.F.C. Faustmann, minstens £350 000.0.0. met die oorlog verloor.[15] Op Zeerust het verhongerde lidmate by die predikant, ds. S.F. van der Spuy, met trane in die oë kom hulp soek: "Help mij tocht, wij hebben niets om te eten."[16]

Ds. A.P. Burger van Middelburg het by sy terugkeer uit ballingskap 'n geplunderde, verskeurde en verstooide gemeente gevind. Die lidmate se vroeër rustige wonings was ashope en ruïnes. Bitterheid het soos sout in die wonde gebrand,

/16........

10. Muller, 1968, p.325.
11. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1903, N.G.K.A., 4D, p.177.
12. De Vereeniging, Deel 111, nr.12, 1903, p.8.
13. Ibid.
14. De Kerkbode, Deel X1X, nr. 37, 1902, p.715.
15. Ibid.
16. De Vereeniging, Deel 111, nr.6, 1903, p.5,6.

bitterheid wat ontstaan het tussen die bittereinders en ander burgers wat ontrou geword het.[17] Hierdie ontroues was die National Scouts.[18]

'n Ander gevolg van die oorlog was dat die gemeentes aan die predikante agterstallige traktement moes uitbetaal. Dit was aansienlike bedrae wat gevind moes word, want vir 'n tydperk van twee jaar moes die meeste predikante sonder traktement klaarkom.[19] Aan ds. A.P. Burger moes die bedrag van £1037.10.0 betaal word, maar hy het die gemeente tegemoet gekom en hulle 'n bedrag van £500.0.0 kwytgeskeld.[20] Ds. A.J. Louw van Heidelberg wou van die bedrag van £1500.0.0 aan hom verskuldig vir eers niks ontvang nie. Al wat hy gevra het was dat die £200.0.0 wat vriende tydens die oorlog aan sy vrou geleen het, aan die betrokke persone vergoed moes word.[21]

Hierdie oorlog het ook sy gevolge in die gemoedere van die lidmate gehad. Daar is diegene wat tot besinning gedryf is, maar daar is ander wat hulle verhard het. Die ellende en die ontbering wat hulle moes verduur, het sommige geestelik verdiep. Ander het weer onverskillig geraak. In die Ring van Lydenburg, waarvandaan die meeste Afrikaners wat na Oos-Afrika getrek het, gekom het, het die oorlog naas die stoflike verwoesting ook sy diepe spore op godsdienstige gebied gelaat. In die gemeentes van die Ring het die gees van onverskilligheid en afvalligheid in mindere of meerdere mate kop uitgesteek[2]

/17........

---

17. Burger, 1936, p.197-203.
18. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1903, N.G.K.A., 4D, p.80.
19. Scholtz, s.j., p.210.
20. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Middelburg, 24/11/1902, N.G.K.A., F., p.69.
21. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Heidelberg, 1/11/1902, N.G.K.A., F., p. 71.
22. Handelingen, Synode, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1903, N.G.K.A., 4D

Ander gevolge van die stryd, wat die Transvaalse Kerk en die ander twee Afrikaanse Kerke ten nouste geraak het, was die stryd om nasionale behoud. Die Britse beleid van vervreemding van die volksverlede het ook die Afrikaner se kerk in gedrang gebring. Die National **Scouts is as stormram gebruik** om die mure van die kerk te probeer omverwerp.[23] Op 22 Desember 1903 het die **National Scouts die Nederduitsch** Gereformeerde Kerk van Transvaal gestig.[24] Later het diè kerk by die Gereformeerde kerk aangesluit.[25] Ook die Transvaalse Kerk moes saam met ander instansies optree om die verengelsing en vervreemding van die Afrikanerkind te verhoed. Dit is gedoen deur die beweging Christelik-Nasionale Onderwys in die lewe te roep. Vroeg in 1903 is 'n kommissie vir die doel in die lewe geroep. Predikante van die drie Afrikaanse Kerke het ook daarin gedien.[26]

Nog 'n gevolg van die oorlog was dat die Transvaalse Kerk verplig was om na die materiële behoeftes van die lidmate om te sien en versorging aan te bied.[27] Weeshuise te Boksburg,[28] Middelburg,[29] en Langlaagte is gestig om die onversorgde weeskinders uit die oorlog op te neem.[30] Te Laersdrif, in die distrik Middelburg, het die Kerk deur ds. A.P. Burger se bemiddeling, 'n Arbeidskolonie in die lewe geroep om 'n heenkome aan verarmde Afrikaners te bied.[31]

/18........

23. Scholtz, s.j., p.124.
24. De Vereeniging, Deel 111, nr.16, 1904, p.7.
25. Oberholster, 1956, p.299.
26. Scholtz, s.j., p.148.
27. Scholtz, s.j., p.161.
28. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Boksburg, 6/10/1902, N.G.K.A., F., sonder numering.
29. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Middelburg, 24/11/1902, N.G.K.A., F., p.69.
30. Smit, s.j., p.24.
31. Wonderdade van God, 1942, p.189.

Ds. H.J. Bosman se woorde voor die Kaapse Sinode van 1903 vat die omstandighede goed saam: "Onze Kerk is onder, maar niet dood. En wanneer ik spreek van die Kerk, verbind ik daaraan ons volk. Ons volk is onder, maar niet dood. En zolang het kerkelijk leven strek zal zijn, zolang zal ook ons volk sterk zijn."[32]

## 2. Die Ondersoekkommissies na Oos-Afrika

In hierdie periode van ontwrigting en verarming het baie Transvaalse Afrikaners besluit om die land te verlaat en elders 'n nuwe begin te maak.[33] Voor die einde van die krygsverrigtinge was daar al sprake onder sommige Boere om die land uit te trek. Frans W. (Koffie) Joubert het met sy familielede gedurende die oorlog 'n trek buiteland-toe oorweeg. Hy word egter as krygsgevangene na Ceylon (Sri Lanka) weggevoer. Die ontwrigting wat die oorlog en sy krygsgevangeneskap tot gevolg gehad het, het ook 'n merk op hom gelaat.[34] Met sy terugkeer uit Ceylon maak hy in Dar-es-Salaam kennis met veehandelaars wat die binneland van Afrika ken.[35] Van hulle verneem hy dat die hooglande van Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) besonder geskik is vir blanke nedersetting en veeboerdery.[36] Na sy terugkoms in Transvaal en deur sy bemiddeling word daar op 7 Januarie 1903 besluit om 'n verkenningsekspedisie na Oos-Afrika te stuur.[37] Hierdie kommissie het bekend gestaan as die Joubertkommissie van 1903.[38] Dit het uit ses persone bestaan met Pieter C.

/19.....

32. De Volkstem, 14/11/1903.
33. Changuion, 1975, p.1.
34. Pieterse, 1948, p.102.
35. Die Burger, 16/12/1954, p.3. H.J.C. Pieterse (Dèki): Na Vyftig Jaar, 1904-1954.
36. Ibid.
37. Ibid.
38. Changuion, 1975, p.68.

Joubert van Ermelo as die leier van die groep.[39] Op 15 Januarie 1903 vertrek die kommissie uit Machadodorp en sit op 2 Februarie 1903 in Mombassa voet aan wal.[40] Hulle trek op 3 Februarie 1903 die binneland van Brits-Oos-Afrika en Duits-Oos-Afrika in, maar die malaria dwing hulle om voor die einde van April sonder 'n deeglike ondersoek terug te keer Transvaal toe. Wat hulle tog van Oos-Afrika kom vertel het, het ander Afrikaners beïnvloed om daarheen te trek.[41]

Die tweede kommissie wat na Oos-Afrika gestuur is, was bekend as die Groot Kommissie van 1904.[42] Hierdie kommissie het uit twaalf lede bestaan.[43] Die leiding het in die hande van drie persone gerus. Hulle was Pieter C. Joubert, die leier van die eerste kommissie, S.P.E. Trichardt, die gewese hoof van die Transvaalse Staatsartillerie en Jacobus Malan, vader van Generaal Wynand Malan.[44] Hulle vertrek gedurende Mei 1904 uit Transvaal en doen Madagaskar aan. Daarvandaan is hulle na Dar-es-Salaam en Mombassa. Met die stoomtrein is hulle die binneland in. By Voi het hulle van die trein gestap en is met 'n voetsafari die Duitse gebied in tot by Moschi en Arusha, aan die berg Meru.[45] Hierdie keer was die kommissie daartoe in staat om 'n deeglike ondersoek in te stel, want die malaria het nie weer gepla nie. Hulle was tevrede met wat hulle gesien en verneem het.[46]

/20.......

---

39. Pieterse, 1948, p.104.
40. Ibid.
41. Ibid.
42. Ibid., p.158.
43. Ibid., p.76.
44. W.J.H. Punt: Persoonlike onderhoud, 9/6/1971. Vgl. Changuion 1975, p.76.
45. Pieterse, 1948, p.158.
46. W.J.H. Punt: Persoonlike onderhoud, 14/11/1973. Vgl. Changuion, 1975, p.80.

Toe hulle in 1904 in Transvaal aanland met 'n gunstige verslag,[47] moes hulle uitvind dat die eerste trek na Duits-Oos-Afrika reeds onderweg is.[48]

## 3. Die Oorsake van die Trekbewegings

Die oorsake van die verskillende trekbewegings is uiteenlopend. In die meeste gevalle het 'n verskeidenheid van faktore die Afrikaners beïnvloed om te trek.

### 1. Politieke Oorweginge

By vele Afrikaners, wat na Oos-Afrika getrek het, was daar 'n anti-Britse gevoel teenwoordig. 'n Sterk antipatie teen alles wat Brits was skemer veral deur by die vroeë trekkers na Oos-Afrika. Daar was by sommige Afrikaners 'n weiering om Eduard V11 as hulle koning te erken en Britse gesag te aanvaar.[49] Die sterk vryheids- en onafhanklikheidsdrang, so eie aan die Afrikaner, het ook 'n noemenswaardige rol gespeel in die besluit om uit die land te trek. Van Jaarsveld is van mening dat die Afrikaner-nasionalisme van die Boere deur die anneksasie van Transvaal en die Eerste Vryheidsoorlog wakker gemaak is. Die Tweede Vryheidsoorlog het hierdie nasionalisme verstewig.[50] Die politieke oorsake het nog 'n anderkant. Die wyse waarop die National Scouts deur die Bitterein-

/21.......

---

47. C.S. van Wyk (mev.): Persoonlike onderhoud, 15/6/1971. Vgl. Changuion, 1975, p. 88.
48. Changuion, 1975, p.80.
49. Changuion, 1975, p.11-12
50. Van Jaarsveld, 1971, p.22.

ders en ander Afrikaners na afloop van die oorlog behandel is, het van die National Scouts gedwing om uit die land pad te gee.[51] Bevestigde National Scout-gevalle, wat na Oos-Afrika getrek het, is L.L. Viljoen, H.S. Mare, Fred Loxton en Piet Fourie.[52]

2. Die Uitbreidingsdrang

Die uitbreidingsdrang het ook sterk in die harte en gedagtes van die Afrikaners geleef. Jacobus Malan, die vader van Generaal Wynand Malan, het in 1906 gesê dat die Afrikaners na Oos-Afrika getrek het om die grenslyne van Suid-Afrika tot daar uit te brei.[53] Pieterse beweer dat hierdie Afrikaners hulle self as die baanbrekers beskou het. Hulle was deeglik bewus van die feit dat hulle die kinders en kleinkinders van die Voortrekkers was.[54]

3. Die Trekgees

Changuion voer aan dat die enigste rede vir die trekbewegings die onverklaarbare trekgees is wat in die harte van die Afrikaners gelewe het. Dit is die mening wat van oud-Oos-Afrikaners afkomstig is.[55] Di. M.P. Loubser,[56] J.J. Kuhn[57] en C.J. Mans[58] lê ook die klem op die trekgees as die oorsaak van die trekke.

/22.......

51. Changuion, 1975, p.22.
52. C.S. 842, No. 13973 (7/8683): C.E. Cornwall - The Secretary S.A.C., 3/10/1906.
53. Pieterse, 1948, p.99.
54. Ibid., p.101.
55. Changuion, 1975, p.15-16.
56. M.P. Loubser: Brief Bwana Kubwa, 30/7/1910. N.G.K.A., A.
57. De Hervormer, Jaargang 2, nr, 20, 15/12/1910, p.4.
58. Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 20, p.176.

4. Ekonomiese Oorweginge

Changuion voer aan dat daar ook ekonomiese faktore was wat die trekbewegings soveel aanlokliker gemaak het.[59] Dit is so dat die meeste Afrikaners wat in Oos-Afrika aangeland het, brandarm was.[60] Baie het nie die moed gehad om in die puin van die na-oorlogse Suid-Afrika weer van onder af te begin nie. Dan liewer weg, al is dit na nog 'n vesting van die veroweraar.[61] Die Afrikaner, wat maar altyd grondeienaar wil wees, het in Oos-Afrika die geleentheid gesien om hierdie sug te bevredig. Goedkoop grond was vir die sukkelende Afrikaner 'n lokmiddel. Baie Afrikaners het om hierdie rede na Oos-Afrika verhuis.[62]

5. Ander Faktore

Afrikaners wat voorheen in Oos-Afrika was, soos D.C. van Wyk,[63] Bon van Breda[64] en Willem (Koffie) Joubert,[65] en wat met gesag kon praat van die toestande daar, het 'n rol gespeel om ander Afrikaners te oortuig om te trek.[66] Jan van Rensburg het etlike vergaderings in Oos-Transvaal gehou en is met amper driehonderd mense na Oos-Afrika.[67] Die Duitse en Britse owerhede van Duits- en Brits-Oos-Afrika het ook 'n groot rol gespeel om Afrikaners daarheen te laat verhuis,[68] deur 'n aanloklike prentjie van die omstandighede te skilder.

/23 ......

---

59. Changuion, 1975, p. 26
60. De Vereeniging, Deel VII, nr. 7, 1907, p. 110.
61. Gedenkboek by ons Derde Eeufees, 1952, p. 428.
62. C.S. 842, nr. 13973 (7/8683): S. Craig - Dist. Commdt. S.A.C. 26/9/1906.
63. De Vereeniging, Deel IV, nr. 24, 1905, p. 5.
64. Huxley, 1957, p. 57.
65. Pieterse, 1948, p. 102.
66. Changuion, 1975, p. 24.
67. Ibid.
68. E.C. 66, no. 1120/05: Boer Immigration into German East Africa.

Met die uitsifting van redes vir die trekbewegings moet aandag aan die sielkundige faktor ook gegee word. Die Boerekrygsmanne het teruggekom na 'n verwoesde land, 'n ontwrigte samelewing, 'n verlore vryheid en pynlike en onherstelbare persoonlike verliese. Baie het die swaarkry geken van krygsgevangeneskap in die verre, vreemde lande. Die Engelse oorheersing was vir hulle te veel. Hierdie faktore, en meer, het ongeneeslike pyn en vernedering in die onderbewussyn van menige Afrikaner gelaat. Dit het gegroei en ontwikkel totdat dit in hulle gedagtes en gemoedere die treklus geword het.

4. Waarskuwings van uit die Kerk.

By die waarskuwings teen die treklus van die Boere wat gekom het van die kant van die Landsowerheid én die Boere-leiers, het die Transvaalse Kerk ook sy stem van waarskuwing gevoeg. Lidmate uit die gemeentes Lydenburg en Ermelo het alreeds na Duits-Oos-Afrika vertrek. Uit die gemeentes Bethal en Middelburg het nog lidmate gereed gemaak om daarheen te trek. Ander lidmate was besig om gereed te maak om later te trek.[69] Die Transvaalse Kerk het kennis geneem van die toedrag van sake en die eerste reaksie het gekom van De Vereeniging, die amptelike lyfblad van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. In 'n hoofberig word daarop gewys dat die nasionale voortbestaan deur die trekgees bedreig word. Suid-Afrika is

/24 .....

69. De Vereeniging, Deel IV, nr. 25, 1905, p. 5.

'n goeie land. Geen enkele Afrikaner kan gemis word nie. Daar is nog 'n goeie toekoms. Elkeen wat die land verlaat, dra by tot die verswakking van die volk en Kerk.[70]

Ds. A.P. Burger, onderweg om Boere-gelowiges wat hul reeds in Duits-Oos-Afrika bevind te besoek, waarsku teen die trekgees vanuit Lourenco Marques. In Mosambiek het hy op trekkers af gekom wat in benarde omstandighede verkeer het.[71] Vervat in die verslae van sy besoek aan die gelowiges in Duits-Oos-Afrika (Tanzanië), is sy waarskuwings teen die trekneiging.[72] Gedurende 1906 skrywe hy dat ten spyte van al die probleme wat die gelowiges in Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) ondervind, dwing ander nog steeds om daarheen te trek.[73]


In sy openingsrede tydens die Transvaalse Kerk se Sinode van 1906 waarsku die moderator, ds. H.S. Bosman, ook teen die trekgees. Hy roep die Sinode op om in alle erns te waak teen die verbrokkeling van kragte. Baie lidmate het alreeds na Oos-Afrika getrek. Dit is juis wat die aartsvyand be-oog. Sy leuse is: verdeel en heers. Hy wil die kragte verdeel en dus verswak om des te makliker die Afrikaner se betekenis as Christelike volk te vernietig. Eendrag maak mag is nog die leuse van die volk. Ook in kerklike aangeleenthede bly dit waar.[74]

/25 .....

---

70. De Vereeniging, Deel IV, nr. 5, 1904, p.3.
71. De Vereeniging, Deel V, nr. 6, 1905, p. 3.
72. De Vereeniging, Deel V, nr. 12, 1905, p. 7.
73. De Vereeniging, Deel VI, nr. 7, 1906, p. 3.
74. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1906, N.G.K.A., 4D, p. 166.

Die Trek-roetes na Oos-Afrika (1)



Hierdie waarskuwings van die kant van die Kerk was meer pleitredes om nie te trek nie as veroordelings, beskuldigings en twismakery. Daar was deernis en meegevoel met die lidmate wat weggetrek het. As gevolg van die optrede van die Kerk het daar geen verwydering gekom tussen die Kerk en die trekkers nie. Die bande het heg gebly en met wedersydse vrymoedigheid kon hulp gestuur en ontvang word.

## 5. Die Verskillende Trekke.

### 5.1. Die Trekke na Duits-Oos-Afrika.

Daar was sewe verskillende trekke van gelowiges na Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) onderneem tussen die jare 1904 en 1907.

#### 5.1.1. Die Von Landsbergtrek van 1904.

Die Von Landsbergtrek was die heel eerste groep wat na Duits-Oos-Afrika getrek het met die uitsluitlike doel van permanente vestiging. Op 16 Julie 1904 het die trekgroep bestaande uit agt gesinne onder aanvoering van Pieter Frederick von Landsberg op Bronkhorstspruit bymekaar gekom. Hier het ds. M.J. Goddefroy vir hulle 'n afskeidsdiens in die Hervormde Kerk op die dorp gehou.[75] Langs die trekpad het Theuns Botha en sy gesin hulle by die trek aangesluit. Die geselskap het toe bestaan uit twee-en-veertig persone. Op 19 Julie 1904 was hulle in Lourenco Marques (Maputo) en verlaat hierdie hawestad op 27 Julie 1904 op die Duitse posboot, Hertzog. Onderweg het Pieter von Landsberg, voorheen van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Lydenburg, elke aand die huisgodsdiens vir die

/26 ......

---

75. Van der Westhuizen, E. (Mev.): Persoonlike herinneringe
Bandopname : D. Steyn, Setlaars, Mei, 1975.

trekgroep waargeneem.[76] Na 'n voorspoedige seereis van ongeveer drie weke het hulle in die hawe Tanga, Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) aangekom.[77] Die reis die binneland in het per trein geskied tot op Mombo,[78] van daar het hulle per ossewa oor Moschi na Arusha gegaan.[79] Dit was 'n reis vol ontberinge en eers op 4 Desember 1904 het die trekgroep in die Oldonyo Sambugebied, hul toekomstige tuiste, aangekom en is plase aan hulle deur die owerheid toegeken.[80] Goewerneur von Götzen was die regeringshoof en hy het geglo dat die Afrikaners die ideale setlaars was om die gebied te tem.[81] Die plase wat aan die Afrikaners beskikbaar gestel is, het 1000 hektaar elk beslaan.[82] Elkeen het sy hartbeeshuisie opgerig en 'n boerderytjie met beeste en skape begin.[83]

5.1.2. Die Pieter Jouberttrek van 1905

Die leier van hierdie trek, Pieter Joubert, voorheen van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Ermelo,[84] was ook leier van die Landsoekers-Ekspedisie van 1903. Alhoewel hulle na die droewige ondervinding van hulle ekspedisie in 1903 besluit het om nie weer na Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) te gaan nie, bevind Pieter Joubert hom weer op dieselfde trekpad. Hierdie keer bevind hy hom aan die hoof van vyftig gesinne, driehonderd mense, uit Machadodorp, Ermelo, Middelburg, Krugersdorp, Pretoria en ander Transvaalse

/27......

76. P.J. van Dyk: Mededelinge, p.9.
77. Changuion, 1975, p.85.
78. Changuion, 1975, p.84.
79. Changuion, 1975, p.85.
80. P.J. van Dyk: Mededelinge, p.14.
81. Ibid.
82. Ibid.
83. Ibid.
84. Vgl. Lidmaatregister der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Meru, Duitsch-Oos-Afrika. N.G.K.A., F.

dorpe.[85] Gedurende Mei 1905 het hulle op die Brugspruit-stasie naby Middelburg saamgetrek om die trein na Lourenco Marques te haal. Hier te Brugspruitstasie het ds. A.P. Burger van Middelburg vir hulle 'n afskeidsdiens gehou.[86] Sommige gesinne het by Lourenco Marques by hulle aangesluit.[87] Hierdie trek het 'n ietwat ander roete gevolg as die Von Landsbergtrek. Hulle het oor Dar-es-Salaam, Tanga en Mombassa oor Voi in Brits-Oos-Afrika (Kenia), na Arusha gegaan.[88] Teen die helfte van Julie 1905 het die Jouberttrek se mense op Arusha aangekom.[89]


### 5.1.3. <u>Die De Beer-trek van 1905</u>

Willie de Beer, voorheen ook van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk,[90] was die leier van hierdie groep.[91] Hierdie groepe het tot in Tanga saam met die Jouberttrek gereis. Van Tanga af het die dertig gesinne besluit om die korter roete oor Mombo na Arusha te volg.[92] Smart staan oor die waspore van hierdie trekkers geskrywe toe hulle van Tanga na **Moschi** agtien grafte, waaronder die graf van die leier, Willie De Beer, moes agterlaat.[93] Bynaalmal, vyftien kinders en drie volwassenes, is aan malaria oorlede. Hierdie trekgroep is ook deur hongersnood geteister en moes uiteindelik deur die Jouberttrek en die Duitse owerheid gehelp word tot by Ngare Olmotonyi.[94]

/28 .....

85. Joz. P. Theron, 1958, p. 19.
86. De Vereeniging, Deel IV, nr. 25, 1905, p. 5.
87. Joz. P. Theron, 1958, p. 19.
88. Ibid.
89. Ibid.
90. Vgl. Lidmaatregister der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Meru, Duitsch-Oost=Afrika, N.G.K.A., F.
91. Joz. P. Theron, 1958, p. 19.
92. Changuion, 1975, p. 91.
93. Changuion, 1975, p. 95.
94. H.C.J. Pieterse (Déki): Afrikaners in Oos-Afrika, Die De Beer-trek. Die Burger, 5/6/1937, p. 13.

Die Trek-roetes na Oos-Afrika (2)



5.1.4. Die Abraham Joubert-trek.

Geïnspireer deur die Duits-Oos-pioniertrekker, Pieter von Landsberg, met wie hy gekorrespondeer het, vertrek Abraham Joubert, ook voorheen van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk,[95] in Junie 1905 van Lourenco Marques na Duits-Oos-Afrika (Tanzanië).[96] Vanaf Mombassa reis hulle per trein tot op Voi, in Brits-Oos-Afrika (Kenia) en daarvandaan gaan hulle per ossewa tot op Oldonyo Sambu, wat nou bekend staan as Kampfontein, die saamtrekplek van die Afrikaners in Duits-Oos-Afrika (Tanzanië).[97] Hierdie trek het uit veertien gesinne bestaan.

5.1.5. Die Engelbrecht-Bothmatrek deur Rhodesië.

Twee leiers van hierdie trek was Martiens Engelbrecht en Lodewyk Bothma.[99] Martiens Engelbrecht, teen 1903 reeds in Rhodesië, besluit om na die Belgiese Kongo (Zaire) te trek.[100] Die medeleier Lodewyk Bothma, lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Enkeldoorn,[101] is eens met die gedagte. Op 25 Augustus 1904 vertrek die trekgroep wat uit veertig persone bestaan, vanaf Salisbury per trein na Beira in Mosambiek en per boot na Tanga in Duits-Oos-Afrika (Tanzanië).[102] Hulle reis deur Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) en na vele ontberinge en 'n verandering van reisplan en doelwit kom hulle teen die helfte van Augustus

/29 ......

95. Loots, 1954, p. 18.
96. Ibid.
97. Ibid.
98. Changuion, 1975, p. 99.
99. Changuion, 1975, p. 101.
100. Loots, 1954, p. 18.
101. Vgl. Lidmaatregister der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Meru. N.G.K.A., F.
102. Loots, 1954, p. 18.

1905 in Kampfontein aan, waar die ander Afrikaners toe reeds gestaan het.[103]

5.1.6. Die Malantrek

Hierdie trek bestaan uit Jacobus Malan, die leier, en sy drie seuns, Wynand, Jacobus en Ben, asook sy drie skoonseuns, Piet die Wet, John van Schoor en Constant Laubscher.[104] Hulle was almal voorheen lidmate van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk.[105] Diè trekgroep bestaan uit een-en-dertig persone.[106] Hulle het die land op 20 Desember 1906 verlaat.[107] Vroeg in Maart 1907 het hulle op Kampfontein aangekom.[108]

5.1.7. Die Pienaartrek

Gedurende 1907 trek A.A. Pienaar vanaf Broederstroom, Transvaal na Duits-Oos-Afrika.[109] Hierdie groep het die roete vanaf Tanga oor Mombo en Arusha na Kampfontein gevolg.[110] Ook na vele ontberinge slaag hulle daarin om Kampfontein te bereik.[111] A.A. Pienaar, ook voorheen van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk,[112] was die vader van die beroemde skrywer Sangiro.[113]

5.2. Die Trekke na Brits-Oos-Afrika (Kenia)

Gedurende die beginjare van die Afrikaners se trek na Oos-Afrika het Brits-Oos-Afrika min aftrek van hulle geniet.

/30.......

103. Changuion, 1975, p.105.
104. Pieterse, 1946, p.337.
105. Vgl. Lidmaatregister der Nderduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Meru, N.G.K.A.,F.
106. Changuion, 1975, p.107.
107. C.S.842, nr.13973 (8/8683) Slater, S.A.C. 22/2/1906.
108. Changuion, 1975, p.108.
109. C.S.842, nr.13973 (7/8683) Trew, S.A.C. 29/9/1906.
110. C. Rudolph: Op soek na Sangiro. Huisgenoot, 27/9/1974, p.31.
111. Ibid
112. Vgl. Lidmaatregister der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Meru, N.G.K.A.,F.
113. C. Rudolph: Op soek na Sangiro. Die Huisgenoot, 27/9/1974, p.31.

Eers nadat sake tussen hulle en die Duitse owerhede in Duits-Oos-Afrika nie wou vlot nie, is daar met nuwe oë na Brits-Oos-Afrika (Kenia) gekyk.

5.2.1. Die van Bredabroers.

Gedurende 1903 keer W.J. (Bon) van Breda uit Oos-Afrika terug met die doel om sy broers te oorreed om soheentoe te trek. Hy slaag daarin en die drie broers, Bon, Piet en Dirk, verlaat Suid-Afrika gedurende Augustus 1905.[114] Saam met hulle reis Frans Arnoldi en sy seun Edzard om die hoogland van Brits-Oos Afrika te verken met die oog op moontlike verhuising.[115] Die van Bredabroers het op die hooglande noordoos van die Victoria-Nyanzameer 'n plaas van 5000 akker bekom en begin boer.[116] Hulle was die eerste blankes en Afrikaners om grond op die plato, genaamd Uasin Gishu, te bewerk en het ook daar die eerste huise opgerig.[117]

5.2.2. Die Arnolditrek

Frans Arnoldi en sy seun, Edzard, het Brits-Oos-Afrika verken tot by Naivasha, 96 kilometes ten weste van Nairobi. Hulle was so beïndruk dat Frans Arnoldi sy seun daar gelaat het en terug is na Suid-Afrika om sy familie te gaan haal.[118] Gedurende Desember 1905 was Frans Arnoldi terug in Tansvaal en op 8 Februarie 1906 het die trekgroep bestaande uit sewe persone per trein uit Middelburg vertrek.[119] Die trek bestaan

/31.......

114. Frank Arnoldi: Herinneringe, p.18.
115. Loots, 1954, p.17.
116. Ibid.
117. Ibid.
118. Frank Arnoldi: a.w., p.19.
119. Ibid.

uit Frans Arnoldi, voorheen lidmaat van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Bethal,[120] sy vrou, hul twee dogters en hul twee ander seuns, Frank en Bertie, en 'n jong man, John de Waal.[121] Voor die einde van 1906 is hulle in Brits-Oos-Afrika (Kenia) en woon hulle vir 'n tydlank op Naivasha. Vandaar is hulle weswaarts tot by Nakuru waar die latere trekkers hulle ontmoet het. Vroeg in 1907 het die Arnolditrek na Uasin Gishu verhuis om hulle daar te vestig, terwyl Frank Arnoldi agtergebly het om die boerdery te Nakuru te behartig. Fred Loxton het hierdie verhuising meegemaak.[122]

5.2.3. Trekke van Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) Na Brits-Oos-Afrika (Kenia)

Teen die helfte van 1907 was daar reeds oor 'n sewehonderd Afrikaners, groot en klein, in die Arushagebied van Duits-Oos-Afrika teenwoordig. Toestande was egter ver van rooskleurig. Die Afrikaners en van die Duitse amptenary was ontevrede met mekaar.[123] Dit het veroorsaak dat van die Afrikaners reeds gedurende 1906 begin het om oor die grens na Brits-Oos-Afrika (Kenia) te trek.[124] Onder die eerste gelowiges wat die gemeente Meru gedurende daardie jaar verlaat het, was Pieter Joubert, Martiens Engelbrecht[125] en die Bothmas.[126] Later gedurende 1906 het S.P.R.Trichardt, Piet de Wet, Thys le Roux, Koos Malan en Pieter Joubert ook oorgetrek.[127] Gedurende 1907 het Abraham Joubert, die Snymans,

/32.......

120. Vgl. Lidmaatregister der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Meru, N.G.K.A.,F.
121. Loots, 1954, p.17-18.
122. Frank Arnoldi, a.w. p.23.
123. Changuion, 1975, p.119.
124. C.S.842, nr. 13973 (5/8683) Commissioner of Police, 27/9/1906.
125. Changuion, 1975, p.125.
126. Loots, 1954, p.18.
127. Changuion, 1975, p.127.

die Steenkamps en die Potgieters gevolg.[128]

Uit bogenoemde gebeurtenisse kan afgelei word dat 'n ruim aantal gelowige Afrikaners reeds in Brits-Oos-Afrika (Kenia) ingetrek het en hulle oral in die land gevestig het voor 1908.[129]

5.2.4. Die Van Rensburgtrek van 1908

Die grootste trek wat die geledere van die verspreid-wonende gelowiges versterk het, was die van Jan van Rensburg, bestaande uit sewentig gesinne.[130] Changuion stel die aantal gesinne op tussen vyftig en sestig.[131] Die meeste van hierdie gelowiges het uit Oos-Transvaal gekom en het hulle op die plato, Uasin Gishu, gevestig.[132] Onderweg na hul bestemming het Jan van Rensburg daarvoor gesorg dat godsdiensoefeninge gereeld waargeneem is.[133] Die leier, Jan van Rensburg, was voorheen lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk.[134]

5.2.5. Die Laaste Fase 1909-1914

Sake het gedurende die tydperk 1906-1907 in Suid-Afrika ten goede verander. Onder meer het Transvaal en Oranje-Vrystaat selfregering gekry.[135] Ten spyte hiervan en die feit dat dit nou moeiliker vir Afrikaners was om na Oos-Afrika te immigreer, as gevolg van verskerpte immigrasieregulasies, het hulle nog daarheen getrek.[136]

/33.......

128. Loots, 1954, p.19.
129. Ibid.
130. Ibid.
131. Changuion, 1975, bylae 2.
132. Loots, 1954, p.20.
133. Ibid.
134. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 19/8/1908, N.G.K.A.,F., p.3.
135. Changuion, 1975, p.139.
136. Ibid.

5.2.5.1. Die Von Maltitzgroep 1909

Hierdie trekgroep was lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Frankfort, in die Oranje-Vrystaat. Dit het bestaan uit Willem von Maltitz, die leier van die groep, sy vrou, drie volwasse seuns, Piet, Lud, en Albert, 'n jong Kok en Micheal C. Scholtz. Op Oukersaand 1908 het hulle per trein uit die Vrystaat vertrek. Te Lourenco Marques het J.H. Barnard en sy eggenote, voorheen lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Barkly-Oos, by hulle aangesluit. Soos dit met die leiers van die ander trekke die geval was, het Willem von Maltitz op die trekpad gesorg vir die godsdiensoefeninge.[137] Von Maltitz en sy groep het hulle op die Uasin Gishu gevestig, waar hy 'n plaas van drie duisend akkers vir £20.0.0 gekoop het. Kok en Scholtz het albei regeringsplase op erfpag gekry.[138]

5.2.5.2. E.H. de Waal 1909

Eduard Hugo de Waal was Inspekteur-Generaal van Invoerregte van die ou Zuid-Afrikaanse Republiek en het gedurende Oktober 1909 sy seun, John de Waal, na Brits-Oos-Afrika (Kenia) gevolg. Gedurende November 1909 het hy, sy eggenote en drie kinders, voorheen almal lidmate van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, Pretoria, in Brits-Oos-Afrika (Kenia) aange-

/34.......

137. Maie, 1928, p.63.
138. Maie, 1928, p.69.

kom. Te Nakuru het hulle by die Arnoldi's aangesluit en saam het die twee families na Uasin Gishu gereis, waar albei vaders hulle as suksesvolle boere onderskei het.[139]

5.2.5.3. Ander Gesinne 1909 - 1910

Gedurende die jaar 1909 het J.P. Bester en A.A.N. Ortlepp vergesel van hulle gesinne, en almal ook voorheen behorende tot die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Transvaal, in Brits-Oos-Afrika (Kenia) aangekom.[140] Johan Fock en sy vader uit Pretoria, het hulle in Nairobi gevestig. Later het hulle na Kyambu getrek.[141] In dieselfde jaar het Hendrik Davel en sy gesin, ook lidmate van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Transvaal, hulle in Brits-Oos-Afrika (Kenia) gevestig. Uit die Paarl (Kaapkolonie) het die Kramers na Brits-Oos-Afrika (Kenia) getrek.[142] Teen die einde van 1909 het die drie families Engelbrecht, Prinsloo en Joubert, vermoedelik voorheen lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk, uit die distrik Piet Retief, hulle op die Athivlakte as boere gevestig. Later boer hulle te Nakuru.[143] Gedurende Desember 1910 emigreer Hendrik Johannes Wessels en sy vrou saam met Percy Smuts en sy gesin na Brits-Oos-Afrika (Kenia) en gaan boer op Uasin Gishu.[144]

/35.......

---

139. Frank Arnoldi: Herinneringe, p.40,46.
140. S.W.B. Steyn: Persoonlike onderhoud, 10/6/1971. Vgl. Changuion, 1975, p.143
141. Ibid.
142. Ibid.
143. G. Engelbrecht: Persoonlike onderhoud, 14/6/1971. Changuion, 1975, p.143.
144. J.S. Steyn: Persoonlike Onderhoud, 10/6/1971. Vgl. Changuion 1975, F. 143.

5.2.5.4. Die Cloetetrek van 1911.

Na die groot trekke van 1908 was die trekgroep van C.J. Cloete in 1911 die grootste enkele groep trekkers wat na Brit-Oos-Afrika (Kenia) getrek het.[145] Hierdie trek het bestaan uit tien gesinne[146] en hulle was almal welaf boere.[147] Die groep het uit sestig persone bestaan en het aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat behoort.[148] Hulle het hulle ook op die plato Uasin Gishu gevestig.[149]

Gedurende 1912 het Ockert Nel en sy gesin uit Middelburg, Transvaal, na Brits-Oos-Afrika geëmigreer.[149] Ander gesinne wat gedurende hierdie jare na Brits-Oos-Afrika (Kenia) getrek het, is die Dreyers, A.J. Mouton,[150] Gideon van Deventer,[151] A.J.P. Raath, J.A. Welmans, Willem Odendaal,[152] J.B. Steyn en die Kruger-broers,[153] Pieter Willem van der Merwe,[154] en die Kaapse rebel Willem van Blerk.[155]


Volgens Changuion het altesame eenduisend-driehonderd Afrikaners na Oos-Afrika getrek tussen die jare 1904 en 1914.[156]

/36 .....

---

145. Changuion, 1975, p. 144.
146. O.A. 241. Nasko Museum.
147. H.C. 130, no. 456/1/170: Boyd-King - Crewe, 23/7/1908.
148. Vgl. Lidmaatregister der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Vergenoeg. N.G.K.A., F.
149. Huxley, 1957, p. 63.
150. Die Transvaler, 19/7/1957, p. 3.
151. R. Helberg (Mev.) Persoonlike herinneringe. D. Steyn, korrespondensie.
152. P. van Deventer: Persoonlike onderhoud, 15/6/1971. Vgl. Changuion, 1975, p. 146.
153. S.W.B. Steyn: Persoonlike onderhoud, 10/6/1971. Vgl. Changuion, 1975, p. 146.
154. East African Women's League, The, 1962, p. 28.
155. O.A. 161: P.W.A. van der Merwe, Nasko Museum.
156. H. van Deventer (Mev.): Persoonlike onderhoud, 15/6/1971, Vgl. Changuion, 1975, p. 146.

Vestiging van die Afrikaners in Oos-Afrika.



# HOOFSTUK DRIE

## DIE INSTITUERING VAN DIE KERK IN DUITS-OOS-AFRIKA (TANZANIË)

### 1. Inleiding.

Teen Augustus 1905 was die meeste Afrikaners wat Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) hulle bestemming gemaak het, in die land aanwesig.[1] Hulle was saamgetrek om Arusha, die berg Meru, die berg Kilimandjaro en naby Moschi.[2] Sover vasgestel kon word was hulle voorheen lidmate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk.[3] Net soos dit met die Voortrekkers die geval was, het geen predikant ook hierdie trekkers vergesel nie.[4] Hoewel die nuwe inwoners van Arusha en omstreke gelowiges was, het hulle aanvanklik nie tot die instituering van die kerk oorgegaan nie. Hulle was dus vir alle doeleindes sonder 'n geinstitueerde kerk en kerkregering.

Die feit dat die kerk nie geinstitueer is nie, het as gevolg gehad dat die versorging wat Christus in die kerk bied, deur die bediening van die genademiddels, wat Hy aan die instituut verbind het, ontbeer moes word. Daar is egter pogings aangewend om aan die landverhuisers se geestelike behoeftes te voldoen. Van die trekleiers, onder andere P. von Landsberg, het nog te Arusha Sondae in die godsdiensbeoefening voorgegaan.

/37 .......

1. De Vereeniging, Deel IV, nr. 24, 1905, p. 5.
2. Ibid.
3. Vgl. Lidmaatregister van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde gemeentes Meru en Vergenoeg: die Nederduitsch Hervormde gemeentes Arusha en Rensburgrust en die Gereformeerde Kerk Brits-Oos-Afrika.
4. Preller, 1920. p. 135.

Hy het selfs huwelike voltrek volgens die voorgeskrewe kerklike formulier.[5] Ook is vir 'n sondagskool voorsiening gemaak.[6] Wynand J. (Nan) Pretorius, voorheen van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeente Middelburg, Transvaal het die leiding geneem.[7]

2. Die optrede van die Transvaalse Kerk.

2.1. Ds. A.P. Burger se pleidooi.

Lieb J. Loots voer aan dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die vorige eeu agter die Voortrekkers aan beweeg het. Waar hulle hul gevestig het, daar het die Kerk gegaan, omdat die Kerk deel van hulle lewe was. Dit was ook die geval toe Afrikaners na Oos-Afrika verhuis het.[8] Dit is waar dat die aandag van die Kerk van tyd tot tyd gevestig was op die Afrikaners wat buite die grense van hulle Vaderland gewoon het. Pleidooie ten opsigte van hierdie mense is so vroeg as 1904 in De Kerkbode deur A.A. Louw (Jnr) en T.A.T. Louw gelewer.[9] Hierdie eerste stemme wat verneem is, was nie ten opsigte van die verstrooide gelowiges in Oos-Afrika nie, maar wel vir hulle in Rhodesië.[10] Hierdie pleidooie het die Kerk in Suid-Afrika wakker gemaak sodat aan die latere roepstemme uit die verre vreemde gehoor gegee is.

Die eerste stem uit Brits-Oos-Afrika het gekom van 'n lidmaat,

/38 ......

---

5. H. Jacobs: Persoonlike herinneringe, p. 1. Vgl. Chaguion, 1975, p. 151.
6. Ibid.
7. Ibid.
8. Loots, 1954, p. 21.
9. De Kerkbode, Deel XXI, nr.31, 1904, p. 462.
10. Loots, 1954, p. 21.

Willie van Aard, lid van die trekgroep van Martinus Engelbrecht.[11] In 1906 skrywe hy aan die Moderatuur van die Kaapse Kerk om die nood van die Afrikaners in Oos-Afrika onder die aandag van die Kerk te bring. Hy vra dat 'n predikant na die wêreldstreek gestuur word.[12] Ds. A.P. Burger, Nederduits Hervormde of Gereformeerde predikant van Middelburg, was die eerste persoon wat die Transvaalse Kerk se aandag op die geestelike behoefte van die Afrikaners in Duits-Oos-Afrika gevestig het. In 'n brief, of artikel, gedateer 8 Junie 1905, wat in De Vereeniging verskyn het, lewer hy sy pleidooi. Hy skrywe: "het wordt dus tijd dat onze Kerk voorziening make in de geestelijke behoefte dier Voortrekkers."[13] Die onkoste aan hierdie werksaamheid verbonde sou nie meer as £50.0.0 beloop nie. Voorts versoek hy die Moderatuur van die Transvaalse Kerk om aandag aan die saak te gee.[14] In sy herinneringe word niks van hierdie pleidooi gerep nie. Daarin word slegs melding gemaak van die feit dat die Moderatuur 'n leraar na Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) gestuur het nadat berig ontvang is, dat talle Afrikaners 'n tuiste daar gevind het en nie van plan was om na Suid-Afrika terug te keer nie.[15]

2.2 <u>Die Eerste afvaardiging uit die Transvaalse Kerk</u>.

Ds. Burger se pleidooi om kerklike bediening vir die Afrikaners in Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) het goeie vrugte afgewerp. Gedurende Augustus 1905 besluit die Moderatuur van die Transvaalse

/39 ...

11. Vgl. Changuion, 1975, Bylae II.
12. De Kerkbode, Deel XXII nr. 31, 1905, p. 318.
13. De Vereeniging, Deel IV, nr. 24, 1905, p. 5.
14. Ibid.
15. Burger, 1936, p. 212.

Kerk om 'n leraar na die Land te stuur, om die kerklike band met die trekkers te versterk.[16] Die Moderatuur het tot hierdie stap oorgegaan op 'n vergadering te Colesberg, by geleentheid van die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Raad van Kerke.[17] Ds. Burger, een van die Transvaalese afvaardiging by hierdie vergadering, is deur die Moderatuur vir hierdie taak afgevaardig.[18] Hierdie opdrag het hy hom laat welgeval.[19] Die opdrag was dat ds. Burger en ouderling P. Trichardt, ook van Middelburg, die gelowiges wat voorheen tot die Transvaalse Kerk behoort het, asook ander volksgenote in Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) moes besoek. Ds. Burger moes aan hulle die Evangelie verkondig en die Sakremente bedien. Die Moderatuur het verlang dat almal aan wie die brief getoon sou word die afvaardiging op die reis en in die werk sou help en ondersteun.[20] Ds. Burger is gemagtig om alles wat hy nodig geag het vir die geestelike en tydelike belange van die geloofs- en volksgenote te doen. Aan hom is dit oorgelaat om 'n gemeente te stig en skole op te rig.[21] Indien nodig, kon hy met die landsowerhede onderhandel om eiendomme vir kerk en skooldoeleindes te bekom.[22] Ook vervat in die brief, was die versekering van die Moderatuur se belangstelling in die Afrikaners se geestelike en tydelike welvaart. Hulle bede was dat die Here die afvaardiging tot seën vir die Afrikaners sou maak. Hierdie brief is deur Ds.

/40 .......

16. De Vereeniging, Deel IV, nr. 26, 1905, p. 2.
17. Burger, 1936, p. 212.
18. De Vereeniging, Deel IV, nr. 26, 1905, p. 2.
19. Burger, 1936, p. 212.
20. Burger, 1936, p. 213. Die brief van die Moderatuur waarin ds. A.P. Burger se opdrag vervat is, verskyn nie in die Brieweboek van die Scriba Synodi, 1903 - 1908, nie.
21. Ibid.
22. Ibid.

H.S. Bosman en ds. Paul Nel, onderskeidelik voorsitter en skriba van die Moderatuur onderteken. Die skrywe was gedateer 17 Augustus 1905. In 'n voetnota is bygevoeg dat ouderling P. Trichardt, van Middelburg, die reis met ds. Burger meemaak.[23]
Die afvaardiging sou, volgens De Vereeniging, reeds op Maandag 21 Julie 1905 vertrek het.[24] Hulle het eers 'n maand later, op 22 Augustus 1905 na hulle bestemming vertrek. Half-vier die oggend is hulle per trein van Middelburg af weg.[25]
Vanuit Lourenco Marques het ds. Burger berig dat hy trekkers op pad na Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) in die stad ontmoet het. Hierdie volksgenote het in benarde omstandighede verkeer. Die nodige middele het ontbreek om hulle verder te laat gaan of om te laat omdraai.[26] In sy verslag waarsku hy teen die trek-bewegings. Die haglike omstandighede van die Afrikanergesinne te Lourenco Marques moet as waarskuwing dien vir ander wat sommer ligtelik hul vaderland wou verlaat en hulle aan die genade van 'n vreemde volk wou onderwerp. Mense wat wou ver-huis moes eers goed daaroor nadink.[27]
Voordat daar na Duits-Oos-Afrika getrek kon word moes die Kon-sul eers van elke persoon wat as kolonis na hierdie land wou gaan, in kennis gestel word. 'n Bedrag van £20.0.0 per persoon moes by die betrokke Konsulaat gedeponeer word. Wanneer die

/41 .....

23. Ibid.
24. De Vereeniging, Deel V, nr. 4, 1905, p. 3.
25. De Vereeniging, Deel V, nr. 9, 1905, p. 6
26. Ibid.
27. Ibid.

persoon twee jaar in die land was, sou die £20.0.0 aan hom terugbetaal word. Hierdie streng stappe is gedoen om te verhoed dat mense sommer net vir 'n jagtog gaan.[28]

Te Lourenco Marques is ds. Burger deur Generaal J.A. van Zyl opgesoek, wat teen wil en dank 'n inwoner van die hawestad geword het. Hy het dit sy taak gemaak om die Afrikaners op pad na Duits-Oos-Afrika tot hulp te wees. Intussen het hy besluit om sy gewig by die trekkers in te werp.[29] Of hy wel by hierdie besluit gebly het, is te betwyfel, want nêrens is enige aanduiding gevind dat hy na Duits-Oos-Afrika verhuis het nie.

Op Woensdag 23 Augustus 1905 het die afvaardiging Lourenco Marques per skip verlaat. Aan boord was nege Afrikaners.[30]

Te Beira het 'n Rhodesiese Afrikanergesin, wat ook op pad was na Duits-Oos-Afrika, aan boord gekom. Volgens hierdie gesinne was nog meer gesinne uit Rhodesië onderweg.[31] Op Sondag 27 Augustus 1905 het hulle uit Beira gestoom. Die Afrikaners het 'n geleentheid gemaak om hulle vir 'n godsdiensoefening in een van die kajuite af te sonder.[32]

Teen Vrydag 1 September 1905 het hulle Zanzibar bereik. Hier is ses gevalle van Builepes onder die passassiers aangemeld. Dit het veroorsaak dat die skip onder 'n geel vlag die hawe daardie Sondagoggend moes verlaat.[33]

/42 ......

28. Ibid.
29. Ibid.
30. De Vereeniging, Deel V, nr. 9, 1905, p. 7.
31. Ibid., p. 4.
32. Ibid., p. 4.
33. Ibid., p. 4.

Te Dar-es-Salaam is geen besoekers, vanweë die kwarantyn, op die boot toegelaat nie. Gevolglik kon ds. Burger nie sy opdrag uitvoer om die goewerneur, ten bate van die Afrikaners in die noorde van die land, te ontmoet nie. Om die rede het hy 'n brief aan die goewerneur gerig en sy opdrag daarby ingesluit. Die goewerneur het ds. Burger vroeg die volgende oggend, voordat die boot die hawe verlaat het, besoek.[34]

Die goewerneur, Graaf A.von Götzen, vergesel van Graaf von Pfeil, en ds. Burger het die volgende ooreenkoms bereik:

1. 'n Perseel vir 'n kerk word toegestaan, maar die goewerneur is van mening dat die tyd daarvoor nog nie ryp is nie.
2. Die idee van die kerklike gemeenskap geniet die goedkeuring van die goewerneur, mits naburige nedersetters ook daaraan mag behoort.
3. Die regering is bereid om 'n skool, waarvan die voertaal Duits moet wees, op te rig, en 'n onderwyser aan te stel. Privaat skole sal ook toegestaan word, mits die onderwysers te Dar-es-Salaam goedgekeur word.
4. Die Duitse owerheid sal toesig hou oor die skole en geen inmenging van kerkweë duld nie.[35]

/43 ......

34. Ibid., p. 4
35. De Vereeniging, Deel V, nr. 8, 1905, p. 4.

Graaf von Pfeil was 'n ware vriend van en kampvegter vir die Afrikaners. Daarbenewens was hy 'n voorstander van die verhuising van Afrikaners na Duits-Oos-Afrika. Hy het Suid-Afrika goed geken en was al by verskeie geleenthede by die Afrikaners te Kilimandjaro. Hy het met lof van die meeste Afrikaners gepraat.[36]

Dit was sy oorwoë mening dat die Afrikaners aanvanklik nie in groot getalle moes immigreer nie. Daar was tweërlei redes vir hierdie siening; die spoorlyn tussen die kus en die binneland was nog nie voltooi nie; en die hooglande, die mees geskikte plek vir die Afrikaners, het op daardie oomblik nog te min watervoorrade gehad.[37] As gevolg van sy gesprek met Graaf von Pfeil het ds. Burger sy volksgenote, wat wou trek, aangeraai om te wag en die saak eers deeglik te oorweeg.[38]

Op Dinsdag 5 September 1905 het die boot te Mombassa vasgemeer. Die afvaardiging is per trein tot op Voi. Daarvandaan is hulle met 'n eselwa tot in Moschi, aan die voet van Kilimandjaro. Naby Moschi, aan die Hemorivier, het die afvaardiging op die eerste Afrikaners afgekom. Die oue heer de Beer, vroeër van die Soutpansberg, was daar gevestig saam met broeders B. Jordaan en Jakobus Luise en hulle gesinne. Daardie aand het ds. Burger 'n godsdiensoefening waargeneem wat deur twee-en-twintig persone bygewoon is.[39]

/44.......

---

36. Ibid.
37. Ibid.
38. Ibid.
39. De Vereeniging, Deel V, nr.10, 1905, p.7.

Die afvaardiging het ook 'n besoek aan die sendelinge van die Leipzigse Genootskap, wat in die omgewing van Moschi gewerk het, gebring. Dààr het ds. Burger gemerk dat almal, insluitende die vroue en kinders van die sendelinge, besonder gesond daar uit gesien het en nie een van hulle het aan malaria gely nie.[40]

Ds. Burger-hulle het weer te Ngare Olmotonyi Afrikaners raakgeloop. Daar, aan die westekant van die berg Meru, het twaalf Afrikanergesinne gewoon. Die afvaardiging het hul intrek by die heer J. Botha, voorheen van Waterberg, wat alreeds 'n hartbeeshuisie opgerig het, geneem. Die drie Joubertbroers, swaers van President Schalk Burger, en voorheen van Ermelo, het ook in daardie omgewing gebly.[41] Vanaf die eerste dag van sy aankoms het ds. Burger daagliks godsdiensoefeninge gehou, tot op Dinsdag 26 September 1905. Op daardie dag is die afvaardiging drie dae se loop verder om ander Afrikaners aan die noordhelling van die berg te besoek. Die dienste te Ngare Olmotonyi is deur 'n sestigtal gelowiges bygewoon. Aandag is ook deur ds. Burger aan die katkisering van dooplidmate wat begerig was om belydenis van geloof af te lê, gegee.[42]

Op Dinsdag 26 September 1905 is die afvaardiging per oskar na ander Afrikaners wat te Welgemoed in Noord-Meru woonagtig

/45.......

40. De Vereeniging, Deel V, nr.11, 1905, p.8.
41. Ibid, p.9.
42. Ibid.

was, geneem. Daar aangekom moes ds. Burger dadelik met 'n malaria aanval in die huis van die heer Cornelius von Landsberg bed toe gaan. Drie dae lank moes hy in die bed bly.[43] Nadat hy herstel het, het hy aan die werk gespring en vasgestel dat toestande en vooruitsigte vir die Afrikaners nie rooskleurig was nie. Geen een van hulle het tot dusver 'n noemenswaardige oes gemaak nie.[44] Van die ruim honderd trekboere wat in die land was, het slegs vyf-en-twintig reeds plase besit. Die ander was nog swerwers wat na 'n woonplek gesoek het. Kommissies is ook al weswaarts gestuur om hoëveldstreke te gaan ondersoek, dog die verslae was negatief. Van die kommissielede het te Meru geholpe geraak en hulle uit die kommissies onttrek.[45] Vir baie Afrikaners moes dit 'n verwarrende en ontmoedigende tydjie gewees het.

3. Die instituering van die Kerk Meru.

Ten spyte van hierdie ontmoedigende toestande vind 'n vergadering van gelowiges op 30 September 1905 plaas te Welgemoed in Noord-Meru, distrik Arusha, Duits-Oos-Afrika.[46] Die vergadering is alom bekend gemaak en het om elfuur die oggend begin nadat ds. Burger eers om nege-uur elf katkisante, met die oog op belydenisaflegging, ontmoet het.[47] Ds. Burger het die voorsitterstoel in die vergadering beklee en het 1 Kor. 12:12-31 en Efesiërs 4: 1-7 gelees. Na die openingsgebed het hy sy opdrag aan die vergadering voorgelees en die doel van die vergadering bekend gemaak. Daarna het hy die uitslag van sy onderhandelinge met

/46 .......

43. De Vereeniging, Deel V, nr. 12, 1905, p. 6.
44. Ibid, p. 7.
45. Ibid.
46. De Vereeniging, Deel V, nr. 16, 1906, p. 6.
47. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 30/9/1905, N.G.K.A.F, p. 1.

die goewerneur ten opsigte van kerk en skool onder die aanwesiges se aandag gebring.[48]

Ruim vyftig manlike gelowiges, verteenwoordigend van al drie die Afrikaanse Kerke, het die vergadering bygewoon. Alhoewel daar aanvanklik besware geopper is, is daar uiteindelik eenparig besluit om 'n gemeente van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk te stig. Verder is daar besluit om 'n kerkraad van twee ouderlinge en drie diakens in te stel. Tot die amp van ouderling is verkies die broers Gideon Joubert, voorheen van Ermelo, en Adriaan de Lange.[49] Tot diakens is verkies die broeders Johannes Pieter Hellet Landsberg, Johannes Petrus Bothma en Jacobus van Dyk. Dieselfde middag nog, tydens 'n erediens, is die gekose vyftal kerkraadslede in die onderskeie ampte van ouderling en diaken bevestig.[50] By dieselfde geleentheid het agt jongeliede belydenis van geloof afgelê.[51]

Tydens die stigtingsvergadering is ook besluit om dit aan die kerkraad op te dra om met die landsowerheid te onderhandel vir die spoedige oprigting van 'n skool.[52] 'n Kommissie bestaande uit ouderlinge Gideon Joubert en A. de Lange sowel as J.L. Pretorius, 'n gemeentelid, is aangewys om saam met ds. Burger die notule namens die gemeente te teken.[53]

/47 .......

---

48. Ibid.
49. Ibid.
50. Ibid.
51. Ibid.
52. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 30/9/1905, N.G.K.A., F., p. 2.
53. Ibid.

Hierdie eerste kerkraad van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeente Meru het bestaan uit twee lede wat voorheen tot die Transvaalse Kerk behoort het, twee lede wat voorheen lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika was en een lid wat voorheen lidmaat van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was.[54] Ouderling Gideon Joubert en diaken J.P.H. von Landsberg was voorheen lidmate van die gemeentes Ermelo en Middelburg, onderskeidelik van die Transvaalse Kerk.[55]

4. Die Kerk Meru.

Reeds op Sondag 1 Oktober 1905, 'n dag na die eerste kerkraadsvergadering, het die gemeente Meru sy eerste Nagmaal gevier. Dit was bygewoon deur 'n honderd-en-vyftig lidmate. Lang afstande en gebrek aan vervoermiddels het sommige lidmate verhinder om teenwoordig te wees.[56]

Dit was 'n Nagmaal onder bokseile in die woesteny van Afrika. Dit het herinner aan die vroeëre dae in die geskiedenis van die Afrikanervolk. Al die dienste behalwe die vroeë bidstonde, is goed bygewoon. Lidmate het uit alle oorde gekom, sommige te voet. Tydens die dankseggensdiens is elf kinders gedoop.[57] Die eerste gekombineerde Kerkraadsvergadering is die Sondag na die Nagmaal gehou.[58] die doel van hierdie vergadering was om 'n vakature in die kerkraad te vul. Broeder Adriaan de Lange het hom die verkiesing tot ouderling nie laat welgeval nie, maar was tog

/48 ......

54. De Vereeniging, Deel V, nr. 16, 1906, p. 7.
55. Vgl. Lidmaatregister Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Meru, N.G.K.A., F.
56. De Vereeniging, Deel V, nr. 16, 1906, p. 7.
57. Ibid.
58. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad Meru, 1/10/1905, N.G.K.A., F., p. 3.

op die gekombineerde vergadering aanwesig.[59] Nadat ds. Burger, as voorsitter, die reglement van orde voorgelees het en 'n woord van bemoediging gespreek het, is die groslys saamgestel. Broeder J.P. Bothma is as ouderling gekies. 'n Vakature het nou in die geledere van die diakens ontstaan. Broeder J.H. Schoeman is gekies om die vakature te vul. Die vergadering het besluit dat die twee pasgekose ampsdraers die volgende Sondag tydens 'n erediens te Ngare Olmotonyi in die ampte bevestig sou word.[60]

Intussen het ds. Burger en ouderling Trichardt hul huisbesoekprogram voortgesit. Op Dinsdag 3 Oktober 1905 was hulle op reis om die lidmate noord van Meru-berg te besoek. Die meeste lidmate hier was nog in tente gehuisves.[61]

Van Kampfontein af het hulle verder noordwaarts gereis om te Ngare Nanyuki die gesinne van Ignatius Gouws en P. Muller te besoek. Daar het ds. Burger verneem dat sommige lidmate vasbeslote was om na die Belgiese Kongo (Zaire) te verhuis. Dit was die amptenary in Duits-Oos-Afrika wat dit vir die Afrikaners moeilik gemaak het, want die goewerneur en Graaf von Pfeil was hulle goedgesind.[62] Op Saterdag 7 Oktober 1905 het die kerkraad van Meru weer vergader. Hierdie keer het die raad te Ngare Olmotonyi byeengekom. Die kerkraadslede was almal teenwoordig. Nadat ds. Burger, die voorsitter, die broeders J.P. Bothma, nou ouderling en J. Schoeman, diaken, welkom ge-

/49 ......

---

59. Ibid.
60. Ibid.
61. De Vereeniging, Deel V, nr. 12, 1905, p. 7.
62. Ibid.

heet het, het hy drie wetboeke, 'n voorlopige lidmateregister en doopregister en ander benodigde vorms aan die kerkraad oorhandig. Tydens hierdie vergadering is diaken J.P.H. Landsberg as kassier aangestel.[63] Ds. Burger meld aan die vergadering dat hy reeds 179 belydende lidmate en 156 dooplidmate opgespoor en besoek het. 'n Honderd van die dooplidmate is van skoolgaande ouderdom. Op grond van hierdie gegewens het die kerkraad besluit om 'n brief aan die landsowerheid, deur Luitenant Bock van Arusha, te skrywe vir die oprigting van 'n skool te Arusha. Vervat in hierdie brief was ook die versoek dat die onderwyser liefs iemand moes wees wat die Gereformeerde godsdiens bely het.[64] Die kerkraad het ook besluit dat gelde wat tydens die afvaardiging se besoek ingevorder is, aangewend sou word om hul reiskoste te delg.[65] Met die afhandeling van die afvaardiging se taak, het ds. Burger tot die slotsom geraak dat weinig van die gemeentelede heeltemal tevrede was met die omstandighede in Duits-Oos-Afrika. Ten spyte daarvan was daar baie lidmate wat besluit het om hulle permanent in die land te vestig, "en beginnen reeds te werken."[66] Met die vertrek van die afvaardiging het die gemeente bestaan uit omtrent tweehonderd belydende lidmate en eenhonderd-en-sestig dooplidmate. Die huisgesinne wat terug gegaan het Transvaal toe is nie ingereken nie.[67]

/50 .......

---

63. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 7/10/1905, N.G.K.A., F., p. 4 & 5.
64. Ibid.
65. Ibid.
66. De Vereeniging, Deel V, nr. 12, 1905, p. 7.
67. De Vereeniging, Deel V, nr. 17, 1906, p. 7.

## 3.1. <u>Die verhouding met die ander volkere in die land.</u>

Volgens ds. A.P. Burger, was daar naas die Duitsers en Britte, ook nog drie ander noemenswaardige nasies in Oos-Afrika teenwoordig. Eerstens was daar die Swahili's wat veral aan die ooskus en op die eilande Zanzibar en Pemba woonagtig was. Hulle was Moslems al was dit slegs in uiterlike vorm, en dit was "zeer hard" om die christelike geloof en leer aan hulle te verkondig. Met die Swahili-taal kon 'n mens deur die hele land geholpe raak.[68] Tweedens was daar die Masai, die skrik van al die ander volke, wat baie ryk aan beeste en kleinvee was. Hulle was in beide Duits-Oos-Afrika en Brits-Oos-Afrika woonagtig. Met die aankoms van die afvaardiging in Oos-Afrika en tydens die uitvoer van hul taak, was die Masai steeds in opstand. Dit het die kommandant van Arusha genoop om die Afrikaners te waarsku om nie uitmekaar te trek nie, en om gereed vir moontlike aanvalle te wees.[69] Derdens was daar die Indiërs wat die handel beheer het en orals in die land aangetref is.[70]

Die verhoudinge met die Engelse, Swahili's en Indiërs was oënskynlik goed. Met die Duitsers en die Masai was betrekkinge gespanne. Soos reeds verneem, het van die Duitse amptenary en van die Afrikaners nie goed oor die weg gekom nie. Die Masai het betrekkinge met die Afrikaners vertroe-

/51 ......

68. De Vereeniging, Deel V, nr. 14, 1906, p. 6.
69. Ibid.
70. Ibid.

bel deur diefstal van hulle vee.[71] Later is van die Afrikaners ook deur die Masai om die lewe gebring.[72]

4. <u>Die Afvaardiging se verslag aan die Moderatuur van die Transvaalse Kerk</u>.

In sy verslag aan die Moderatuur meld die afvaardiging dat daar slegs enkele gegoede gemeentelede in Duits-Oos-Afrika is. Die meeste lidmate is arm, en sommige het alles op hul reis na Oos-Afrika verloor. Die materiële toestand van die lidmate was swakker as die geestelike.[73] Die afvaardiging het weer op die terugreis, by die Luitenant van polisie te Arusha en die goewerneur te Dar-es-Salaam, in belang van die lidmate gaan besoek aflê. Die uitslag was dat die Luitenant te Arusha opdrag gekry het om die nodige grond vir die oprigting van die kerk en die skool aan die gemeente Meru toe te ken. Die owerheid sou ook behulpsaam wees met die oprigting van die skool en die kerk.[74] Die goewerneur, Graaf von Götzen, het ds, Burger versoek om onderwysers uit Transvaal aan te beveel. Dit moes persone wees wat beide Hollands en Duits magtig was, en wat in die pioniersomstandighede van Duits-Oos-Afrika sou inpas.[75] Ds. Burger se kommentaar op die versoek van die lidmate dat die onderwyser die Gereformeerde leer moes bely, doen´ietwat vreemd aan en is nie in die

/52 .....

---

71. Ibid.
72. De Vereeniging, Deel VIII, nr. 7, 1908, p. 41.
73. De Vereeniging, Deel V, nr. 17, 1906, p. 7.
74. Ibid.
75. Ibid.

gees waarin hy sy taak verrig het nie. Hierdie versoek, sê hy, was in die omstandighede oorbodig omrede godsdiens nie op skool as vak erken is nie.[76]

Ds. Burger het ook die raad van die goewerneur en Graaf von Pfeil in sy verslag aangehaal. Afrikaners moes enige jare wag voordat hulle na Duits-Oos-Afrika sou verhuis. Eers wanneer die spoorweë, wat in aanbou was, voltooi is sou vele ontberinge uitgeskakel wees. Die landsowerheid het ook nie altyd oor die nodige middele beskik om die Afrikaners op die lang en moeisame trekpad behulpsaam te wees nie.[77] Aan die einde van sy verslag maak die afvaardiging melding van die broedergroete van die Merugemeente.[78] 'n Woord van hartelike dank moet dalk hieronder veronderstel word.

Die Masai-opstande in die suide van die land het die terugtog van die afvaardiging verhaas. Die vrees het ontstaan dat dit maklik na die noorde kon versprei. Om die rede het die afvaardiging op Maandag 9 Oktober 1905 die terugreis met 'n oskar aangedurf. Die afvaardiging het met swaar harte van die gemeente afskeid geneem.[79] Op 19 Oktober 1905 het hulle te Mombassa aan boord gegaan en op 31 Oktober 1905, Hervormingsdag, te Lourenco Marques voet aan wal gesit. Op 1 November 1905, na 'n afwesigheid van twee maande en nege dae, was hulle terug in Middelburg.[80]

/53......

76. Ibid.
77. Ibid.
78. Ibid., p.8.
79. Ibid., p.7.
80. Ibid., p.8.

'n Amptelike kennisgewing van die stigting van die gemeente Meru het, sover vasgestel kon word, nie binne die voorgeskrewe tyd in die monstuk van die Transvaalse Kerk, De Vereeniging, of in De Kerkbode verskyn nie. 'n Sydelingse verwysing na die stigting van die gemeente verskyn in 'n berig wat handel oor die aanwysing van die tweede afvaardiging.[81] Eers op 25 Februarie 1909 is die gemeente amptelik onder die Ring van Lydenburg ingedeel.[82]

Met die stigting van die gemeente Meru is die godsdienstige lewe van die eens verstrooide Afrikaners in Duits-Oos-Afrika deeglik georganiseer en georden. Alhoewel sonder 'n vaste predikant, het hulle nou beskik oor 'n kerkregering wat ingerig is volgens die regeringstelsel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos dit in Suid-Afrika in gebruik was.

/54....

81. De Vereeniging, Deel Vl, nr. 5, 1906, p.2.
82. De Vereeniging, Deel Vlll, nr.17, 1909, p.257.

# HOOFSTUK VIER

## DIE TYDVAK WAT DIE INSTITUERING VAN DIE KERK IN BRITS-OOS-AFRIKA VOORAFGEGAAN HET.

### 1. Inleiding.

In sy verslag aan die Moderatuur van die Transvaalse Kerk, het die eerste afvaardiging geen aanbeveling vir voortgesette bediening van die gemeente Meru gedoen nie.[1] Die kerkraad van Meru het ook nie die moontlikheid oorweeg om selfstandig 'n beroep uit te bring nie.[2] Al wat gebeur het is dat daar in beide De Kerkbode en De Vereeniging 'n eensluidende berig verskyn het met die strekking dat 'n predikant onder andere vir Duits-Oos-Afrika dringend nodig word.[3]

Die volgende stap word gedoen deur die kerkraad van Meru. Op die vergadering van 15 Junie 1906 word besluit om die gemeente te pols oor die wenslikheid om na Suid-Afrika te skrywe vir 'n leraar. Die rede vir hierdie stap was om vas te stel watter bedrag die gemeente vir die doel kon bydra.[4] Die uitvloeisel van hierdie besluit was 'n gemeentevergadering te Ngare Olmotonyi aan die huis van ouderling Gideon Joubert. Twee besluite is tydens die vergadering eenparig geneem. Op voorstel van broeders J.P. le Grange en Roets sou waarborglyste in die gemeente gesirkuleer word ten einde vas te stel hoeveel die lidmate kon

/55 ......

1. De Vereeniging, Deel V, nr. 16, 1906, p. 6 & 7. en Deel V, nr. 17, 1906, p. 7 & 8.
2. Vgl. Notulenboek der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 1905 - 1945. N.G.K.A., F.
3. De Kerkbode, Deel XXIII, nr. 10, 1906, p. 205 en De Vereeniging, Deel V, nr. 20, 1906, p. 3.
4. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 15/6/1906, N.G.K.A., F., p. 6.

bydra ter delging van die kostes van 'n besoekende predikant. Daar is ook besluit om deur kollektelyste in die toekoms fondse in te samel.[5]

In die tydvak het die gemeente nog 'n krisis belewe. Die groot verhuising uit die gemeente na Brits-Oos-Afrika het gedurende Januarie 1906 begin. Hierdie verhuising is ingelui met die trek van Abraham Joubert wat saam met die trek van Martinus Engelbrecht oor die grens na Brits-Oos-Afrika is.[6] Daarna het ander Afrikaners gevolg.[7] In 'n skrywe van 27 Junie 1907 meld ouderling Gideon Joubert van Meru dat omtrent die helfte van die lidmate oor die grens na Brits-Oos-Afrika getrek het. Die redes vir hierdie verhuising was die onvriendelike houding van sommige van die Duitse amptenary, en die feit dat van die Afrikaners nie plase kon kry wat na hul sin was nie.[8] In die kerkraadsnotules van Meru is die verhuising van nagenoeg die helfte van die gemeente nie bespreek nie.[9]

Die kerkraad van Meru het om voortgesette bediening deur 'n predikant gevra. In De Vereeniging van 28 Junie 1906 verskyn 'n ope brief, gedateer 1 April 1906, uit die pen van ouderling J.P. Botha. Hy meld dat die gemeente alweer verlang na die dienste van 'n leraar. Hulle harte is brandende om Gods Woord te verneem uit die mond van 'n Evangeliedienaar.[10] Hy lig

/56 .....

---

5. Ibid.
6. Loots, 1954, p. 18.
7. Loots, 1954, p. 19.
8. De Vereeniging, Deel VI, nr. 26, 1907, p. 3.
9. Vgl. Notules, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 1905 - 1945, N.G.K.A., F.
10. De Vereeniging, Deel V, nr. 26, 1906, p. 7.

die sluier ietwat aangaande die toestande in die gemeente. Die eredienste en Sondagskool word gereeld elke Sondag waargeneem. Met die Kersfeesviering te Kampfontein is 'n geseënde tyd belewe en almal is verkwik huis toe.

Ouderling Botha het Leesdienste waargeneem, en sou op 15 April 1906 ten huise van die heer S. Becker 'n diens gelei het. Met die erediens van die eerste Sondag van elke maand is 'n bydrae afgesonder vir die kerkkas en 'n mooi bedrag is op hierdie wyse ingesamel. Hierdie fondse sou aangewend word om die koste van 'n besoekende predikant help delg. Voorts is vyf kinders gebore sedert ds. Burger se vertrek gedurende 1905.[11]

Daar was lidmate van Meru wat wou teruggegaan het Transvaal toe. Een van hulle, Mev. B.J. Jordaan, het op 10 September 1906 aan ds. A.P. Burger geskrywe met die versoek om geldelike steun vir die terugreis.[12] Die rede vir hierdie besluit moet gesoek word in die gesin se omstandighede. Haar man, D.J. Jordaan was ernstig siek aan malaria, sy het so pas herstel van die siekte, en in hulle armoede moes hulle nog die drie Hopleyweeskinders versorg. Mev. Jordaan was boonop bekommerd omdat hulle elf maande oue dogtertjie nog nie gedoop was nie en in hulle omgewing, Ngare Nairobi, was daar geen kerk of skool nie.[13]

Volgens 'n brief uit die pen van 'n naamlose skrywer gedateer

/57 ......

---

11. Ibid.
12. De Vereeniging, Deel VI, nr. 7, 1906, p. 3.
13. Ibid.

18 Augustus 1906, het die lang verwagte onderwyser uiteindelik sy verskyning gemaak. Hy was deur die regering aangestel en sou deur hulle vir een jaar gesalariëer word.[14] Hierdie onderwyser was veronderstel om skole by ouderling Botha en diaken Landsberg op te rig. Teen middel 1907, volgens 'n brief van ouderling Joubert, het hy nog nie sy opwagting by die twee ampsdraers gemaak nie. Daar is verneem dat hy vir 'n paar maande na Jan de Beer aan die Meru-berg sou gaan. Die skoolgebou te Meru-berg was voltooi, maar daar was te min kinders om 'n skool aan die gang te hou.[15] Vir die gemeente Meru, veral die ouers, moes hierdie toedrag van sake terleurstellend en ontmoedigend gewees hrt.

2. Die verwikkelinge vanuit die Transvaalse Kerk.

Die verstrooide Afrikaners in Brits-Oos-Afrika het daarna uitgesien om deur 'n Afrikaanse predikant besoek te word. Willie van Aardt, lid van Martinus Engelbrecht se terkgroep, het gedurende 1906 aan die Moderatuur van die Kaapse Kerk om bedieningshulp geskrywe.[16] Tydens die Sinodesitting van die Transvaalse Kerk gedurende 1906 het 'n skrywe uit Brits-Oos-Afrika, tesame met 'n brief uit die gemeente Meru, gedien waarin 'n besoek deur 'n predikant bepleit is.[17] Hierdie brief uit Brits-Oos-Afrika is geskrywe deur J.M. Bezuidenhout van Nairobi.[18]

/58 ......

14. Ibid.
15. De Vereeniging, Deel VI, nr. 26, 1907, p. 3.
16. De Kerkbode, Deel XXII, nr. 16, 1905, p. 318.
17. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1906, N.G.K.A., 4D, p. 249.
18. Ibid., p. 11.

Hierdie briewe is verwys na die kommissie vir Onderwys, Opvoeding en Arm-Blankes.[19] Die kommissie het aanbeveel dat 'n afvaardiging na Oos-Afrika gestuur moes word. Hierdie aanbeveling het die besluit van die vergadering geword, en aan die Moderatuur is dit opgedra om die afvaardiging aan te wys.[20] Gedurende Julie 1906 het die Moderatuur uitvoering aan hierdie opdrag gegee en ds. Teunissen van Standerton vir die taak aangewys.[21] Die koste van die sending sou £50.0.0 beloop,[22] en die gemeente Meru tesame met die gelowiges in Brits-Oos-Afrika sou die helfte daarvan dra.[23]

Op 20 September 1906 berig de Vereeniging dat ds. Theunissen op 14 Oktober 1906 uit Lourenco Marques (Maputo) sou vertrek. Hy sou enige maande in Oos-Afrika onder geloofsgenote en volksgenote werksaam wees.[24] Op 4 November 1906 was hy in Nairobi.[25] Ds. Theunissen was vergesel van sy eggenote en het die Afrikaners in en om Nairobi besoek. In Brits-Oos-Afrika is in daardie stadium geen kerk gestig nie. Die redes wat vir hierdie stap aangevoer is, is dat die aantal lidmate te min was en omdat daar onsekerheid was waar die Afrikaners hulle permanent sou vestig.[26] Hoewel hy nie alle lidmate kon besoek nie, meld die doop- en lidmateregisters van Vergenoeg gemeente dat ds. Theunissen 'n hele aantal gedoop en

/59.......

19. Ibid., p.249.
20. Ibid.
21. De Kerkbode, Deel XX111, nr.19 en nr.22, 1906, p.397 en p.444 respektiewelik. Vlg. Brieweboek, Scriba Synode, 10/3/1908, p.8, brief aan ds. N.H.C. d.T. Theunissen.
22. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1906, N.G.K.A., 4D, p.134.
23. Ibid., p.249.
24. De Vereeniging, Deel V1, nr.6, 1906, p.2.
25. De Vereeniging, Deel V1, nr.11, 1906, p. 2.
26. De Vereeniging, Deel V1, nr.26, 1907, p.3.

belydenis laat aflê het.[27]

Die Afrikaners in Brits-Oos-Afrika het, in samesprekings met ds. Theunissen, versoek dat 'n jong predikant na hulle gestuur moes word. Dit moes iemand wees wat nie 'n groot gesin gehad het nie en wat hulle vir ten minste ses maande kon besoek. Hulle het om 'n jong leraar gevra omdat alle reise in die gebied te voet, met die donkiekar en ossewa afgelê moes word en dat dit veral vir dames baie uitputtend was.[28]

In die loop van sy besoek aan die Afrikaners in Brits-Oos-Afrika het ds. Theunissen 'n volledige lys van beleydende en dooplidmate opgestel. Toe hy terug gekeer het Suid-Afrika toe, het hy hierdie lys met hom saamgeneem.[29]

In die verslag van die Moderatuur aan die Transvaalse Sinode van 1909 word melding gemaak van ds. Theunissen se besoek aan Oos-Afrika. Dit word genoem dat hy weens die strenge toepassing van die pes-regulasies slegs die Afrikaners in Brits-Oos-Afrika besoek het.[30]

Ds. Theunissen kon slegs besoek bring aan daardie Afrikaners wat al permanent in Brits-Oos-Afrika woonagtig was. Die Afrikaners op die trekpad, en wat reeds binne die grense van die land was, is nie deur hom besoek nie. Al sy pogings om die gemeente Meru, Duits-Oos-Afrika, te besoek het geen vrugte afgewerp nie. Daar kan aangevoer word dat ds. Theunissen ten

/60.........

27. Vgl. Doop- en Lidmaatregisters, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 1908 - 1949, N.G.K.A., F.
28. De Vereeniging, Deel V1, nr.26, 1907, p.3.
29. De Vereeniging, Deel v11, nr.7, 1907, p.110.
30. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1909, N.G.K.A., 4D, p.131.

minste net die kerkraad van Meru per brief in kennis kon gestel het van die ware toedrag van sake. Die feite van die saak is egter dat die grense tussen Brits-Oos-Afrika en Duits-Oos-Afrika vir alle doeleindes gesluit was.

3. <u>Die gelowiges in Brits-Oos-Afrika steeds sonder 'n geïnstitueerde Kerk.</u>

Die Afrikaners van Brits-Oos-Afrika wou 'n sterk band met die Kerk in Suid-Afrika behou. Dit blyk uit 'n brief van broeder P.C. Joubert wat geskrywe is op 9 Januarie 1907. In die heel eerste sin sê hy dat die Afrikaners graag van tyd tot tyd die kerkblad, De Vereeniging, sou wou ontvang. Op die wyse sou hulle op hoogte bly met dit wat"in onze geliefde gemeenten in die Kerk in Zuid-Afrika voorvalt."[31] Om op De Vereeniging in te teken is 'n moeilike saak, want om die intekengeld van vyf sjielings aan te stuur kos byna net soveel as die intekengeld self.[32] In hierdie brief vra hy dat indien 'n predikant gestuur sou word om hulle te bosoek, moet hy Psalm- en Gesangeboeke, Sankeys, Sionsliedere en Katkisasieboeke saambring.[33] In sy omgewing, sê broeder Joubert, handhaaf die Afrikaners die kerklike lewe. Een keer per maand kom hulle bymekaar vir 'n godsdienoefening. Die onderlinge bande van hulpvaardigheid en verdraagsaamheid is sterk, en hulle besoek mekaar gereeld. Sondagskool word elke Sondag op 'n sentraal geleë plek waar-

/61 .........

---

31. De Vereeniging, Deel VI, nr. 14, 1907, p.226.
32. Ibid.
33. Ibid.

geneem. Al die gelowiges sien baie daarna uit om 'n predikant te ontvang. Op alle lippe is die vraag maar altyd: Is daar nog geen berig wanneer 'n leraar sal kom nie? Die antwoord bly altyd 'n teleurstellende nee.[34]

Nagenoeg nege maande later, op 4 September 1907, neem broeder Joubert weer die pen op. In hierdie brief beklemtoon hy die verlange in die gelowiges se hart na 'n besoek deur 'n predikant. Hulle sien daarna uit om nog gedurende die loop van 1907 só 'n besoek te ontvang. Wat die skrywer en al die ander gelowiges hartseer stem is die feit dat die gebrek aan die nodige finansies 'n predikant verhinder om hulle te besoek. Hy meen dat dit die taak van die Moderatuur is om aan die verafgeleë Afrikaners hulp te stuur. Die Gebrek aan die nodige finansies moet nie die struikelblok wees nie. Erens moet 'n predikant in geloof op sien na die Here en sê: Hier is ek. Stuur my. (Jes.6:8)[35]

Broeder P.C. Joubert het ook 'n korrespondensie met ds. Theunissen opgebou.[36] Hy het ook aan ds. A.P. Burger geskrywe maar die brief het onafgelewer teruggekom omdat hy 'n verkeerde adres op die koevert aangebring het.[37] Volgens broeder Joubert was daar heelwat gelowiges wat voorheen tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort het in Brits-Oos-Afrika aanwesig. Daar is nie oor name getwis nie, maar almal sal enige predikant met

/62 .......

34. Ibid.
35. De Vereeniging, Deel VII, nr. 8, 1907, p. 110
36. De Vereeniging, Deel VII, nr. 14, 1907, p. 226.
37. Ibid.

ope arms ontvang wat die suiwere en onvervalsde Evangelie verkondig. Wat nodig was is 'n predikant, "die niet komen om tweedracht te zaaien doch om te vergaderen tot Gods Koninkrijk." Die Afrikaners van Oos-Afrika het bo en behalwe na De Kerkbode, De Vereeniging en die Moderatuur van die Transvaale Kerk, hul toevlug tot ds. A.P. Burger van Middelburg geneem. Die meeste briewe en pleidooie is aan hom gerig.[39] Die nood van die geloofsgenote het hom aangegryp en uit sy pen verskyn daar in De Vereeniging van 19 September 1907 'n pleidooi namens die Afrikaners van Oos-Afrika.[40] Gedurende die jaar 1907 het daar feitlik met elke pos briewe uit Oos-Afrika hom bereik. Elke brief is 'n smeekbrief om 'n besoek deur 'n predikant.[41]

Ds. Burger het dit duidelik gestel dat die Afrikaners in Oos-Afrika tot op daardie stadium aan hulle geloofsoortuiginge getrou gebly het. Gebreke aan belangstelling uit Suid-Afrika kon tot gevolg hê dat die Afrikaners in Oos-Afrika by ander Kerke kon aansluit. Een van die vernaamste redes wat so 'n stap kon veroorsaak was die noodsaaklikheid om in daardie deel van Afrika 'n vreemde taal soos Duits of Engels magtig

/63 ......

---

38. Ibid.
39. De Vereeniging, Deel VII, nr. 6, 1907, p.84
40. Ibid.
41. Ibid.

te wees.[42] Ouers het ook al hoe meer bekommerd geraak oor die groeiende getal ongedoopte kinders. Daar was jong gelowiges wat belydenis van geloof wou aflê. Al hoe meer gelowiges wou daarbenewens Psalm en Gesangeboeke, Katkisasieboeke en skoolboeke hê.[42]

In samevatting kan aangevoer word dat alhoewel ds. Theunissen van die Afrikaners in Brits-Oos-Afrika besoek het, was daar volgens hom, op daardie tydstip te min gelowiges om 'n Kerk te institueer. Die koms van meer Afrikaners na Brits-Oos-Afrika het die stigting van 'n Kerk in hierdie geweste in vooruitsig gestel.

/64 ........

---

42. Ibid.
43. Ibid.

# HOOFSTUK VYF

## 'N BESOEK AAN MERU EN DIE INSTITUERING VAN DIE KERK IN BRITS-OOS-AFRIKA

### 1. Inleiding

Al was ds. Theunissen verhinder om die gemeente Meru te besoek, het die ampsdraers gesorg dat die kerklike lewe in die gemeente sy gang gegaan het. So het ouderling Botha op 27 Januarie 1907 op die plaas van broeder H,J. Schoeman 'n godsdiensoefening waargeneem.[1] Die nuus dat die Ring van Lydenburg besluit het om gedurende die jaar 1907 'n predikant na die gemeente te stuur,[2] het almal met dankbaarheid en blydskap vervul. Met afwagting is daar na sy koms uitgesien.[3] Op 26 Mei 1907 het ouderling S.P.Botha, skriba van die kerkraad van Meru, vanuit Ngare Nanyuki met ds. A.P.Burger per brief in verbinding getree. Hierdie brief is die antwoord van die kerkraad op 'n herderlike skrywe van die Ring van Lydenburg aan die gemeente Meru. Die skriba betuig die dank van die kerkraad en gemeente vir die voortdurende belangstelling in hul geestelike welsyn. Andermaal word die verlange van beide kerkraad en gemeente om deur 'n predikant besoek te word, beklemtoon. Ouderling Botha stel dit duidelik dat die kerkraad Septembermaand as die geskikste tyd vir so 'n besoek ag.[4]

/65 ........

1. De Vereeniging, Deel VI, nr. 20, 1907, p.4.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. De vereeniging, Deel VII. nr.3, 1907, p.35.

Of die antwoord van ouderling Botha op die herderlike brief van die Ring van Lydenburg ook in verband gestaan het met die Ring se besluit om 'n predikant gedurende 1907 na Meru te stuur, is moeilik om af te lei.

Tog het die brief van ouderling Botha reëlings vir die afhaal van sodanige predikant bevat. Hy moes direk na Nairobi, Brits-Oos-Afrika, gaan. Daar sou hy deur broeders Joubert en van Wyk ontmoet word. Vir die terugreis sou broeders Botha en Landberg sorg. Met daardie deel van die kostes wat hulle verantwoordelikheid was, tewete £25.0.0., sou die kerkraad hul bes doen.[5]

2. Die optrede van die Transvaalse Kerk.

Die besluit van die Ring van Lydenburg om 'n predikent na die gemeente Meru te stuur, het nie werklikheid geword nie. Geen predikant kon vir hierdie taak gevind word nie.[6] Ook ds. A.P. Burger se ernstige beroep op predikante om na Meru te gaan het op dowe ore geval.[7]

Dit was die Moderatuur van die Transvaalse Kerk wat weereens in die bresse getree het. Teen die einde van 1907 is die derde afvaardiging, bestaande uit ds. J.H. Theunissen van Standerton en ds. J.M. Louw van Boksburg, deur die Moderatuur gestuur om die gemeente Meru en die gelowiges in Brits-Oos-

/66 ......

5. Ibid.
6. De Vereeniging, Deel VII, nr. 14, 1907, p. 226, en Notule Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Ring van Lydenbrug, 1907, 6M, p. 10.
7. De Vereeniging, Deel VI, nr. 14, 1907, p. 226.

Afrika te besoek. Hulle sou vir etlike maande in Oos-Afrika werksaam wees.[8]

Die afvaardiging het onderling besluit dat ds. Theunissen die gelowiges in Brits-Oos-Afrika sou besoek en drie maande onder hulle sou vertoef. Ds. Louw sou beide die gemeente Meru en die gelowiges in Brits-Oos-Afrika besoek.[9]

Intussen het eerwaarde T.J.A. Maré aangebied om na Oos-Afrika te gaan. Op die vergadering van 6 tot 8 Mei 1908 het die Sinodale Kommissie van die Transvaalse Kerk met dankbaarheid van hierdie aanbod kennis geneem, maar nie daarvan gebruik gemaak nie.[10]

Om die uitgawes van die afvaardiging te dek het die Moderatuur 'n dringende beroep op al die gemeentes van die Transvaalse Kerk gedoen om ten minste £3.0.0. elk vrywillig by te dra. Die vertroue is uitgespreek dat die groot en ryk gemeentes meer sou bydra.[11] Op daardie tydstip was daar een-en-veertig gemeentes in die Transvaalse Kerk, met die uitsondering van Meru.[12] As elke gemeente die minimum van £3.0.0. tot die fonds bygedra het, het die bedrag £125.0.0. beloop.

Die opdrag was dat die afvaardiging die stam- en geloofsgenote in Oos-Afrika moes besoek.[13] Dit het beteken dat die gelowiges wat voorheen tot die Gereformeerde Kerk in Suid-

/67 ......

---

8. Handeligen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1909, 4D, p. 131.
9. De Vereeniging, Deel VII, nr. 14, 1908, p. 283.
10. De Vereeniging, Deel VII, nr. 24, 1908, p. 378, Notule Synodale Commissie, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1908, 4D, p. 9.
11. De Vereeniging, Deel VII, nr. 25, 1908, p. 389.
12. Vgl. Jaarboek van de Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1909, p. 260.
13. Notulen, Synodale Commissie, Nerderduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1908, 4D, p. 9,; De Vereeniging, Deel VII, nr. 25, 1908, p. 389.

Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort het ook deur die afvaardiging besoek moes word.

Die fondse wat deur die Moderatuur vir die afvaardiging in die lewe geroep is, het heelwaarskynlik goeie ondersteuning van die gemeentes geniet. Reeds op 28 Mei 1908 het die afvaardiging uit Lourenco Marques met die boot Adolph Woerman na Oos-Afrika vertrek. Op die reis het die boot die volgende hawens aangedoen: Chinde, die landingsplek van al die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendelinge wat na Nyassaland (Malawi) onderweg was, Zanzibar, Dar-es-Salaam, Tanga, Kilindini en Mombassa. Te Voi in Brits-Oos-Afrika het die afvaardiging se weë, soos vooraf beplan, geskei. Ds. Theunissen het na die gelowiges in Brits-Oos-Afrika gegaan, terwyl ds, Louw na die gemeente Meru gereis het.[14]

2.1. Ds. Louw bedien die gemeente Meru.

Ds. J.M. Louw het in die geselskap van 'n Italiaanse transportryer na sy bestemming vertrek. Die eerste skof van die reis tot by Taveta, op die grens tussen Duits-Oos-Afrika en Brits-Oos-Afrika, het vyf dae geduur.[15]

Die tweede skof tot by Moschi in Duits-Oos-Afrika het twee dae geneem. Hierdie skof is te voet afgelê weens die kwarantyn wat op alle trekdiere geplaas was. Tydens die derde skof van die reis het die geselskap op die twee jongmanne afgekom, wat gestuur was om ds. Louw te ontmoet. In 'n halftent-bokwa

/68 ......

14. De Vereeniging, Deel VIII, nr. 4, 1908, p. 73.
15. Ibid.

agter sestien osse en in die geselskap van die twee flink, jong Afrikaners is hy verder.[16] Hy was haastig om by die eerste lidmate van Meru uit te kom en elf-uur daardie nag het hy die lidmate te Ngare Nairobi opgeklop. Hierdie plek is omtrent tagtig kilometers van Moschi af geleë.[17]

Ds. Louw het gehoor gegee aan die lidmate se pleidooie om Bybels en Psalm- en Gesangeboeke. Van Moschi af moes vyf draers twee kiste boeke en traktaatjies dra.[18]

Ds. Louw het al die lidmate van Meru besoek. Volgens die statistiek wat deur hom opgestel is, was daar twee-en-vyftig Afrikanergesinne in die gemeente Meru woonagtig. Daar was ook agtien alleenlopers. Voorts was daar drie Afrikanerdogters wat met mans uit ander nasionaleteite getrou het. Die een is met 'n Duitser, die tweede met 'n Siriër en die derde met 'n Jood gehuud.[19]

Op enkele uitsonderings na het al die lidmate van die gemeente aan die voet van die berg Meru gewoon. Die uitsonderings het te Ngare Nairobi, omtrent agt-en-twintig kilometers van Meru af gewoon. Die lidmate het Meru hul tuiste gemaak, omdat die grond dáár vrugbaar was, daar was volop water en die klimaat goed. Op ander plekke in Duits-Oos-Afrika was die malaria te kwaai.[20]

/69 .....

---

16. Ibid.
17. Ibid.
18. Ibid.
19. De Vereeniging, Deel VIII, nr. 9, 1908, p. 138.
20. Ibid.

Vir hom was Meru 'n gemeente wat van vele kerklike en maatskaplike voorregte ontstoke was. Vir sewe weke het hy onder hulle gewerk. Naas huisbesoek en siekebesoek het hy eredienste waargeneem en die Nagmaal- en Doopbediening gehou. Die gemeente het sy werk hoog op prys gestel en oral is hy hartlik ontvang. Die honger en dors na die onvervalsde Evangelie van Jesus Christus by die gemeente was vir hom 'n verkwikking en rede tot diepe dankbaarheid.[21]

Op 4 Julie 1908 het ds. Louw te Weltevrede, Noord-Meru 'n gemeentevergadering gelei. Daar was ongeveer dertig manslidmate, naas die vroue en kinders, teenwoordig asook verskeie gelowiges wat voorheen aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort het. In sy verwelkomingswoord het ds. Louw aan laasgenoemde gelowiges sitting met adviserende stem verleen.[22] Daarbenewens het hy die groete van die Transvaalse Kerk oorgebring.

Kerklike en skoolsake is tydens hierdie vergadering bespreek. Hulle het besluit dat die verkryging van eiendomme vir kerklike en skooldoeleindes vertraag moes word. Die rede was dat vele lidmate nog nie besluit het waar hulle hul in die land permanent sou vestig nie.[23]

Ten opsigte van die onderwys was dit aan ds. Louw opgedra om

/70 .....

---

21. Ibid.
22. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 4/7/1908, p. 11.
23. Ibid.

met die landsowerheid te onderhandel. Die verlange van die vergadering was dat die regering ten minste vir hulle kinders skoolgeboue sou oprig; dat die toesig van die skool in die hande van die ouers sal wees; dat slegs Protestantse leerkragte as onderwysers aangestel sou word en dat benewens Duits ook Hollands in die leerplan ingesluit sou word.[24] Na afloop van die gemeentevergadering het 'n gekombineerde kerkraadsvergadering gevolg. Verskeie persone wat vroeër 'n amp in die Transvaalse Kerk beklee het, was teenwoordig. Hulle was J.C. Malan, voorheen van die gemeente Langlaagte, G.F. Boshoff, voorheen van die gemeente Middelburg en A.A. Pienaar, voorheen van die gemeente Pretoria. Van die dienende ampsdraers was slegs ouderling J.B. van Dyk en diaken Landsberg aanwesig.[25] Die voorsitter, ds. Louw, het daarop gewys dat eersgenoemde drie broeders volgens artikel 175 van die kerkwet[26] eintlik nie tot die gekombineerde vergadering behoort het nie. Hy het gereël dat hulle in die omstandighede as lede van die vergadering geskou sou word. Op daardie tydstip het die gemeente nie oor 'n gekombineerde kerkraad beskik wat getallegewys groter as die gewone kerkraad was nie.[27] Ds. Louw het verduidelik dat die afwykings wat tydens hierdie vergadering toegelaat is nie vir die toekoms as beginsel moes

/71 .......

24. Ibid.
25. Ibid.
26. Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1906, art. 186:'Dienende Kerkeraadsleden, die komen te sorteeren in de nieuw-gestichte gemeente, zullen erkend worden als oud-Kerkeraadsleden van die gemeente. Ook worden als zoodanig erkend de aldaar bij de stichting sorteerende oud-Kerkeraadsleden.'
27. Notulen, Nederduitsch Hervormde of gereformeerde Kerkraad van Meru, 4/7/1908, p. 11

geld nie. Wat betref die verkiesing van ampsdraers moes stiptelik by die kerkwet gehou word. Die vergadering het hom eenparig met hierdie sienswyse vereenselwig.[28]

Oorspronklik het die kerkraad uit vyf lede bestaan.[29] Nou is daar besluit om die kerkraad tot agt lede uit te brei. As ouderlinge is verkies Johannes Petrus Botha. Nicolaas Hendrik Visser en Abel Albert Pienaar. Tot diakens is gekies Jacobus Barend van Dyk, Johannes Pieter Hillet Landsberg, Jan Adriaan Venter, George Frederik Boshoff en Generaal Wijnand Charl Malan.[30]

Ds. Louw het die raad se aandag daarop gevestig dat tydens die stigtingsvergadering van 1905, daar versuim is om volgens artikel 173 van die kerkwet te handel. Volgens hierdie artikel, het ds. Louw gesê, moes die helfte van die lede na 'n dienstyd van een jaar afgetree het. Hierdie versuim is nou reggestel. Die vergadering het besluit dat die volgende lede aan die einde van daardie diensjaar sou aftree: Ouderling J.P. Botha en diakens van Dyk, Landsberg en Venter. Daar is ook gereël dat die pasgekose ampsdraers op 11 Julie 1908 te Ngare Nanyuki in die ampte bevestig sou word.[31]

Die volgende kerkraadsvergadering het op Saterdag 18 Julie 1908 ook te Weltevrede, Noor-Meru plaasgevind. Ds. Louw het vir die laaste maal die voorsitterstoel beklee. Al agt

/72 .......

---

28. Ibid.
29. Ibid.
30. Ibid.
31. Ibid.

die ampsdraers was teenwoordig. Slegs ouderling Botha was nog nie vir die nuwe termyn in die amp bevestig nie, omdat hy op pad van die kus was.[32]

Gedurende hierdie vergadering is die afsterwe van ouderling G.J. Joubert en die moord op diaken J.H. Schoeman bespreek. Die raad het besluit dat ouderling Botha aan die weduwee en gesin van wyle ouderling Joubert die kerkraad se medelye sou oordra. Dieselfde taak ten opsigte van wyle diaken Schoeman se weduwee en gesin is aan ouderling Visser opgedra.[33]

Ds. Louw het die raad se aandag daarop gevestig dat al die notules van die kerkraadsvergaderings in een boek ingeskryf moes word. Voorheen was die notules op los stukke papier geskrywe. Ds. Louw het dit sy werk gemaak om al die vorige notules in 'n notuleboek te skrywe. Ouderling Botha het laat aanteken dat die afskrifte soos vervat in die notuleboek 'n korrekte weergawe van die oorspronklike notule was. Daar is besluit dat al die los stukke paiernotules vernietig moes word.[34]

Tydens die bogenoemde vergadering is Generaal Malan gekies om as skriba te dien. Die kassierswerk is aan ouderling A.A. Pienaar toevertrou.[35]

/73 ....

---

32. Ibid., 18/7/1908, p. 13.
33. Ibid.
34. Ibid.
35. Ibid.

Ten opsigte van die instandhouding van die erediens op Sondae, is besluit dat een gereelde maandelikse godsdiensoefening gehou sou word. Die gemeente is in wyke onderverdeel sodat elke ouderling en diaken 'n eie werkkring sou hê. In die wyke moes ook gereelde godsdiensoefeninge gehou word. Die ampsdraers moes onderling besluit waar en wanneer preekbeurte in die wyk waargeneem sou word. Die maandelikse bidstonde sou op die eerste Woensdag van elke maand plaasvind.[36]

Op finansiële vlak het die raad drie besluite geneem. Eerstens moes die offergawes wat by die dienste opgeneem sou word aangewend word vir barmhartigheidswerk in die gemeente en vir die instandhouding van die erediens.[37] Tweedens is besluit om 'n bedrag van £25.0.0. ter bestryding van ds. Louw se uitgawes aan die Transvaalse Kerk te stuur.[38] Derdens is besluit dat 'n kollekte tydens een van die dienste van die volgende Sondag vir sendingwerk opgeneem sou word.[39]

Op Woensdag 29 Julie 1908 het ds. Louw afskeid geneem van Meru. Maandag 3 Augustus 1908 het broeders P. Nieuwenhuys, S. Botha en Generaal Malan hom op die grens by Taveta besorg. Daarvandaan is hy en Generaal Malan te voet verder tot op Voi, in Brits-Oos-Afrika, waar hy die trein na Nairobi gehaal het.[40]

/74 ......

36. Ibid., p. 14
37. Ibid.
38. Ibid.
39. Ibid.
40. De Vereeniging, Deel VIII, nr. 10, 1908, p. 151-2.

## 2.2. Ds. Theunissen in Brits-Oos-Afrika.

Spoedig na sy aankoms in Nairobi het ds. Theunissen die nodige reëlings getref om eredienste op Sondae waar te neem. Op ses van die sewe Sondae van sy verblyf in Brits-Oos-Afrika het hy godsdiensoefeninge gehou. Die sewende Sondag moes hy in die bed deurbring met 'n aanval van malaria.[41]
Met enkele uitsonderings, het ds. Theunissen al die gevestigde Afrikanergesinne besoek. Oos van Nairobi het hy agt gesinne aangetref en die nodige geestelike arbeid verrig. Nie een van hierdie gesinne het volgens hom. op stoflike gebied vooruitgang getoon nie.[42] Wes van Nairobi het hy sewentien gesinne besoek. Onder hierdie gelowiges het malaria hoogty gevier. Weens die ongesonde klimaat van hierdie omgewing was 'n paar gesinne van voorneme om verder die binneland in te trek.[43]
Die ander Afrikaners, ds. Theunissen meld nie die getalle nie, het te Nakuru gewoon. Slegs twee van hierdie Afrikaner - gesinne het grond besit. Hierdie mense se oë was almal gevestig op die nuwe Kanaan, die Uasin Gishu-plato.[44]
Ds. Theunissen het 'n ondersoek na die hele aangeleentheid ingestel. Hy het vasgestel dat negentig plase reeds uitgesit is en dat nog 'n honderd uitgemeet kan word as daar so 'n groot aanvraag sou wees. Die grootte van plase het gewissel van 1 000 akker tot 5 000 akker.[45]

/75 ........

41. De Vereeniging, Deel VIII, nr. 7, 1908, p.57.
42. Ibid.
43. Ibid.
44. Ibid.
45. Ibid.

Die knoop het by die voorwaardes van die grondbesit gelê. Op die Uasin Gishu kon geen mens grong koop nie. Die plase is uitgegee aan goedgekeurde boere onderworpe aan 'n pagreg van nege-en-negentig jaar. Afrikaners wat 'n plaas van 5 000 akkers wou bekom moes £1 000.0.0 besit. Binne die bestek van vyf jaar moes verbeterings van £500.0.0. aangebring word. By gebrek aan sulke verbeterings sou die eiendom summiet teruggeneem word. Na drie-en-dertig jaar en later ses-en-sestig jaar sou die bewoner verplig wees om vyf persent van die waardasie jaarliks terug te betaal. Hierdie voorwaardes het dit vir die pagter haas onmoontlik gemaak om ooit 'n plaas te besit, aldus ds. Theunissen.[46]

Dit was ds. Theunissen se oorwoë mening dat Afrikaners wat nie finansiël sterk was nie, uit Brits-Oos-Afrika moes wegbly. Boon-op was die Afrikaner as sulks ook nie gewild by die regering van die land nie.[47]

Ten spyte van al hulle probleme het die Afrikaners van Brits-Oos-Afrika, ds. Theunissen gul en haartlik ontvang. Die gasvryheid en liefde wat allerweë aan hom betoon is, was vir hom 'n ware genot. Vier keer het hy die Nagmaal aan belydende lidmate bedien. Elke keer het die ossewaens om die Nagmaalplek hom aan die Transvaal herinner. Met elke godsdiensoefening het die aanwesige gelowiges met volle aandag na die Woord-

/76 ......

46. Ibid.
47. Ibid.

verkondiging geluister. Die was ook vir hom 'n aangrypende ondervinding wanneer die note van die Psalms en Gesange oor die wildernis van Oos-Afrika weerklink het. Ewe aandoenlik was die sing van Halleluja-liedere saans deur die jongmense.[48] Ds. Theunissen moes na sewe weke in Brits-Oos-Afrika weens onvoorsiene verpligtinge tuis na Suid-Afrika terugkeer Tog het hy die noodsaaklikheid van 'n vaste predikant en onderwysers in Brits-Oos-Afirka terdeë besef. Hy het die hoop uitgespreek dat ds. Louw sou kon rapporteer dat 'n selfstandige gemeente in Brits-Oos-Afrika gestig is.[49] Hy het 'n ander saak aangeraak wat later die aandag van die gemeentes in beide Duits-Oos-Afrika en Brits-Oos-Afrika sou geniet. Ds. Theunissen het daarop gewys dat tot op datum weinig sendingwerk onder die tien miljoen anderskleurige inwoners van Oos-Afrika gedoen is.[50]

3. <u>Die institueering van die Kerk Vergenoeg</u>.

Na sy aankoms in Nairobi het ds.Louw dit sy taak gemaak om al die Afrikaners in Brits-Oos-Afrika op te soek. Op hierdie wyse het hy eenhonderd-en-vyftien Afrikanergesinne, met 'n sieletal van seshonder-drie-en-twintig opgespoor en besoek. Al eenhonderd-en-vyftien gesinne was op daardie tydstip woonagtig om die middelpunte Nairobi, Nakuru en Athirivier.

/77 ........

48. Ibid.
49. Ibid.
50. Ibid.
51. De Vereeniging, Deel VIII,nr. 11, 1908, p. 166.

Weinig van hierdie Afrikaners het ds.Louw die indruk gegee dat hulle daar gelukkig en tevrede wes. Hy get dadelik vermoed dat die meeste van hierdie gelowiges hulle uiteindelik op die Uasin Gishuhoogland sou vestig. Baie het verlang om terug Transvaal-toe te gaan. Gebrek aan finansies het die terugkerendes se getal tot drie gesinne beperk.[52]

Ds.:Louw het ten spyte van hierdie rustelose omstandighede sy werk voortgesig. Op Saterdag 29 Augustug 1908 is 'n vergadering van gelowige belê op die plaas van broeder A.F. Arnoldi ses kilometer buite Nakuru. Ses-en-dertig mansgelowiges het die vergadering bygewoon. Onder hulle was enkeles wat voorheen in Transvaal aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika behoort het.[53] Geen vermelding is gemaak van vrouens en kinders wat die vergadering bygewoon **het** nie.

Ds.Louw het as voorsitter van die vergadering opgetree. Hy het die groete van die Transvaalse Kerk oorgedra. Aan die teenwoordiges wat voorheen nie aan die Transvaalse Kerk behoort het nie, is sittingsreg met adviserende stem verleen.[54] Daarna het hy die doel van die vergadering bekend gemaak. Sy amptelike opdrag was om 'n Kerk in Brits-Oos-Afrika te institueer.[55]

/78 .......

52. Ibid.
53. Ibid.
54. Notule, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraak van Vergenoeg, 29/8/1908, p. 1.
55. Ibid.

Al die gelowige wat voorheen aan die Transvaalse Kerk verbonde was, het eenparig besluit om tot gemeentestigting oor te gaan.[56] Die naam van die pasgestigte gemeente was die Nederduits Hervormde of Gereformeerdie gemeente, Vergenoeg.[57] Ds. Louw was verantwoordelik vir die naam want hy het gemeen dat die Afrikaners vergenowg getrek het. "Met deze benaming heeft de stichter uitdrukking willen geven aan de gedachte dat de trekkers toen ver genoeg van de Moederkerk in Zuid-Afrika waren getrokken."[58]

Volgens besluit van die vergadering het die kerkraad uit agt lede bestaan: drie ouderlinge en vyf diakens. Eerdat daar tot die verkiesing van die eerste ampsdraers oorgegaan is, het ds. Louw die betrokke wetsartikel, artikel 173,[59] aan die vergadering voorgelees. As ouderling is Pieter Cornelius Joubert, Willem Jacobus de Beer en Johannes Martinus Bezuidenhout verkies. Die verkose diakens was Willem Christiaan Abraham van Aardt, Anné Frans Arnoldi, Phillippus Lodewikus Malan, Hendrik Frederik Papenfus van der Merwe en Johannes Nicolaas Roets.[60] Aan die einde van die eerste diensjaar sou ouderling Joubert en diakens van der Merwe en Roets aftree.[61]

Broeder Jan Janse van Rensburg, wat eenparig tot die amp van

/79 ......

---

56. Ibid.
57. Ibid.
58. De Kerkbode, Deel XV (Nieuwe Serie) nr. 12, 1924, p. 255.
59. Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1906, art. 173:"De kiezing zal geschiede op de volgende wijze:- (1) Een nominatielijst worde gevormd, (2) Voor al de genomineerde personen worde afzonderlijk gestemd, (3) Het bepaalde getal Kerkeraadsleden worde gevonden uit degenen, die de meeste stemmen op zich hebben vereenigd. (4) Er zal dedelijk geloot worden, wie aan het einde des jaars zullen moeten aftreden."
60. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 19/8/1908, p. 2.
61. Ibid.

ouderling verkies was, het tydens die vergadering bedank. Hy het vroeër tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort en het op daardie stadium nog nie besluit om by die nuutgestigte gemeente aan te sluit nie.[62] Broeder S.C. Smith en sy gesin wat ook voorheen aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort het, het hulle tydens die vergadering by die gemeente aangesluit.[63]

Die grense van die gemeente sou die grense van die grondgebied, wat toe bekend gestaan het as Brits-Oos-Afrika wees.

Ds. Louw sou die Moderatuur versoek om die gemeente by 'n bepaalde Ring in te deel.[64]

By die bevestiging van die ampsdraers het ds. Louw die Woord van die Here uit Markus 14 vers 8 uitgelê en toegepas.[65]

Volgens die notule van die kerkraadsvergadering wat na afloop van die bevestigingsdiens plaasgevind het, is slegs een ouderling, P.C. Joubert, en al die diakens in hul ampte bevestig.[66]

Die werksverdeling het die ampsdraers las gegee. Daar is toe besluit dat hulle te gelener tyd onderling met mekaar oor hierdie saak sou onderhandel.[67]

Diaken A.F. Arnoldi is as eerste skriba en kassier aangewys. Hy sou ook 'n 'Kassaboek' aanlê.[68] Aan ds. Louw is dit opgedra om die Doopregister, die Lidmateregister en die Notuleboek aan te lê.[69]

Skoolsake is ook aan ds. Louw toevertrou. Hy sou met die

/80 .......

62. Ibid.
63. Ibid.
64. Ibid.
65. Ibid., p. 4.
66. Ibid.
67. Ibid.
68. Ibid.
69. Ibid.

betrokke owerhede in Nairobi en Mombassa onderhandel. Sake wat deur hom aangeroer moes word is: die oprigting van skole waar tenminste tien kinders onderrig kon ontvang; die verkiesing van skoolkommissies deur die ouers en die aanstelling van behoorlik gekwalifiseerde onderwysers. Daarbenewens moes hy pleit vir die grondige onderrig in Hollands benewens Engels.[70]

'n Kommissie bestaande uit ds. Louw en diakens van Aardt en Arnoldi is afgevaardig om met die regering oor die aankoop van vaste eiendom te onderhandel. Die kommissie moes poog om 'n plaas van 2000 akkers op die Uasin Gishu te bekom.[71]

Die kerkraad was oortuig daarvan dat 'n vasgestelde bydrae, deur die lidmate, die finansiële stabiliteit van die gemeente sou verseker. Daar is besluit op 'n minimum bedrag van vier roepees per jaar per lidmaat.[72] Al was die gemeente se finansiële toestand ver van gesond af, het die kerkraad besluit om die kollekte van die eerste Nabetragtingsdiens aan die sending onder Israel af te staan.[73]

Tydens die eerste Nagmaal wat die gemeente gevier het, het ds. Louw oor Matteus 28 vers 5 gepreek. Dit was op Sondag 30 Augustus 1908. Hierdie Nagmaal was onder bokseile bedien.[74]

/81 .......

---

70. Ibid., p.5.
71. Ibid.
72. Ibid.
73. Ibid.
74. Theron, 1958, p. 23.

Tussen 1 en 5 September 1908 het ds. Louw hom met huisbesoek besig gehou. Op Sondag 6 September 1908 het hy weer verskeie dienste onder die gebruiklike bokseile waargeneem.[75]

Tussen al sy werksaamhede deur het ds. Louw statistieke van die gemeente opgestel. Volgens hierdie statistieke het die gemeente uit 193 belydende lidmate en 224 dooplidmate op daardie stadium bestaan. Gelowiges wat voorheen aan die Gereformeerde Kerk behoort het was eenhonderd-en-sestien in getal. Gelowiges wat voorheen aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort het se getalle was negentig.[76]

Na drie maande in die gemeente Meru, (Duits-Oos-Afrika) en Vergenoeg, (Brits-Oos-Afrika) het ds. Louw op 21 September 1908 huiswaarts gekeer.[77]

Ds. Louw het nie geskroom om sy standpunt ten op sigte van die trek na Oos-Afrika te stel nie. Hy het dit betreur dat Afrikaners, ryk en arm, na Oos-Afrika getrek het. Hulle vooruitsigte was nie rooskleurig nie, aldus ds. Louw. Intussen was hulle verstoke van vele godsdienstige, maatskaplike en opvoedkundige voorregte. As sommige lidmate dan bywoners moes word, het hy gemeen, dan tog liewer bywoners in hulle vaderland.[78]

Hy was van oordeel dat die regering en die Kerk in Suid-

/82 ......

---

75. Ibid.
76. Ibid.
77. Ibid.
78. De Vereeniging, Deel VIII, nr. 11, 1908, p. 116.

Afrika die trekgees moes teengaan. Daardie persone wat weggetrek het, moes in die vreemde bearbei word om terug te kom. Hy het geglo dat die Kerk in hierdie opsig sy roeping verstaan en nagekom het.[79]

Hy het die vertroue uitgespreek dat die twee gemeentes voortaan gereeld bedien sou word. Daarom het hy aanbeveel dat 'n proponent gevind en georden moes word om vir minstens 'n jaar of twee na die gemeentes te gaan. Hierdie predikant sou hom onder meer met onderwyssake ook moes bemoei.[80]

4. Samevatting.

Samevattend kan dan gekonkludeer word dat die gemeente Meru na 'n tussenpose van drie jaar weer deur 'n predikant besoek is.

Die derde Afvaardiging wat deur die Transvaalse Kerk na Oos-Afrika gestuur is, het ook gesorg vir die institutering van die Kerk in Oos-Afrika. Die kerkregeringstelsel wat deur die Kerk gebruik is, was die regeringstelsel van die Transvaalse Kerk.

Veral in die gemeente Vergenoeg het die lidmate nog nie sover gekom om 'n vaste woonplek te bekom nie.

Dit was duidelik dat albei lede van die afvaardiging, di. Theunissen en Louw, teen die verhuising gekant was. Ds. Louw was van mening dat die Afrikaners in Oos-Afrika uiteindelik na hul vaderland sou terugkeer. Die heersende gedagte by ds. Theunissen was dat alleenlik finansiël-sterk Afrikaners

/83 ......

---

79. Ibid.
80. Ibid., p. 117.

dit na Oos-Afrika moes waag.

Albei lede van die afvaardiging was dit eens dat permanente bediening deur predikante vir die twee gemeentes noodsaaklik was.

Op onderwysgebied was daar baie struikelblokke om uit die weg te ruim. Afrikaner-onderwysers was 'n dringende vereiste. Dit was ds. Theunissen wat die Kerk se aandag op die belangrikheid van sendingwerk onder die plaaslike bevolking van Oos-Afrika gevestig het.

Die gelowiges wat hulle verbintenisse met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wou behou, het in getalle vermeerder. Kerkstigting in albei gevalle was voor die hand liggend.

# HOOFSTUK SES.

## BEDIENING IN OOS-AFRIKA NADER GEREëL.[1a]

### 1. Die Transvaalse Kerk tree weer in.

Die predikantenood van die twee Oos-Afrikaanse gemeentes het die gemoedere van die Kerk in Suid-Afrika gaande gemaak. Die kerkraad van Albertinia, in die Kaapse Kerk, het besluit om 'n "zendeling te zenden naar onze uitgewekenes in Brits-Oos-Afrka."[1] Hierdie besluit is egter nooit uitgevoer nie. In 'n brief van ouderling P.C. Joubert, van die gemeente Vergenoeg, word beklemtoon dat die rondtrekkery van lidmate en die gebrek aan predikante die godsdiens baie laat verwaarloos het.[2] Om hierdie rede moes alles in die stryd gewerp word om 'n predikant vir Meru en Vergenoeg te vind. Die Moderatuur van die Transvaalse Kerk het in daardie tyd vergader om onder andere die verslag van die derde afvaardiging te behandel. Die aanbeveling van die afvaardiging, dat 'n predikant vir minstens 'n volle jaar na Oos-Afrika gestuur moes word, het die besluit van die Moderatuur geword.[3] Onverwyld het die Moderatuur met "den Eerw. Candidaat tot den Heiligen Dienst M.P. Loubser"[4] in verbinding getree. Hy is versoek om die taak in Oos-Afrika op hom te neem, en as predikant na die twee gemeentes te gaan.[5] Hy het hom bereid

/85 ........

---

1a. Ds. M.P. Loubser se boek "Onse Uitgewekene.s.j. Kaapstad." is in die opstel van hierdie hoofstuk nie gebruik nie omdat dit nêrens gevind kon word nie.
1. De Vereeniging, Deel VIII, nr. 12, 1908, p. 179.
2. De Vereeniging, Deel IX, nr. 14, 1909, p. 220.
3. Notulen, Moderatuur der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 3/2/1909, p. 11.
4. Ibid.
5. Handeligen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1909, p. 131.

verklaar om te gaan en is namens die gemeentes Meru en Vergenoeg deur die Moderatuur beroep.[6] Die rede vir hierdie stap was dat dit onwenslik was om 'n ongeordende persoon daarheen te stuur. Boon-op was ds. Loubser haastig om na Oos-Afrika te vertrek.[7]

Op Woensdag, 10 Februarie 1909, is ds. Loubser in die Groote Kerk, Bosmanstraat, Pretoria georden en bevestig as predikant van Meru en Vergenoeg.[8] Die skriba van die Sinode het namens die Moderatuur ds. Loubser tot lid van die Ring van Lydenburg verklaar. Tegelykertyd het hy ds. Loubser tot lid van die Sinode van die Transvaalse Kerk verklaar.[9]

Dit was die taak van die skriba van die Ring van Lydenburg om ds. Loubser tot lid van daardie Ring te verklaar.[10] Die skriba van die Sinode van die Transvaalse Kerk het met hierdie stap oortree.

## 1.1. Die Sinode van die Transvaalse Kerk neem 'n besluit.

Die Sinode van 1909 het die werk van die derde afvaardiging op prys gestel en hulle namens die Kerk bedank.[11]

In sy verslag aan die Sinode het die Moderatuur die vergadering versoek om hulle handelswyse rondom die beroep en bevestiging van ds. Loubser goed te keur. Ter verduideliking

/86 ......

6. Ibid.
7. Ibid.
8. De Vereeniging, Deel VIII, nr. 17, 1909, p. 260.
9. Ibid., p. 257.
10. Vgl. Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1906, art. 92.
11. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1909, p. 131.

het die Moderatuur aangevoer dat die omstandighede buitegewoon was. Voorts het hulle aangevoer dat hulle oortuig is dat ds. Loubser volgens die Wette en Bepalinge van die Transvaalse Kerk nie lid van die Sinode kon word nie. Derhalwe het hulle die Sinode geadviseer om aan ds. Loubser sittingsreg met adviserende stem te verleen. Ten slotte het hulle die Sinode versoek om aan ds. Loubser opdrag te gee om in Duits-Oos-Afrika en Brits-Oos-Afrika as kosulent van die twee gemeentes te gaan werk.[12]

Die Sinode het langdurige besprekinge rondom die beroep en bevestiging van ds. Loubser deur die Moderatuur gevoer. Die standpunte was wyd uiteenlopend. Sommige sprekers was van mening dat die Moderatuur goeie reg gehad het om op te tree soos hulle gedoen het. Ander was van mening dat die Ring van Lydenburg waarby die twee gemeentes ingedeel is, 'n konsulent vir die twee gemeentes moes aanwys. Die konsulent kon ds. Loubser dan versoek om die konsulentswerk in die twee gemeentes te doen.[13]

Tydens die derde sittingsdag het die predikante van Klerksdorp en Makwassie 'n voorstel ingedien wat deur die vergadering aanvaar is. Hierdie besluit lui soos volg: Die sinode keur die werk wat deur die Moderatuur gedoen is in verband

/87 .....

12. Ibid.
13. Ibid.

met ds. Loubser se beroep en bevestiging goed. Die Sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie om ds. Loubser spesiaal vir die werk in die twee gemeentes van Oos-Afrika af te vaardig. Die Sinode gee opdrag aan die Ringskommissie van die Ring van Lydenburg om so spoedig moontlik 'n konsulent vir die betrokke gemeentes aan te stel. Die Sinode beveel aan dat hierdie konsulent opdrag aan ds. Loubser sal gee om in sy plek die bedieningswerk in Meru en Vergenoeg te verrig.[14]

Volgens die Wette en Bepalinge van die Transvaalse Kerk het die beroeping van predikante geskied deur die Gekombineerde Kerkraad in sitting wat veertien dae van te vore bekend gemaak is.[15] In baie besondere gevalle, en wel op versoek van 'n kerkraad kon die Ring of Ringskommissie met opleg van hande, hulppredikers bevestig.[16] Die Ring het ook die reg gehad om kandidate tot die Heilige Diens vir spesiale werk binne of buite die grense van die Kerk te bevestig met oplegging van hande.[17] Hiervolgens is dit duidelik dat die Moderatuur buite sy bevoegdheid gehandel het met die beroep en bevestiging van ds. Loubser. Die Sinode het die beste van 'n moeilike saak gemaak omdat die Transvaalse kerkregeringstelsel geen voorsiening vir buitegewone gevalle soos die

/88 ......

---

14. Ibid., p. 12
15. Vgl. Wetten en Bepalingen voor het bestuur van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1906, art. 229.
16. Ibid., art. 248.
17. Ibid.,art. 249.

van Meru en Vergenoeg gemaak het nie.

Aan ds. Loubser sou 'n jaarlikse traktement van £325.0.0 betaal word plus reiskoste tot in Oos-Afrika. Hierdie bedrag sou gevind word gedeeltelik uit die Hulpbehoewende Gemeentefonds en gedeeltelik uit bydraes van die gemeentes.[18] Die spesifieke bedrae, wat die drie kontrakterende partye moes voorsien, is nie vasgestel nie.

2. Ds. Loubser en die gemeente Vergenoeg.

Die besluit van die Sinode het die weg vir ds. Loubser gebaan om na die gemeente Meru en Vergenoeg te gaan. Voor sy vertrek uit Transvaal het hy briewe met sy reisplanne aan die twee gemeentes gerig. Hiervolgens sou sy Meru eerste besoek het.[19]

Vroeg in Julie 1909 is ds. Loubser op pad na Oos-Afrika. Te Tanga het hy 'n boodskap ontvang waarin die kerkraad van Meru hom versoek het om eers na Vergenoeg te gaan.[20] Die rede vir hierdie versoek was dat die meeste manslidmate van Meru op daardie tydstip om besigheidsredes uithuisig was.[21] Die kerkraad het 'n ander voorsorgmaatreël getref in hierdie saak toe hulle broeder Willie de Beer van Nairobi versoek het om op die uitkyk vir ds. Loubser te wees.[22]

Op Donderdag 8 Julie 1909 het ds. Loubser in Nairobi aangekom.[23] Hy het sy ontevredenheid met die verandering van reëlings per brief onder die aandag van die kerkraad van Meru gebring.[24]

/89.......

---

18. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1909 p.132.
19. De Vereeniging, Deel 1X, nr.4, 1909, p.58.
20. Ibid.
21. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad Meru, sonder datum, p.17. 58
22. De Vereeniging, deel 1X, nr.4. 1909, p.
23. Ibid.
24. Ibid.

Ds. Loubser en broeder Willie de Beer het dadelik reëlings getref om per fiets al die lidmate in die omgewing van Nairobi te besoek. In die wyl het hy, by die Provinsiale Kommisaris, aansoek gedoen om as huweliksbevestiger aangestel te word. Aan hom is meegedeel dat so 'n aanstelling dalk heel onmoontlik sou wees omdat die Afrikaners so wyd verspreid gewoon het.[25]

Ds. Loubser en ouderling de Beer het al nege gesinne in die wyk Nairobi besoek. Voortaan het ouderling de Beer godsdiensoefeninge op die eerste Sondag van elke maand behartig. Die kerkplek sou wissel tussen sy opstal en die huis van broeder B. Jordaan. Die sondagskool sou ook deur ouderling de Beer waargeneem word.[26]

In die Arhirivierwyk het ds. Loubser agt gesinne besoek. Net drie van heridie agt gesinne was lidmate van die gemeente Vergenoeg. Volgens ds. Loubser was hierdie mense op stoflike gebied swak daaraan toe.[27]

Te Kikobu het ds. Loubser ook agt gesinne aangetref. Drie van hierdie gesinne het op huurplase gebly. Blykbaar was dit net die ou grysaard P. Bekker wat met sy plaas heeltemal tevrede was.[28] Broeder P. Bekker was verantwoordelik vir die maandelikse godsdiensoefeninge. Die kerkplek sou hier ook wissel tussen sy plaaswoning en diè van broeder Jan van der Westhuizen.[29] Te Thika sou Mej. Chrissie Bekker en te

/90.......

---

25. Ibid.
26. Die Vereeniging, deel 1X, nr.17, 1910, p.266.
27. Ibid.
28. Ibid.
29. Ibid.

Kiboku sou Mev. F. Hamman die kinders in die sondagskool onderrig.[30]

Te Nakuru waar die gemeente Vergenoeg destyds gestig is, het ds. Loubser slegs twaalf gesinne aangetref. Die meeste van hulle het langs die Molurivier gewoon, net twee Afrikaners het hier hul eie plase besit.[30] Die ander ses gesinne was òf tydelik gevestig òf in diens van Engelse grondeienaars.[31]

Die ouderling van Nakuru was die bekende broeder P.C. Joubert, die briefskrywer en pleitbesorger van die Afrikaners in Oos-Afrika. Hy was ook op pad na die Uasin Gishu maar het vir tyd en wyl by sy skoonvader, die heer Blignaut, ingewoon.[32]

Te Nakuru het ds. Loubser 'n maandelikse godsdiensoefening en 'n bidstonde onder toesig van ouderling Joubert ingestel. Vanweë die lang afstande tussen die plase kon van 'n georganiseerde sondagskool niks tereg kom nie. Ouerpare moes self in die huissondagskool hulle kinders onderrig.[33]

Die diaken van Nakuru, broeder H. van der Merwe, het so ver van die ander lidmate gewoon dat hy selfs ook nie die Nagmaal kon bywoon nie. Die Ortlepp-gesin is nie deur ds. Loubser besoek nie omdat hy te laat van hulle teenwoordigheid verneem het.[34]

/91......

---

30. Ibid.
31. Ibid., p.267
32. Ibid.
33. Ibid.
34. Ibid.

Van Nakuru af het ds. Loubser oor Londiani, die laaste spoorwegstasie, na Uasin Gishu gegaan.[35] Op 15 Augustus 1909 het hy die eerste godsdiensoefening van Uasin Gishu waargeneem.[36]

Op die Sondag het hy en ds. du Plessis van die Gereformeerde Kerk, wat op besoek in die land was die heel eerste Nagmaal op hierdie voorpos van die Afrikanernasie, bedien.[37]

In die Uasin Gishu-wyk het ds. Loubser ses sondagskole gestig.[38] Op die eerste Sondag van elke maand sou ampsdraers 'n diens en 'n bidstond in die twee wyksdele waarneem.[39] Ds. Loubser was genoodsaak om alle reëlings tot die fynste besonderhede te tref omdat hy gedurig onder die lidmate van die twee gemeentes moes bly beweeg.

Dit was ds. Loubser se strewe om al die lidmate van die gemeente Vergenoeg die geleentheid te gun om aan die Nagmaal deel te hê. Weens die kwarantyn en die afstandsprobleme kon hy op sy eerste rondreis dit nie vermag nie. Die feit dat elke Nagmaal onder bokseile bedien is en omdat dit reëntyd in Oos-Afrika was, het sake vir ds. Loubser aansienlik bemoeilik.[40]

Dit het hom dadelik getref dat die lidmate in die wyk Uasin Gisha almal tevrede, vergenoeg en hoopvol vir die toekoms was. Alles was nog maar in die beginstadium en die lidmate moes

/92.......

35. Ibid.
36. Ibid.
37. Ibid.
38. Ibid.
39. Ibid.
40. Ibid.

eers deur eie ondervinding leer en wys word. Dit was nog die eerste jaar van okkupasie en bestendigheid en sekerheid sou langsamerhand geskied.[41]

2.1. Ds. Loubser en die Onderwys

Op onderwysgebied was toestande in Brits-Oos-Afrika vir ds. Loubser beroerd. Tot op daardie stadium het die landsowerheid hom min bekommer oor die onderwys. Enkele skooltjies is van staatsweë gesubsideer maar die toelaag was onvoldoende. Hierdie skole wes toeganklik vir wit en bruin (Goanese)kinders.[42] By die onderwysowerhede te Nairobi het ds. Loubser sonder sukses gepleit om 'n skool en onderwyser uit Suid-Afrika.[43] Ten spyte van hierdie terugslag het ds. Loubser in sy strewe volhard. Hy het planne bedink en het op die gedagte gekom om 'n kerkskool in Uasin Gishu op te rig. Hy het onder die ouers in die wyk rondgegaan en die saak bepleit. Al sy moeite was vergeefs, want die plan het skipbreuk gely.[44] Ds. Loubser het weereens besin en het op die gedagte gekom om orals in die gemeente klein kerkskooltjies op te rig. Die heel eerste van hierdie kerkskooltjies het op die plaas van die weduwee Engelbrecht verrys. As onderwyseres het mej. Rait opgetree. Hierop is ouers deur die predikant en die kerkraad aangemoedig om hulle kinders daarheen te stuur.[45]

/93 .........

41. Ibid.
42. Ibid.
43. Ibid.
44. Ibid., p. 268.
45. Ibid.

Die klein kerkskooltjies het 'n sukses geblyk te wees. Vervolgens is die tweede kerkskooltjie op die plaas van Abel Erasmus in die lewe geroep. Broeder D. Davel hat as onderwyser opgetree. By hierdie skool het die kinders in die aand onderrig ontvang.[46]

Op sy reis na die gemeente Meru het ds. Loubser die derde kerkskool gestig. Mev. Pretorius 'n opgeleide onderwyseres uit Transvaal het hier die onderrig waargeneem.[47]

Die kerkraad was dit eens met ds.Loubser dat groot onverskilligheid en gebrek aan samewerking ten opsigte van die onderwys van die kinders, by sommige ouers geheers het.[48]

Nog heelwat harde werk op onderwysterrein het vir ds. Loubser, die kerkraad en die gemeente voorgelê. Op die fondament moes net voort gebou word.

## 2.2. Die oprigting van die Bamboeskerk

Ds. Loubser het dadelik die noodsaaklikheid van 'n eie kerkgebou vir die gemeente besef. Sy plan was om 'n kerk te laat oprig in Uasin Gishu, op die plaas van broeder J.(Koos) Prinsloo. Dit kon terselfdetyd as skool dien.[49] Tydens sy besoek aan Meru het die kerkraad 'n gemeentevergadering gehou. Daardie vergadering het besluit dat die diakens deur kollektelyste fondse vir die oprigting van die kerk-

/94 ........

46. Ibid.
47. Ibid.
48. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Grerormeerde Kerkraad van Vergenoeg, 17/10/1910, p.8
49. De Vereeniging, Deel IX, nr. 17, 1910, p.269.

gebou sou insamel.[50]

Ds. Loubser is in sy afwesigheid afgevaardig om namens die gemeente by die Landkantoor te Nairobi om 'n bouperseel aansoek te doen.[51] Die perseel wat die kerkraad in gedagte gehad het was perseel No. 4 van die nuutgeproklameerde dorpsgebied Eldoret.[52] Die Landkantoor wou 'n ander perseel van twee hektaar aan die gemeente afstaan. Ds. Loubser, wat na sy terugkeer van Meru die saak opgeneem het en die Landkantoor kon nie tot 'n ooreenkoms raak nie. 'n Toestand van skaakmat het daarna tussen die Landkantoor en die gemeente ontstaan.[53] Dit het veroorsaak dat die oprigting van die oorspronklike kerkgebou op die lange baan geskuif is.

Daarop het ds. Loubser die kerkraad oortuig om 'n noodkerk op te rig.[54] Daar is besluit dat terwille van die eensgesindheid van die gemeente hierdie noodkerk die enigste plek sou wees waar die Nagmaal en die Doop bedien sou word.[55]

Die noodkerk is ook op die plaas van broeder J. (Koos) Prinsloo opgerig. Die lidmate het goed saamgewerk. Die een het 'n vrag vlas, 'n ander 'n vrag timmerhout en 'n derde 'n vrag bamboes gebring. Een het spykers gegee terwyl 'n ander weer 'n deel van die werk verrig het. Die mure was van bamboes met klei tussen in en die dak was van vlas gemaak.[56]

/95 .......

50. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 17/10/1910, p. 8.
51. Ibid.
52. Ibid.
53. Ibid.
54. Ibid.
55. Ibid.
56. Maie, 1936, p. 76

Die deure en die vensters van die noodkerk was net openings want deure en vensters kon nie bekostig word nie.[57] Die deure en vensters is eers gedurende die jaar 1912 ingesit.[58]

Die kerk het sitplek aan 'n honderd lidmate gebied. Daar was geen banke in die kerk nie en lidmate was genoodsaak om hul stoeltjies saam te bring kerk-toe.[59]

Volgens M.C. Scholtz, 'n lidmaat, was die ingebruikneming van die ruwe 'Voortrekkers-kerkie'[60] 'n plegtige geleentheid. Vir die gemeente was dit die vrug van pogings wat hulle tot eer van die Here aangewend het. Hulle was vervul met 'n gevoel van diepe, eerbiedige dankbaarheid want nou het hulle ook 'n eie plek van aanbidding gehad. Plegtig was ook ds. Loubser se boodskap: Wie volhard tot die einde toe, sal salig word.[61]

## 2.3. Die finansies van die gemeente.

Die finansiële toestand van Vergenoeg het kommer gewek. Die totale inkomste van die gemeente vir 1909 was 333 roepees en 42 sent.[62] Ds. Loubser het besef dat hy op hierdie terein werk gehad het om te doen.[63]

Teen Oktober 1910 was die finansiële omstandighede nog steeds wankelrig en kon die kerkraad slegs 'n kwart van ds. Loubser se reiskoste vereffen.[64] Ds. Loubser het die ampsdraers tot

/96 .......

---

57. Ibid.
58. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 15/1/1912, p. 25.
59. Maie, 1936, p. 76.
60. Maie, 1936, p. 77
61. Ibid.
62. De Vereeniging, Deel IX, nr. 17, 1910, p. 269.
63. Ibid.
64. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 17/10/1910, p. 8.

groter pogings geinspireer deur te wys op die hulpvaardigheid van die Moderatuur en deur te beklemtoon dat die gemeente tot veel beter in staat is. Hierop het die kerkraad besluit dat die diakens die agterstallige dankoffers van die afgelope jaar deur middel van kollektelyste sou insamel.[65] Sake het nie oornag verbeter nie, want met die volgende kerkraadsvergadering het ds. Loubser afstand gedoen van 'n kwart van sy reiskoste omdat die kerkkas boomskraap was.[66]

Die gemeente se finansiële toestand moes intussen steeds 'n bron van kommer gebly het, want gedurende 1911 is besluit om die invordering van die jaarlikse dankoffer tydens November te laat plaas vind.[67] Met die eerste vergadering van 1912 het die kerkraad besluit om die jaarlikse dankoffer van die lidmate van 4 to $7\frac{1}{2}$ roepees te verhoog.[68]

Die finasiële toestand van die gemeente moes toe verbeter het. Tydens die selfde vergadering het die kerkraad besluit om £75.0.0. ter delging van ds. Loubser se salaris aan die Transvaalse Kerk te stuur. Vir die jaar 1913 sou 'n bedrag van nie minder nie as £200.0.0. vir die doel oor betaal word.[69]

2.4. <u>Die geestelike peil van die Gemeente</u>.

Ds. Loubser het gou ontdek dat geen eredienste, bidstonde

/97 .........

---

65. Ibid.
66. Ibid., 7/11/1910, p.13.
67. Ibid., 10/4/1911, p.15.
68. Ibid., 15/1/1912, p.25.
69. Ibid.

en sondagskoel in die gemeente bestaan het nie.[70] Die verspreiding van lidmate in die twee lande, Duits-Oos-Afrika en Brits-Oos-Afrika, was vir hom baie ontmoedigend. Hy het gevoel dat hy niks kon aanpak nie en op niks kon konsentreer nie. Die werkkring was te versnipperd. As die lidmate dan nog in een gemeente saamgetrek was, kon getrag word om iets tot stand te bring, maar nou was daar twee gemeentes om te bedien. Hierdie probleem het ds. loubser 'n gevoel van ondoeltreffendheid gegee.[71] Ds. Loubser het ook agter gekom dat die langdurige afwesigheid van predikante vele kwade dinge in die hand gewerk het. Die gebrek aan geestelike bearbeiding het geestelike verslapping en selfs onverskilligheid in die hand gewerk. Hy het egter vertrou dat die kerk van die Here onder die Afrikaners in Oos-Afrika weer getrou en waardig aan sy roeping sou wees.[72]
Die kerklike verdeedheid onder die Afrikaners van Oos-Afrika het in die omstandigheide ook probleme opgelewer. Hy vra dat die euwel van verdeeldheid nie na die noorde oorgeplant moes word nie.[73] Ds. Loubser wys daarop dat die Afrikaners in Oos-Afrika aan drie fronte moes veg: teen die Engelsman, die Katoliek en die Moslem. Verdeeldheid sou hulle kragte verswak.[74]

/98 .........

---

70. De Vereeniging, Deel IX, nr. 17, 1910, p.268.
71. Ibid.
72. Ibid.
73. Ibid.
74. Ibid.

Al het ds. Loubser die gevoel van ondoeltreffendheid gehad, het sake in die gemeente tog goed gevlot. Die sondagskool is op verskillende plase waargeneem.[75] Gedurende die jaar 1912 het die kerkraad besluit dat die ampsdraers streng toesig oor die sondgskool in die wyke sou hou.[76]

Die kerkraad het ook tug toegepas waar nodig. So is daar aan ds.Loubser opdrag gegee om 'n egpaar ernstig aan te spreek oor onsedelike gedrag voor die huwelik.[77] Aan 'n ander lidmaat wat uit Duits-Oos-Afrika gevlug het, is 'n waarskuwing en vermaning gerig.[78] By 'n ander geleentheid is nog 'n egpaar vermaan oor onsedelike gedrag voor die huwelik.[79]

Barmhartigheidswerk is nie deur die ampsdraers na gelaat nie. In een geval is 'n bedrag van £22.0.0. aan 'n sieke toegeken.[80]

Tydens die eerste kerkraadsvergadering van 1912 is besluit dat daar een keer elke drie maande 'n gesamentlike diens van die wyke in Uasin Gishu in die bamboeskerk gehou sou word.[81]

Reeds in 1910 is die lidmate te Uasin Gishu in twee wyke verdeel.[82]

Ten opsigte van Dingaansdag (Geloftedag) is besluit dat dit waargeneem sou word indien 'n geskikte vergaderplek bekom

/ 99 ........

---

75. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Greformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 10/4/1911, p.15.
76. Ibid., 15/1/1912, p.25.
77. Ibid.,, 17/10/1910, p. 8
78. Ibid.
79. Ibid., 25/11/1911, p. 24
80. Ibid. 15/1/1912, p.25.
81. Ibid.
82. Ibid., 7/11/1910, p.13.

kon word.[83] Die vergaderplek is gou gevind want op 16 Desember 1911 is Dingaansdag in Uasin Gishu plegtig gevier.[84] Soos hierbo verneem is, het die owerheid ds. Loubser nie as huweliksbevestiger aangestel nie. Hy moes toesien dat vyf pare van die gemeente deur die magistraaten in die Engelse Kerk, in die huwelik bevestig word.[85] Die huwelike kon nog kerklik bevestig gewees het; daarvoor was 'n staatsaanstelling nie nodig nie. Blykbaar was ds. Loubser en die kerkraad nie op hoogte van die ware beginsel nie.

2.5. Vergenoeg en die Ring van Lydenburg.

Die gemeente Vergenoeg het geresorteer onder die Ring van Lydenburg.[86] Tot en met die Ringsitting van 1912 het die gemeente geen verteenwoordigers na die jaarlikse ringsitting gestuur nie.[87] Die redes vir hierdie stap kan in die aanvanklike armoede van die gemeente en die groot afstand tussen die gemeente en die Ring van Lydenburg gesoek word.

Tydens die sitting van die Ring gedurende 1910 het die verslag van ds. Loubser oor Vergenoeg gedien. Die konsulent, ds. A.P. Burger, het na die verslag gelees is 'n paar verduidelikings gegee. Die verslag is met dankbaarheid aangeneem. Die skriba is versoek om aan ds, Loubser 'n dankbrief vir die interessante rapport te rig.[88]

/100 ........

83. Ibid.
84. Ibid., 15/11/1911, p.24.
85. De Vereeniging, Deel IX, nr. 17, 1910, p.168.
86. De Vereeniging, Deel VIII, nr. 17, 1909, p. 257.
87. Vgl. Notuleboek 1908–1954 Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg.
88. Handelingen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Ring van Lydenburg, 1910, p.23.

Alhoewel die kerkraad geen verteenwoordigers na die Ring-sitting van 1912 afgevaardig het nie, is al die voltooide ringsvorms en afskrifte van die registers aan die Ring gestuur.[89]

3. <u>Ds. Loubser en die gemeente Meru</u>

Nadat die kerkraad van Meru ds. Loubser versoek het om eers na die gemeente Vergenoeg te gaan,[90] het hulle op 14 Augustus 1909 'n brief aan hom gerig om te verneem wanneer hy die gemeente kon besoek. Reëlings vir sy afhaal en ontvangs is deur die kerkraad getref.[91]

Die eerste besoek deur ds. Loubser binne die grense van Meru het plaasgevind voordat hy deur die kerkraad en gemeente ontvang is. Hierdie besoek het in die wyk Muanza geskeid. Hier het hy die familie van Dolf Minnie bestaande uit drie gesinne en 'n mev. Snyman en haar drie kinders besoek. Ds. Loubser het die nodig geag om by hierdie lidmate aan te dring op 'n positiewe terugkeer tot die geestelike lewe.[92] Hierdie aandrang van ds. Loubser het goeie gevolge gehad. Onder die dooplidmate wat hy later aan die Molurivier, in die gemeente Vergenoeg, gekatkiseer het, tel die twee getroude dogters van Dolf Minnie.[93]

/101 .........

---

89. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Greformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 19/2/1912, p.27.
90. De Vereeniging, Dee IIX, nr. 4. 1909, p. 58: Notulen, Nederduitch Hervormde of Greformeerdie Kerkraad van Meru, sonder datum.
91. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Grerofmeerdie Kerkraad van Meru, 14/8/1909, p. 19.
92. De- Kerkbode, Deel I, nr. 15, 1910, p. 240.
93. De Kerkbode, Deel II, nr. 3, 1911, p. 38.

Nog 'n besoekpunt, Sekengwe, sewe dae se reis ten suide van Muanza, is op daardie reis nie deur ds. Loubser besoek nie omdat dit ongeleë was.[94] Hy moes hom onverwyld na Voi haas ten einde sy afspraak met die afvaardiging van Meru na te kom. Die afvaardiging bestaande uit diakens J.B. van Dyk en J.P.H. Landsberg het ds. Loubser van Voi in Brits-Oos-Afrika tot by Ngare Nanyuki in Duits-Oos-Afrika vergesel. Te Ngare Nanyuki het die lidmate en kerkraad ds. Loubser ontvang en ontmoet. Die kinders was in twee lang rye aan weerskante van die pad op gestel en het hom toegesing: 'Bring my die Ou-Ou Tyding'[95] Met die ontvangs agter die rug het ds. Loubser onmiddelik aan die werk gespring. Hy het dadelik met huisbesoek begin. In die wyk N' Duruma het hy drie huisgesinne besoek. In die wyk het hy by veertien gesinne aangedoen. Hierdie wyk was beskou as die hoofsaamtrekplek van die gemeente omdat daar 'n skool-geboutjie was.[96]

Die wyk Ngare Nairobi het bestaan uit tien gesinne wat almal huisbesoek ontvang het. Ngare Olmotonyi se dertien gesinne is ook deur die predikant besoek. Die twaalf gesinne van Kampfontein het ook aan die beurt gekom vir huisbesoek.[97]

/102 ........

---

94. De Kerkbode, Deel I, nr. 15, 1910, p. 240.
95. Ibid.
96. Ibid.
97. Ibid.

Die vervoermiddel wat ds. Loubser vir sy huisbesoekwerk gebruik het, was Velbroek,[98] 'n donkie.[99]

Ds. Loubser het gevind dat die eredienste, bidstonde en sondagskole wat deur ds, Louw te Ngare Nanyuki aan die gang gesit is, nog voortbestaan het. In die ander wyke het die sondagskole in die slag gebly. Deur ds. Loubser se toedoen is daar nog drie sondagskole in die gemeente gestig. Hy het reëlings getref dat agt kandidate die laer deel van die Bybelkenniseksamen kon skrywe.[100]

Die bidstonde is lank reeds in die ander wyke gestaak, omdat in sommige wyke lidmate daarteen gekant was.[101]

In die wyk Ngare Nanyuki was daar ook nog 'n tak van die Transvaalse Vroue Sending Vereniging wat deur ds. Louw gestig was. Die tak het uit tien ywerige lede bestaan.[102]

Die kerkraad het besluit dat alle werksaamhede in die gemeente onder die leiding van die kerkraad voortgesit moes word.[103]

Ds. Loubser se eerste kerkraadsvergadering in Meru was die gekombineerde vergadering van 31 Januarie 1910.[104] Voorheen het die kerkraad bestaan uit agt lede. Dit is tot ses verminder.[105] Hierdie ses ampsdraers was: ouderlinge A.A. Pienaar, J.P. Botha en N.H. Visser, en diakens J.P.H. Landsberg, J.B. van Dijk en W.C. Malan.[106]

/103 .....

98. Ibid.
99. Loots, 1958, p. 35.
100. De Kerkbode, Deel I, nr. 15, 1910, p. 240.
101. Ibid.
102. Ibid.
103. Ibid.
104. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 31/1/1910, p. 21.
105. Ibid.
106. Ibid.

Tydens die kerkraadsvergadering van 9 April 1912 is ouderling A.A. Pienaar herkies. Diaken W.C. Malan is as ouderling gekies in die plek van ouderling N.H. Visser wat as ouderling en lidmaat bedank het.[107] Die bedanking van broeder Visser was die gevolg van onenigheid tussen hom en sy skoonseun.[108] Diaken G.J. Pretorius is herkies en broeder R.P. Naude is in die plek van W.C. Malan gekies.[109]

Die bywoning van die eredienste deur die lidmate was onbevredigend en die ampsdraers het onderneem om die lidmate tot getroue erediensbywoning aan te moedig.[110]

Ds. Loubser het tydens sy eerste besoek aan die gemeente drie keer die Nagmaal en Doop bedien. Omdat 'n Duitse sendeling reeds drie kindertjies van lidmate gedoop het, het ds. Loubser hom versoek om voortaan alleenlik die sakrament te bedien met die skriftelike toestemming van die kerkraad. Tydens die Julie-Nagmaal het agt jong dooplidmate belydenis van geloof afgelê.[111]

Dit het tyd en geduld geverg om die sondagskool na behore te laat funksioneer. Daarop het die kerkraad besluit om die belangrikheid van die sondagskool by die ouers tuis te bring.[112] Ouderling Pienaar en diaken Landsberg is as katkisasiemeesters

/104 .......

107. Ibid., 9/4/1912, p. 46.
108. Ibid., 9/4/1912, p. 45.
109. Ibid., 9/4/1912, p. 46.
110. De Kerkbode, Deel I, nr. 16, 1910, p. 257.
111. Ibid.
112. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 31/1/1910, p. 23.

aangestel om die veertien-daagse katkisasie vir belydenis-aflegging waar te neem.[113] Hierdie katkisasie het aan huise van die weduwee G. Joubert plaasgevind.[114]

'n Jaar nadat die kerkraad besluit het om die sondagskool in die gemeente in orde te kry, word besluit om met die saak te volhard.[115] Vier maande later kon gerapporteer word dat die katkisasie te Ngare Nanyuki goed vlot.[116]

Gedurende ds. Loubser se bedieningstyd is daar nie weer deur die kerkraad besluite in hierdie verband geneem nie.[117] Dalk is dit tot almal se bevrediging opgelos.

Op die terrein van die openbare sedelikheid het die lidmate 'n heilsame invloed gehad. Hulle fatsoenlike en christelike huislike lewe, aldus ds. Loubser, het die maatskaplike lewe verbeter en verhoog.[118] Tog is drie gevalle van onegte geboortes onder die aandag van die kerkraad gebring en die nodige tughandelinge is in twee gevalle toegepas.[119]

Die kerkraad het ook die nodige barmhartigheidsdiens verrig. Daar is omgesien na 'n weeskind, die meisie de Beer.[120] Hulp ter waarde van £4.0.0. is aan die weduwee G. Joubert verleen.[121]

Volgens ds. Loubser het al die gesinne op enkele uitsonderings

/105 ......

---

113. Ibid., 1/6/1910, p. 30.
114. Ibid., 4/7/1910, p. 34.
115. Ibid., 4/1/1911, p. 35.
116. Ibid., 24/5/1911, p. 37.
117. Vgl. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 1905 - 1945.
118. De Kerbode, Deel I, nr. 16, 1910, p. 257.
119. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 1/6/1910, p. 27 & 29.
120. Ibid., 31/1/1910, p.24.
121. Ibid., 9/4/1912, p. 44.

na, die huisgodsdiens getrou gehou. Sondae wanneer daar geen erediens in die omgewing was nie, het sommige vaders huisdienste vir hulle gesinne waargeneem. Ds. Loubser het die lees van preke by sulke geleenthede aanbeveel.[122]

Ds. Loubser was van mening dat daardie lidmate wat die bidstonde liefgehad en sendingwerk behartig het, geestelik en sedelik sterker was as daardie lidmate wat hierdie werksaamhede nie beoefen het nie.[123]

3.1. Onderwyssake in die gemeente Meru.

As vrug van die bemoeiing op opvoedkundige gebied deur di. Burger en Louw het die Duitse owerheid vir die Afrikanerkinders te Kampfontein 'n skool opgerig. Hierdie skool was puur Duits. Ds. Loubser het teen die vreemde praktyk van verduitsing gewaarsku. Selfs in die sondagskool het kinders al aanhalings en tekste uit die Bybel in Duits voorgedra. Die gevaar wat dit vir die Afrikaner se taal ingehou het, is dadelik besef. Die probleem was dat sommige ouers vrede met die toedrag van sake gehad het en die skool hartlik ondersteun het.[124]

Ds. Loubser het die owerheid te Arusha oor die aangeleentheid gaan spreek. Hy is onverrigtesake terug gestuur. Een van die Duitse sendelinge het die mening verkondig dat die teenwoordigheid en werk van 'n Afrikaner-predikant in Duits-Oos-

/106 ......

122. De Kerkbode, Deel I, nr. 16, 1910, p. 258.
123. Ibid.
124. Ibid. p. 257-8

Afrika volstrek onnodig was. Die Afrikaners moes almal Duits aanleer dan sou die Lutherse Kerk gewillig wees om hulle as lidmate op te neem.[125] Toe hierdie uitlating ds. Loubser se ore bereik het, het hy met hernude ywer vir 'n kerkskool met 'n Afrikaner onderwyser gewerk.[126]

Te Ngare Nanyuki het sake anders verloop. Die lidmate het 'n eie skool, onder toesig van 'n kommissie, opgerig. 'n Gemeente-dogter het tydelik as leerkrag opgetree. In hierdie kerkskool is geen onderrig in Duits gegee nie.[127]

Onder die leiding van ds. Loubser het die kerkraad hom sterk beywer vir die Chritelike Nasionale-Onderwysstelsel.[128] Ds. Loubser het dit steeds betreur dat die lidmate op hierdie terrein nie saamgestaan het nie.[129]

Teen die helfte van die jaar 1911 het die kerkraad nog nie daar in geslaag om 'n onderwyser vir die kerkskool te Ngare Nanyuki te bekom nie. Hulle het die salaris van die onderwyser gewaarborg.[130]

Die kerkraad het besluit om deur bemiddeling van 'n kommissie aansoek te doen by die owerheid om 'n perseel vir die oprigting van 'n nuwe skool.[131] Teen die einde van 1911 is ds. Paul Nel, skriba van die Transvaalse Sinode, genader om fondse in Transvaal in te samel vir die oprigting van 'n geskikte skoolgebou.[132]

/107 ......

---

125. Ibid., p. 258.
126. Ibid.
127. Ibid.
128. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 1/6/1910, p. 31.
129. De Kerkbode, Deel I. nr. 16, 1910, p. 258.
130. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 24/5/1911, p. 37.
131. Ibid.
132. Ibid., 11/10/1911, p. 38.

'n Onderwyser vir Ngare Nanyuki is einde ten laaste in Suid-Afrka bekom. Diaken van Dijk is gestuur om hom af te haal. Die kerkraad het voorlopige reëls vir die skool opgestel.[133] Later is besluit dat die kerkraad van Meru as skoolkommissie sou optree.[134]

3.2. Die finansiële toestand van Meru.

Met ds. Loubser se koms na Oos-Afrika het die lidmate van Meru weinig tot die finansiële instandhouding bygedra. Hy het nie onverskillig hierteenoor gestaan nie. Tog was hy van mening dat die bedieningswerk in die gemeente nie as gevolg hiervan gestaak moes word nie. Die gemeente kon onmoontlik sonder 'n predikant klaarkom.[135]

In so 'n benarde toestand was die kerkkas dat dit nie eens die uitgawes verbonde aan ds. Loubser se ontvangs kon dra nie. Die gemeente se hulp is ingeroep om dit te vereffen.[136]

Gedurende die eerste kerkraadsvergadering, waarvan ds. Loubser as voorsitter opgetree het, op 31 Januarie 1910, het geblyk dat die gemeente se inkomste vir die jaar 1909 die bedrag van £17.0.0. beloop het.[137] Op hierdie vergadering is geen besluit geneem om die bydraes van die lidmate te laat toeneem nie. Die kerkraad was op daardie stadium reeds £50.0.0. ten opsigte van ds. Loubser se traktement agterstallig.[138]

Met die eerste kerkraadsvergadering van die jaar 1911 het die

/108 .......

133. Ibid., 3/1/1912, p. 41.
134. Ibid., 9/4/1912, p. 44.
135. De Kerbode, Deel I nr. 17, 1910, p. 277.
136. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad Meru, 31/1/1910, p. 22.
137. Ibid., 31/1/1910, p. 23.
138. Ibid., 31/1/1910, p. 25.

kerkraad besluit om fondse deur middel van 'n dankfees op 24 Mei 1911[139] te Ngare Nanyuki in te samel.[140] Die opbrengs van die dankfees het £75.0.0. beloop.[141] Die stoflike toestand van die gemeente was nou op gesonde voet want 'n bedrag van £150.0.0. is as bydrae aan kerklike organisasies in Suid-Afrika gestuur.[142]

Die kerkraad het ook nougeset oor die finansies van die gemeente gewaak. Jaarliks moes die kassier verslag doen aan die kerkraad.[143] Jaarliks is ook ouditeure uit eie geledere aangestel om die finansiële boeke van die gemeente na te gaan.[144] Die ouditeure vir die jare 1910-1911 was die diakens J.B. van Dijk en W.C. Malan.[145]

Die verbetering in die gemeente se geldsake was seker rede tot dankbaarheid. Daaruit word afgelei dat die tydperk van aanpassing iets van die verlede was. Die gemeente, alhoewel klein in soverre lidmategetalle betref, was deeglik gevestig in hulle nuwe vaderland. Dit was werklik 'n klein gemeente, want teen 1910 het die gemeente bestaan uit 91 belydende lidmate en 82 dooplidmate. Daarbenewens was daar 38 lidmate wat nog tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wou behoort.[146]

/109 .....

---

139. Ibid., 24/5/1911, p. 37.
140. Ibid.
141. Ibid., 11/10/1911, p. 39.
142. Ibid.
143. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 4/1/1911, p. 35.
144. Ibid.
145. Ibid., 24/5/1911, p. 37.
146. De Kerkbode, Deel I, nr. 15, 1910, p. 241.

## 3.3. Die geestelike peil van die Gemeente.

Dit is te begrype, meen ds. Loubser, dat in 'n land waar christene ontstke is van die gewone voorregte, die geestelike lewe op geen hoë peil kan wees nie. Deur ongereelde bearbeiding het die hongerige en dorstige siele soms swaar gely, terwyl die gebrek aan Bybelonderrig en onderwysing die onkunde welig laat groei het. Indien die geestelike werk wat deur die gemeentelede self onderneem is as barometer geneem word dan was daar baie swak plekke.[147]

Daar was enkele lidmate wat die allerverkeerdste denkbeelde van die betekenis van die bidstonde, die deelname van susters aan die bidstonde, die sendingsaak, die opvoeding van kinders en die eenvoudigste belydenisstukke gehuldig het, aldus ds. Loubser. Daarom is mense wat belydenis van geloof wou aflê deeglik gekatkiseer.[148]

Die meeste lidmate het getrou aan hul belydenis gebly. Dikwels het dit gebeur dat van die Duitse amptenare op Sondae die plase besoek het om met die lidmate sake te bespreek. Die lidmate het dan geweier om op die Dag van die Here sulke sake te bespreek.[149]

Die lidmate het egter hoë waardering gehad vir wat die Transvaalse Kerk in hulle belang gedoen het. 'n Dankbrief is dan ook aan die Moderatuur van die Transvaalse Kerk gestuur.[150]

/110 ......

147. Ibid., Deel I, nr.16, 1910, p. 258.
148. Ibid.
149. Ibid., Deel I, nr. 17, 1910, p. 279.
150. Ibid.

### 3.4. Meru en die Ring van Lydenburg.

Van meet af aan was dit die Ring van Lydenburg wat belangstelling getoon het in die Afrikaners van Duits-Oos-Afrika. Dit was ds. A.P. Burger, uit hierdie Ringsressort, wat by die Transvaalse Kerk gepleit het om die geestelike versorging van genoemde Afrikaners.[151] Deur ds. Burger se bemiddeling is die gemeente Meru op 30 September 1905 gestig.[152]

Eers teen Februarie 1909 is die gemeente amptelik by die Ring van Lydenburg ingedeel.[153] Dit het geskied deur die verskyning van die kerkregtelike vereiste kennisgewing in De Vereeniging.[154] Sedert die stigting van die gemeente het dit nie-amptelik onder die Ring van Lydenburg en die Sinode van die Transvaalse Kerk geresorteer.[155]

Tussen die jare 1905 en 1912 het die kerkraad geen afgevaardigdes na die sitting van die Ring van Lydenburg gestuur nie.[156] Geen redes word vir die stap aangevoer nie.[157] Die armoede waarin die gemeente aanvanklik verkeer het en die afstande kon dit dalk veroorsaak het.

Die kerklike statistiese gegewens is ook nie elke jaar aan die Ring verstrek nie.[158] Ietwat van 'n statistiek is vir die jaar

/111 .....

---

151. De Vereniging, Deel IV, nr. 24, 1905, p. 5.
152. Vgl. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad Meru, 30/9/1905, p. 1-2.
153. Vgl. De Vereeniging, Deel VIII, nr. 17, 1909, p. 257.
154. Ibid.
155. Vgl. Handeligen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1906, 1909.
156. Vgl. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Ring van Lydenburg, 1895-1907, 1908-1916, 1917-1925
157. Vgl. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad Meru, 1905-1945.
158. Vgl. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Ring van Lydenburg, 1895-1907, 1908-1916, 1917-1925.

1909 opgestel. Hiervolgens het die gemeente uit 97 belydende en 91 dooplidmate bestaan. Twee-en-twintig kinders is gedurende daardie jaar gedoop en 7 lidmate het belydenis van geloof afgelê. Twintig kinders het die sondagskool bygewoon terwyl dertig kinders die kerkskool besoek het.[159]

Die predikant van Middelburg is deur die Ring as konsulent van Meru aangewys.[160] Intussen was ds. Loubser, wat reeds beroepe ontvang het na Louis Trichardt[161] en Eendracht[162] en albei bedank het,[163] van plan om gedurende Junie 1912 'n besoek aan Suid-Afrika te bring.[164]

4. Die Gereformeerde Kerk in Brits-Oos-Afrika.

Dit was deel van die taak van die verskeie afvaardigings uit die Transvaalse Kerk om daardie Afrikaners wat voorheen aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika behoort het, te besoek.[165] In beide Duits-Oos-Afrika en Brits-Oos-Afrika is hierdie deel van die opdrag ook uitgevoer.[166]

Teen die jaar 1908 was daar reeds 56 belydende lidmate en 60 dooplidmate wat voorheen aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika behoort het, in Brits-Oos-Afrika teenwoordig.[167] Die onderlinge gesindheid en samewerking tussen die lidmate van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeente Vergenoeg

/112.......

159. De Kerkbode, deel 1, nr.17, 1910, p. 278.
160. De Vereeniging, deel 1X, nr.19, 1910, p.196.
161. De Kerkbode, deel 1, nr.14, 1910, p.293.
162. Ibid, deel 11, nr.45, 1911, p.37.
163. Ibid.
164. Ibid.
165. Ibid. deel 111, nr.19, 1919, p.366
166. Burger, 1936, p. 213.
167. Loots, 1954, p. 23.

en die Gereformeerdes was van die beste. As bewys hiervan kan verwys word na die Nagmaal wat ds. M.P. Loubser saam met ds. H.J.R. du Plessis van die Gereformeerde Kerk bedien het.[168]

Die Gereformeerdes het ook daarna gehunker om deur 'n gereformeerde predikant besoek te word. So gebeur dit dat broeder P.J. Potgieter 'n brief rig aan die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in die Transvaal gedurende 1908. Namens die Gereformeerdes in Brits-Oos-Afrika het hy 'n besoek deur 'n Gereformeerde leraar aangevra.[169]

Die Algemene Vergadering het besluit om aan hom 'n brief van aanmoediging te skrywe.[170] Weens verskillende redes kon die Vergadering nie aan die versoek voldoen nie. Tog het die Vergadering sy blydskap vir die belangstelling en gehegtheid van die Gereformeerdes in Brits-Oos-Afrika aan die Gereformeerde Kerk te kenne gegee.[171]

Gedurende die Algemene Vergadering van 1909 is bekend gemaak dat die Gereformeerdes van Brits-Oos-Afrika ernstig na 'n besoek deur 'n Gereformeerde predikant verlang en dat hulle bereid was om £20.0.0 tot die reiskoste by te dra.[172] Die Vergedering het daarop besluit om 'n kommissie van drie lede te benoem om die nodige inligting in te wen en om na goeddunke

/113.....

---

168. De Vereeniging, deel 1X, nr.17, 1910, p.267.
169. Notulen boek van die Gereformeerde Gemeenten in de Transvaal, Boek V11, 1904 - 1917, p. 126.
170. Ibid, p. 144.
171. Ibid, p.147-147.
172. Ibid, 11/1/1909, sonder numering.

te handel.[173] Die drie kommissielede was: ds. H.J.R. du Plessis en ouderlinge J.J. Smith van Bethal en A.J. de Lange van Middelburg.[174]

Ds. du Plessis het na Brits-Oos-Afrika gereis om die Gereformeerdes aldaar op te soek.[175] Hy het volgens sy opdrag gehandel, 'n gemeente gestig en ampsdraers laat kies. Die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Transvaal het tydens die vergadering van 1910 besluit om die optrede van ds. du Plessis as die intituering van die gemeente te beskou.[176] Die kerk in Brits-Oos-Afrika is deur die vergadering versoek om weer 'n besoek deur 'n predikant aan te vra wanneer hulle oor genoeg fondse beskik het.[177]

Die naam van die Gereformeerde Kerk was: Die Gereformeerde Kerk Brits Oost-Afrika.[178] Die eerste ampsdraers was: broeders P.J. Potgieter en J.J. du Toit as ouderling en broeders F.A. van Niekerk en G.J. Snijman as diakens.[179] Die stigtingsdatum van die kerk was die jaar 1909.[180] Dit is ingedeel by die klassis Lydenburg.[181] Die eerste konsulent van hierdie kerk was ds. S.O. Los.[182] Die kerk het begin met vyf-en-sestig belydende lidmate.[183]

/114......

---

173. Ibid,
174. Ibid.
175. Ibid, 10/1/1910.
176. Ibid.
177. Ibid.
178. Almanak Voor die Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1912. p. 108.
179. Ibid.
180. Ibid.
181. Ibid.
182. Notulen boek van de Gereformeerde Gemeente in de Transvaal. Boek V11, 1904 - 1917, 10/1/1910.
183. Almanak Voor de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1912, p.108.

Omdat daar geen, of baie min, Gereformeerdes hulle in Duits-Oos-Afrika gevestig het,[184] is daar geen Gereformeerde Kerk in daardie land gestig nie.

## 5. Die stigting van die Nederduitsch Hervormde Gemeentes Arusha en Rensburgrust

Gelowiges wat voorheen in Suid-Afrika aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort het en wat bande met daardie Kerk wou behou, het die behoefte aan 'n eie kerk gevoel. Die heer S.A. van Emmenis het reeds op 22 Oktober 1906 in 'n brief aan ouderling D.P.J. van Schalkwyk van Standerton versoek, dat reëlings getref moes word vir die besoek van 'n Hervormde predikant aan Duits-Oos-Afrika.[185]

Hierdie versoek is op die Algemene Kerkvergadering van 12 Julie 1907 voorgelees. Die vergadering het besluit om 'n kommissie aan te stel wat op die saak moes ingaan. Hierdie kommissie het 'n vrywillige-predikant vir Oos-Afrika gevra. Ds. Jac. van Belkum, skriba van die Algemene Vergadering sou met die vrywilliger reëlings in verband met die reiskoste, plek en datum van besoek tref.[186]

Aanvanklik was daar geen reaksie op die omsendbrief waarin om 'n vrywilligerpredikant gevra is nie. Intussen het daar uit

/115......

184. Vgl. Notulen boek Voor de Gereformeerde Gemeenten in de Transvaalse, Boek V11, 1904 - 1917.
185. B.111/6: S.A. van Emmenis - D.P.J. van Schalkwyk, 22/10/1906.
186. B.111/8: Kühn - Van Belkum, 19/4/1910.

Oos-Afrika weer 'n beroep om hulp gekom. Hierdie keer is die Brief aan ouderling A.D.W. Wolmarans van Pretoria gerig.[187] Dit het goeie reaksie ontlok. Op 19 April 1910 het ds. J.J. Kühn van Krugersdorp as vrywilliger na vore gekom.[188] Hy het gedurende September 1910 vergesel van ouderling H.V. van der Merwe, na sy bestemming vertrek. Die reiskoste was voorsien deur die weduwee S.A. Muller.[189]

Die kommissie het eers Duits-Oos-Afrika aangedoen.[190] Op Ngare Olmotonyi is op 2 Oktober 1910 onder leiding van ds. Kühn die Nederduitsch Hervormde gemeente Arusha gestig. By die geleentheid is twee ouderlinge, S.A. van Emmenis en A.S.de Beer en twee diakens J.J. Bekker en J.A. Venter deur die gemeentevergadering vir die pasgestigte gemeente gekies en vermoedelik in hul onderskeie ampte bevestig.[191]

Daarna is ds. Kühn en ouderling van der Merwe na Brits-Oos-Afrika.[192] Op Vrydag 2 Desember 1910 het die oud-lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,[193] 'n paar kilometers buite Eldoret op die plaas van mnr. Jan Janse van Rensburg vergader.[194] Daar het die stigting van die gemeente geskied onder leiding van ds. Kühn. By die geleentheid is twee ouderlinge, Jan Janse van Rensburg en H. Engelbrecht en twee

/116 ......

187. Ibid., 22/7/1910.
188. Ibid.
189. Hervormde Teologiese Studies. Jaargang 20, p. 181.
190. B111/6: Van Emmenis - Van Belkum, 29/31908.
191. Notulenboek, Nederduitsch Hervormde Gemeente Arusha, 1910-1957, p. 201.
192. Hervormde Teologiese Studie, Jaargang 20, p.181.
193. Notulenboek, Nederduitsch Hervormde Gemeente Rensburgrust, p. 333.
194. Ibid.

diakens T.P. Steenkamp en S.C. Smith, gekies. Ook is 'n kassier-diaken, koster en skriba aangewys.[195]

## 6. Samevatting.

In samevatting kan tot die slotsom geraak word dat die Transvaalse Kerk gedurige belangstelling in die geloofsgenote van Oos-Afrika getoon het. Die Moderatuur het namens Meru en Vergenoeg, maar teenstrydig met die wette en bepalinge van diè Kerk, ds. Loubser beroep. Die Sinode van die Transvaalse Kerk van 1909 het die situasie beredder deur te besluit om ds. Loubser as plaasvervanger van die konsulent na Oos-Afrika te stuur.

Ds. Loubser het sy tyd tussen die twee gemeentes verdeel, die gemeentelike lewe in albei georganiseer en die geestelike peil van albei verhoog.

Alhoewel die owerheid geweier het om ds. Loubser as huweliksbevestiger aan te stel, het hy versuim om die huwelike van lidmate kerklik te bevestig.

Dit was van owerheidsweë vir die gemeente Vergenoeg moeilik gemaak om 'n geskikte perseel vir die oprigting van 'n doeltreffende kerkgebou te bekom. Dit het die oprigting van die Bamboeskerk tot gevolg gehad.

/117.......

195. Ibid.

Na 'n swak begin het die finansies van albei gemeentes aansienlik verbeter, veral nadat die gemeentelede gevestig geraak het.

Die stryd op onderwysgebied het tot gevolg gehad dat die kerkskole orals in die gemeentes gestig is. Ook op hierdie terrein was die gemeentes dank aan ds. Loubser verskuldig. Tot en met 1912 het die twee kerkrade nie verteenwoordigers na die sittings van die Ring van Lydenburg gestuur nie.

Die Gereformeerde Kerk Brits-Oos-Afrika is gedurende September 1909 gestig, terwyl die Nederduitsch Hervormde gemeentes Arusha en Rensburgrust gedurende die jaar 1910 gestig is.

/118.....

# HOOFSTUK SEWE

## DIE TWEE KERKE IN BEDIENINGSNOOD

### 1. Die Kerke in Nood

#### 1. 1. Ds. Loubser en die Ring van Lydenburg.

Ds. Loubser was van plan om die Sinode van die Transvaalse Kerk van 1912 in Pretoria by te woon.[1] Weens bedienings-verpligtinge in Meru het hy kort na die Sinodesitting eers in Suid-Afrika aangekom.[2]

Hy het die sitting van die Ring van Lydenburg te Carolina op 15 Februarie 1913 bygewoon. Vanweë die aard van sy opdrag het hy net spreekreg op die Ringsitting geniet. Tweekeer het hy die geleentheid gekry om die vergadering toe te spreek. Hy het op die probleme van die werk in Oos-Afrika gewys en die stryd op onderwysgebied beklemtoon. Die twee gemeentes was, volgens ds. Loubser, nie sterk genoeg om sonder hulp die mas op te kom nie.[3]

Daarop het die Ring besluit om £100.0.0 vir die skoolwese in Oos-Afrika van die Ringsgemeentes in te vorder.[4]

Die predikant van Middelburg is weer as konsulent van Meru en Vergenoeg aangewys.[5]

/119......

1. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1912, p.99.
2. Ibid., p.135
3. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Ring van Lydenburg, 1913, p.3.
4. Ibid., p.14
5. Ibid.

Kort na afloop van die Ringsitting het ds. Loubser 'n beroep as sendingsekretaris van die Transvaalse Kerk ontvang.[6] Ds. Loubser, wie se gesondheid vanweë malaria-aanvalle tydens sy verblyf in Oos-Afrika baie verswak het, het die beroep as sendingsekretaris aanvaar.[7]

1. 2. Die Toestand in die Gemeente Vergenoeg.

Die Transvaalse Kerk het deur middel van die Ring van Lydenburg genoodsaak gevoel, om steeds meer vir die twee gemeentes in Oos-Afrika te doen.[8] Die probleem was die gebrek aan gewillige predikante om die vakatures te vul.

Ouderling P.C. Joubert van Vergenoeg het die geestelike verwaarlosing van die gemeente in 'n brief sterk onder die aandag gebring. Ten tye van die skrywe was die gemeente reeds agtien maande vakant. Ds. Loubser se vertrek het 'n groot leemte in die gemeente veroorsaak. Ouderlingsdienste het nie na wense gevlot nie. Te Uasin Gishu was die laaste erediens op 16 Desember 1912 waargeneem.[9]

By daardie geleentheid was slegs drie ampsdraers teenwoordig sodat die kerkraadsvergadering vanweë die gebrek aan 'n kworum nie kom plaasvind nie. Op 17 Junie 1913 is weer probeer om 'n kerkraadsvergadering te hou, dog slegs twee ampsdraers het opgedaag.[10]

/120......

6. De Kerkbode, deel 1V, nr.11, 1913, p. 222.
7. Ibid., deel 1V, nr.15, 1913, p.327.
8. Ibid., deel 1V, nr.14, 1913, p. 302.
9. Ibid., deel 1V, nr.40, 1913, p.832.
10. Ibid.

Lidmate het die eredienste baie swak besoek. So het maande verloop sonder dat 'n erediens waargeneem is.[11]

Volgens ouderling Joubert was die gemeente te arm om 'n predikant te beroep. Intussen het vyf lidmate van die gemeente na die Gereformeerde Kerk Brits-Oos-Afrika oorgegaan. Dit het gebeur toe 'n predikant van die Gereformeerde Kerk Oos-Afrika besoek het.[12]

Ouderling Joubert het vermeld dat sake in die kerkskole nie na wense was nie. Baie kinders wat kon, woon die skool nie by nie en die meeste van die ander besoek die Regeringskole.[13]

In die slot van sy brief vra ouderling Joubert om voorbidding.[14] In 'n voetnota pleit die Redakteur van De Kerkbode dat 'n leraar tog moet aanbied om ds. Loubser se goeie werk te gaan voortsit. Hy doen ook 'n beroep op ouderling Joubert om getrou te wees en om moed te hou.[15]

1.3. <u>Die toestand in die Gemeente Meru</u>.

Uit die gemeente Meru het die roepstem om hulp opgeklink by monde van Generaal Malan, die skriba van die gemeente. In 'n brief meld hy dat, sedert ds. Loubser se vertrek gedurende Augustus 1912, daar weer twaalf ongedoopte kinders was. Die verlange na 'n predikant was "zeer sterk."[16]

/121 .......

---

11. Ibid.
12. Ibid., p. 833.
13. Ibid.
14. Ibid.
15. Ibid.
16. De Kerkbode, Deel V, nr. 6, 1914, p. 144.

Generaal Malan het vertrou dat die Here een of ander gemeente in Suid-Afrika sou beweeg om hulle leraar vir enkele maande, gedurende 1914, aan Meru af te staan. Die lidmate wat hulle predikante, die bediening van die Woord, die genot van die Heilige Sakramente en hulle Kerk liefhet, sou verstaan hoe sterk die gemeente na hierdie voorregte verlang het.[17]

Generaal Malan het ook beswaar gemaak teen die benaming 'Uitgewekenen.' Die Afrikaners van Oos-Afrika het getrou aan hulle land, volk, taal en kerk gebly. Hulle het hul invloed op die groot samelewing laat geld. Die Regering het hulle daarvan weerhou om, waar dit die Afrikaners raak, byeenkomste op Sondae te hou. Die ander Afrikaners van die land het geweet dat 'n mens nie op die Dag van die Here moes werk nie. Ook op sedelike terrein was groot veranderinge te bespeur. Die Afrikaners van Oos-Afrika was nie uitgewekenes nie maar wel uitgestuurdes.[18]

Op onderwysgebied het dit goed gegaan dank sy die Here en naas Hom ds. Loubser, aldus Generaal Malan. Deur bemiddeling van ds. Paul Nel van Ermelo is 'n onderwyser, Mnr. S.W. van Niekerk van Ceres, Kaapkolonie, verkry. Sy dienstermyn het aan die einde van 1913 verstryk, tog het hy besluit om sy taak voort te sit.[19]

/122 .......

---

17. Ibid.
18. Ibid.
19. Ibid.

Al het die gemeente uit skaars 90 lidmate bestaan, het die gemeentelike werksaamhede steeds voortgegaan. Die gemeente het geglo dat dit die Here is wat hulle só gehelp het en daarom het hulle volhard.[20]

Dingaansdag is op verskillende plekke gevier. Op 17 Desember 1913 het die gemeente 'n suksesvolle basaar gehou. Daar was slegs vyf-en-vyftig volwassenes teenwoordig maar 'n bedrag van £220.0.0. is ge-in.[21]

1.4. Ds. Loubser se pogings om hulp te verleen.

Ds. Loubser, wat hom nog steeds innig verbonde aan die gemeentes Meru en Vergenoeg gevoel het, het pogings aangewend om deur middel van private onderhandelings, 'n predikant en onderwysers vir Oos-Afrika te bekom. In daardie strewe het hy misluk.[22]

Hy het hom nie laat ontmoedig nie en het ander weë beproef. Deur middel van De Kerkbode het hy 'n beroep op belangstellendes gedoen om na vore te kom. 'n Proponent, 'n godsdiensonderwyser en twee ander onderwysers was benodig. Hulle moes bereid wees om vir minstens een jaar in Oos-Afrika te werk.[23]

Ds. Loubser het dit beklemtoon dat die nood aan die man was en dat dié arbeidsveld uiters belangrik was. Die klimaat was heeltemal gesond op die hoëveld. Die voorreg om mee te werk

/123 ....

20. Ibid.
21. Ibid., p. 145.
22. Ibid. Deel V, nr. 5, 1914, p. 119.
23. Ibid.

tot die ontstaan en groei van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die hart van Afrika was groots, heerlik en goddelik, aldus ds. Loubser.[24]

Ds. Loubser het aangebied om alle koste na Oos-Afrika te betaal. Hy het bygevoeg dat die lewe in Oos-Afrika goedkoop was. Die salaris sou tussen £150.0.0. en £200.0.0. wees.[25]

In die voetnota pleit die Redakteur van De Kerkbode dat jongmanne gehoor moes gee aan ds. Loubser se dringende oproep. Die feit dat dit so moeilik was om die nodige arbeiders te vind was rede tot verootmoediging, het hy gevoel.[26]

Ds. Loubser se oproep het vrugte voortgebring. Eerwaarde J.W. Laurenz het hom as godsdiensonderwyser aangebied. Die here P. Pienaar en F. de Villiers, albei predikantseuns, van Somerset-Wes en Worcester onderskeidelik sou as onderwysers na Oos-Afrika gaan.[27]

Omdat geen predikant aangebied het om te gaan nie, het ds. Loubser besluit om weer na sy vorige gemeentes terug te keer. Dit was sy bedoeling om op 23 April 1914 na Oos-Afrika met sy geselskap van vrywilligers te vertrek. Dog tydens 'n konferensie van die Vroue Sending Bond te Prins Albert, het hy ernstig siek geword.[28]

/124 .....

---

24. Ibid.
25. Ibid.
26. Ibid.
27. Ibid.,Deel V, nr. 16, 1914, p. 340.
28. Ibid.

Voor hierdie ernstige siekte, wat hom vir ses weke in die hospitaal gehou het, het hy op vermoeide wyse fondse vir die gemeentes in Oos-Afrika ingesamel. Deur bemiddeling van predikante, kerkrade en vriende het hy 'n bedrag van £1700.0.0. ingevorder vir onderwysdoeleindes en die oprigting van 'n kerkgebou in die gemeente Vergenoeg.[29]

Met ds. Loubser buite rekening moes 'n ander predikant gevind word om die drie vrywilligers na Oos-Afrika te vergesel, om die gemeente te besoek. Vanuit die siekbed het ds. Loubser die mening uitgespreek dat die kerk van die Here onder die Afrikaners in Oos-Afrika 'n gewisse toekoms gehad het. Hy het ook die volk se voorbidding vir Meru en Vergenoeg gevra.[30]

2. <u>Die Transvaalse Kerk tree in die bresse</u>.

Met die nood aan die man het die Transvaalse Kerk weer die helpende hand uitgesteek. Die Moderatuur het ds. C.F. Mynhardt van Ventersdorp afgevaardig om vir drie maande, Junie tot Augustus 1914, na Oos-Afrika te gaan.[31] Hy het op 20 Mei 1914, 'n rukkie na die ander drie, uit Lourenco Marques na sy bestemming vertrek.[32]

Reeds op 13 Junie 1914 het hy as voorsitter van 'n kerkraadsvergadering van Vergenoeg opgetree.[33] In sy termyn te Vergenoeg het hy eredienste gelei, die sakramente bedien, siekes besoek,

/125 ......

---

29. Ibid.
30. Ibid.
31. Ibid., Deel V, nr. 17, 1914, p. 436.
32. Ibid.
33. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 13/6/1914, p. 41.

aandag aan skoolsake geskenk en huisbesoek gedoen.[34] Op 15 Julie 1914 het hy 'n verdere vergadering van Vergenoeg se kerkraad as voorsitter gelei.[35]

Op 1 Augustus 1914 het ds. Mynhardt hom in die gemeente Meru bevind en het hy as voorsitter van 'n kerkraadsvergadering opgetree.[36] Die kerkraad het voorheen 'n versoek tot die konsulent, ds. Pienaar van Middelburg, gerig om die gemeente te besoek. Tydens hierdie vergadering het die skriba berig dat die konsulent tot nog toe nie op sy skrywe gereageer het nie.[37]

Hierdie vergadering het die volgende ampsdraers gekies: as ouderlinge die broeders A.A. Pienaar, W.C. Malan en H.J. Boshoff, en as diakens die broeders P. Nieuwehuizen, C. Landsberg en C. Laubscher.[38]

Die raad het ook besluit om by die Moderatuur van die Transvaalse Kerk aan te dring om die salaris van 'n predikant vir 'n tydperk van vier jaar te waarborg. Die twee gemeentes, Meru en Vergenoeg, sou dan saam £60.0.0. per jaar van die salaris voorsien.[39]

Die Eerste Wêreld Oorlog wat gedurende 1914 uitgebreek het, het ook sy merk op Meru gelaat. Sedert sy vertrek uit Brits-Oos-Afrika in Julie 1914 is niks van ds. Mynhardt verneem nie. Daar is toe gemeen dat hy moontlik deur die Duitse magte in Duits-Oos-Afrika aangehou is.[40]

/126 .....

---

34. Ibid.
35. Ibid., 15/7/1914, p. 43.
36. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 1/8/1914, p. 51.
37. Ibid.
38. Ibid.
39. Ibid. p. 52.
40. De Kerkbode, Deel V, nr. 38, 1914, p. 970.

Die vrees vir sy veiligheid was egter ongegrond. Daar is verneem dat hy en sy eggenote gedurende September 1914 op 'n plek naby Arusha was.[41] As gevolg van die oorlog was ds. Mynhardt langer as drie maande uit die gemeente Ventersdorp afwesig.[42] Wanneer hy uit Duits-Oos-Afrika in Ventersdorp aangekom het, word nie vermeld nie.[43]

Vir die duur van die oorlog het die kerkraad van Meru nie vergader nie.[44] Wat die lotgevalle van die lidmate in die oorlogsomstandighede was, word vermeld in die afdeling waarin die werk van Eerwaarde Laurenz behandel word.

## 3. Besoekende predikante.

### 3.1. Ds. Burger se tweede besoek aan Oos-Afrika.

Op 4 Junie 1914 het ds. A.P. Burger sy tweede besoek aan Oos-Afrika gebring. Hy was vergesel van sy eggenote en hul dogter. Hierdie besoek was eintlik 'n vakansietog en hulle was op pad van die Victoria Nyanza-meer.[45]

In Nairobi waar hulle 'n naweek vertoef het, het hy 'n erediens op die Sondag gelei vir die ongeveer twintig Afrikanergesinne van die stad.[46]

Die tydsfaktor het ds. Burger verhinder om die lidmate te Uasin Gishu en die gemeente Meru te besoek. Die algemene begeerte van die lidmate wat hy ontmoet het, was om 'n eie predikant te bekom.[47]

/127.....

---

41. Ibid., deel V, nr.42, 1914, p.1110.
42. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1916, pp.135-136.
43. Vgl. De Kerkbode, deel V11, nr.40, 1916, p. 1153.
44. Vgl. Notulen boek Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 1905 - 1945.
45. De Kerkbode, deel V, nr. 31, 1914, p. 745.
46. Ibid, deel V, nr. 32, 1914, p.763.
47. Ibid.

Alhoewel hy teen die verhuising gekant was, was ds. Burger oortuig dat die Kerk geroep is om rekening te hou met die gemeentes in Oos-Afrika.[48] Hy het aanbeveel dat die gemeente Vergenoeg 'n predikant moes beroep.[49] Sy mening was dat die gemeente aanvanklik die helfte en na enige jare die hele salaris sou kon voorsien.[50]

3.2. Die Besoek van Ds. (later Professor) J. du Plessis.

Op sy toer deur Afrika het ds. J. du Plessis ook 'n tydjie in Oos-Afrika deurgebring en was vanaf 10 November 1914 in die gemeente Vergenoeg aanwesig. Hy kon weens die krygsomstandighede nie die gemeente Meru besoek nie.[51]

Op 24 Desember 1914 was hy op Broederstroom. Uasin Gishu, aan huise van Eerwaarde en Mevrou Laurenz. Die volgende dag, Kersdag 1914, het hy 'n diens op Broederstroom waargeneem.[52]

Die Sondag na Kersfees het ds. du Plessis die Nagmaal bedien. Die Nagmaal is in die skoolgebou gevier terwyl die kinders buite onder 'n bokseil vergader het. Tydens een van die dienste is enkele kinders gedoop en een lidmaat het belydenis van geloof afgelê.[53]

Op versoek van die aanwesige ampsdraers het ds. du Plessis onderneem om die daaropvolgende Sondag te Sergoit die Nagmaal te bedien.[54] Lidmate van die Gereformeerde Kerk Brits-Oos-

/128......

48. Ibid., p.764.
49. Ibid., p.763.
50. Ibid.
51. De Kerkbode, deel V1, nr. 18, 1915, p.447.
52. Ibid, p.451.
53. De Kerkbode, deel V1, nr18, 1915, p. 451.
54. Ibid.

Afrika en die Nederduitsch Hervormde gemeente Rensburgrust het die Nagmaal bygewoon en het op uitnodiging saam aangesit by die tafel van die Here.[55]

Ds. du Plessis het dit betreur dat die godsdienstige geskille van die suide in Oos-Afrika voortgesit is. Ten spyte daarvan het die lidmate van die drie Afrikaanse Kerke op aangename en geseënde wyse met mekaar verkeer.[56]

Op 7 Januarie 1915 het ds. du Plessis afskeid van Vergenoeg geneem.[57]

4. <u>Besoek van sendelinge en kapelane</u>

4.1. <u>Eerwaarde J.W. Laurenz</u>.

Eerwaarde Laurenz, vergesel van sy eggenote en kindjie,[58] het as godsdiensonderwyser na Vergenoeg gegaan.[59] Hierdie taak het hy vir minder as 'n jaar verrig.[60] Op 15 Mei 1915 het die kerkraad van Vergenoeg tydens 'n vergadering hom versoek, om as predikant onder hulle te werk.[61] Met die goedkeuring van die skoolkommissie het hy hiertoe ingestem.[62]

Voordat hy die gemeente Meru besoek het, het hy vasgestel dat die gemeentelede deur die Duitse owerhede van Duits-Oos-Afrika in 'n interneringskamp te Killimitinde geplaas is.[63] Na die ontsetting van Duits-Oos-Afrika het Eerwaarde Laurenz deur die

/129.....

55. Ibid.
56. Ibid.
57. Ibid.
58. De Kerkbode, deel V, nr.14, 1914, p.339.
59. De Kerkbode, deel V11, nr.15, 1916, p.353
60. Vgl. Notulen boek Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 1908 - 1954.
61. Ibid., 15/5/1915, p.44.
62. Ibid.
63. De Kerkbode, deel V1, nr.34, 1915, p.798.

gemeente Meru met huisbesoek gegaan.[64]

Eerwaarde Laurenz het naas al die ander werksaamhede ook huisbesoek in die gemeente Vergenoeg gedoen.[65]

Die skoolsake het goed in die gemeente Vergenoeg gevlot. Die twee onderwysers, menere Pienaar en de Villiers, het egter aan die begin Junie 1916 na Suid-Afrika teruggekeer. Dit was noodsaaklik dat die Kerk in Suid-Afrika dadelik weer 'n paar onderwysers sou stuur om die bresse te vul.[66]

Die kerkraad van Vergenoeg het hul bes gedoen om Eerwaarde Laurenz as predikant georden te kry sodat hy die sakramente kon bedien. Hulle het hul versoek aan die Moderatuur van die Transvaalse Kerk gerig.[67] Die Moderatuur het die versoek van die hand gewys.[68] Die redes vir die weiering kon nie vasgestel word nie.

4.2. Eerwaarde A.Adshade.

Eerwaarde Adshade is as kapelaan van die Suid-Afrikaanse Weermag na Oos-Afrika gestuur.[69] In die gemeente Meru het hy lidmate besoek en by twee geleenthede die Woordbediening behartig.[70]

Hy het hom in dieselfde posisie as Eerwaarde Laurenz bevind. Hy was sendeling maar nie 'n geordende predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie en kon dus nie die sakramente

/130.....

64. De Kerkbode, deel V111, nr.15, 1916, p.353.
65. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 15/5/1915, p.45.
66. De Kerkbode, deel V11, nr.15, 1916, p.354.
67. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 5/2/1916, p. 47.
68. Ibid., 11/11/1916, p.48.
69. De Kerkbode, deel V1, nr.43, 1915, p.1239.
70. De Kerkbode, deel V11, nr.24, 1916, p.630.

bedien nie.

## 4.3. Eerwaarde J. Murray.

Eerwaardie J. Murray is as kapelaan na Brits-Oos-Afrika gestuur. Lede van die Moderatuur van die Transvaalse Kerk, tewete di. Bosman, Nel en Burger het geen beswaar daarteen gehad dat hy die sakramente in die gemeente Vergenoeg kon bedien nie.[71] Daarop het die kerkraad van Vergenoeg besluit dat hy die sakramente kon bedien.[72]

Eerwaarde Murray het huisbesoek gedoen, eredienste waargeneem, die sakramente bedien en kerkraadsvergaderings gelei.[73] Wanneer hy sy werksaamhede in die gemeente Vergenoeg be-eindig het, word nie vermeld nie. Hoekom hy die sakramente kon bedien terwyl eerwaardes Laurenz en Adshade dit nie kon doen nie, word ook nie vermeld nie.

## 5. Die twee gemeentes van alle hulp ontstoke.

Vir minstens sewentien maande gedurende die tydperk 1917 - 1918 was Meru en Vergenoeg verplig om selfs sonder die hulp van Weermagkapelane klaar te kom.[74]

Geen gegewens aangaande die gemeentelike lewe van Meru gedurende hierdie tydperk kon bekom word nie.

In die gemeente Vergenoeg het die kerklike lewe sy gang gegaan onder die leiding en bestuur van die kerkraad. Aan

/131.....

71. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad Vergenoeg, 11/11/1916, p.49.
72. Ibid.
73. De Kerkbode, deel V11, nr.42, 1916, p.1248.
74. Vgl. Notulen boek Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 1908 - 1954.

'n egpaar wat in finansiële moeilikheid was, is steun verleen.[75] Die kerkraad het gunstig gereageer op 'n voorstel van die Moderatuur om £150.0.0 per jaar tot die salaris van 'n predikant by te dra.[76] Daarna is 'n versoek aan die Moderatuur gerig om so gou dienlik 'n predikant en twee gesertifiseerde onderwysers te werf.[77]

Aan die kerkskole het die kerkraad geld voor geskiet om die nodige skoolboeke aan te koop. Hierdie lenings moes terug betaal word.[78]

Die kerkraad het besluit dat geen onbekende persone toegelaat sou word om sonder hulle toestemming godsdiensoefeninge in die gemeente waar te neem nie. Op die ou kerkplek, die plaas van broeder J. (Koos) Prinsloo, sou dienste driemaandeliks gehou word om saam te val met die kerkraadsvergaderinge.[79]

Tydens die kerkraadsvergadering van 6 April 1918 is bekend gemaak dat ds. H.C. de Wet ingewillig het om Meru en Vergenoeg te bedien. Reëlings vir sy ontvangs en huisvesting is dadelik getref.[80]

Die Moderatuur het hierdie keer die slaggate waarin hulle beland het met die stuur van ds. Loubser na Oos-Afrika vermy. Die Moderatuur het ds. de Wet versoek om na Meru en Vergenoeg vir 'n tydperk van twee jaar te gaan. Hy is nie deur die

/132.....

75. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 3/2/1917, p.53.
76. Ibid.
77. Ibid., p.54.
78. Ibid., p.53.
79. Ibid., p.54.
80. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 6/4/1918, p.60.

Moderatuur namens die twee gemeentes beroep nie. Soos hierna gesien sal word, is hy as predikant georden voordat hy na Oos-Afrika vertrek het.

6. Weereens die Transvaalse Kerk

Gedurende 1916 het die Sinode van die Transvaalse Kerk besluit dat die belange van die gemeentes Meru en Vergenoeg steeds behartig moes word.[81] Tot op daardie stadium is die bedrag van £885.8.4 uit die Hulpbehoewende Fonds aan die twee gemeentes bestee.[82]

Met die terugkeer van Eerwaarde Laurenz uit Oos-Afrika aan die einde van 1916 is alles moontlik gedoen om die vakature te vul. Die eerste predikant wat gevra is om na Oos-Afrika te gaan was ds. J.M. Loubser, dog hy het dit van die hand gewys. Na hom is verskeie ander leraars genader maar tevergeefs.[83]

Tydens die sitting van die Ring van Lydenburg gedurende 1918 het die vorsitter, ds. Paul Nel, in sy verslag gemeld dat Meru en Vergenoeg nog al die tyd vakant was. Ds. A.P. Burger, die konsulent, het gesê dat niemand gevind kon word om die gemeentes te besoek nie.[84]

6.1. Ds. de Wet en die gemeente Vergenoeg.

Uiteindelik is proponent H.C. de Wet deur die Moderatuur van die Transvaalse Kerk gevra om vir minstens twee jaar na Meru en Vergenoeg, te gaan. Hy het ingewillig om die twee gemeentes

/133.....

81. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1916, p.135
82. Ibid., p.108.
83. Ibid., p.118.
84. De Kerkbode, deel 11X, nr.9, 1918, p.245.

te bedien.[85] Onderweg na Oos-Afrika is hy op 3 Mei 1918 te Pretoria georden.[86]

Op 7 Julie 1918 het ds. de Wet sy intreepreek te Broederstroom, Vergenoeg gelewer. Die gemeente het hom en sy gesin met ope arms ontvang sodat hulle dadelik tuis gevoel het.[87] Omdat die pastorie op daardie stadium nie beskikbaar was nie, het ds. de Wet en sy gesin by 'n egpaar van die gemeente ingewoon. Die losiesgeld van £2.0.0 per maand is deur die Kerkraad betaal.[88]

Ds. de Wet het volgens 'n vaste program gewerk. Hy het eredienste waargeneem by die kerkplek te Broederstroom en in die wyke Trans Nzoia en Thika.[89]

Die sakramente is ook in die drie wyke bedien.[90] Met die eerste Nagmaal te Broederstroom was die opkoms bemoedigend en die kerkie te klein, Eerwaarde Dubbeldam, 'n naburige sendeling, het ds. de Wet met die Nagmaalsviering bygestaan.[91]

Die predikant het onverwyld met huisbesoek begin. Hy en die wyksouderlinge het stelselmatig deur die hele gemeente gegaan.[92] Teen die einde van Oktober 1918 was ds. de Wet se eerste ronde huisbesoek in Vergenoeg afgehandel.[93]

Die sondagskool is in stand gehou en die katkisasie is gereeld waargeneem. Op Sondag 5 Julie 1919 het agt lidmate in die

/134.....

85. Ibid., nr.8, 1918, p.224.
86. Handelingen, Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1919, p.118.
87. De Kerkbode, deel 11X, nr.33, 1918, p.850.
88. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg. 6/4/1918, p.60.
89. Ibid.
90. De Kerkbode, deel 1X, nr.38, 1918, p.949 - 950
91. Ibid., deel 1X, nr. 33, 1918, p. 850.
92. De Kerkbode, deel 1X, nr.4, 1919, p.85.
93. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 31/8/1918, p.68.

Bamboeskerk te Broederstroom belydenis van geloof afgelê.[94] Ook in die wyk Thika het jong lidmate belydenis van geloof afgelê.[95] Teen Januarie 1920 het nog 'n groep lidmate na die veertiendaagse katkisasie, belydenis van geloof afgelê.[96]

Een tugsaak is gedurende ds. de Wet se bedieningstyd deur die kerkraad van Vergenoeg gehanteer.[97]

Daar was ook slegs een lidmaat aan wie barmhartigheidsdiens gelewer is. Dit was 'n weduwee wat met £15.0.0 gehelp is.[98]

Teen hierdie tyd was die reëlings vir die Dingaansdagvieringe in die hande van 'n feeskomitee.[99]

Twee keer gedurende die jare 1918-1920 is die kerkraadsverkiesings gehou. Tydens die eerste verkiesing op 3 Augustus 1918 is die gemeente in vier wyke verdeel. Ampsdraers vir elke wyk is gekies.[100] Die volgende verkiesing van ampsdraers het op 3 Januarie 1920 in die Bamboeskerk plaasgevind.[101]

Ds. de Wet het twee kerkskole in die gemeente aangetref. Hy het die oprigting van 'n kerkskool te Trans Nzoia be-oog.[102]

Vanaf Julie 1918 moes die kerkskole kwartaaliks aan die kerkraad verslag doen van die gelde wat by die kerkraad geleen is.[103] Minder as 'n maand later het die kerkraad die helfte van die lening aan die skole geskenk.[104]

/135.....

---

94. De Kerkbode, deel X, nr.34, 1919,p.847.
95. Ibid., 22/2/1919, p.70.
96. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 1/3/1920, p.84.
97. Ibid., 21/9/1918, p.73.
98. Ibid., 3/1/1920, p.81.
99. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 29/5/1920, p.85.
100. Ibid. 3/8/1918, p.64.
101. Ibid. 3/1/1920, p.84.
102. De Kerkbode, deel 1X, nr.33, 1918, p.850.
103. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 7/7/1918, p.61.
104. Ibid., 5/8/1918, p.64.

Aan die einde van die jaar 1918 het 'n onderwyser vir die kerkskool te Broederstroom 'n dringende noodsaaklikheid geword.[105] Teen die begin Februarie 1919 was die uitkoms daar, in die persoon van Eerwaarde W.J. Wenzel wat deur die Transvaalse Kerk gestuur is.[106] Op daardie tydstip was die ouers besig om onder toesig van die kerkraad 'n koshuis vir die kinders op te rig.[107] Eerwaarde Wenzel sou bo en behalwe sy onderwysverpligtinge ds. de Wet in die gemeente behulpsaam wees.[108]

Teen 1917 was die Bamboeskerk ondoeltreffend. Die toename in getalle as gevolg van die hoë geboortesyfer het 'n ruimer kerkgebou noodsaaklik gemaak.[109]

Daar is besluit om 'n nuwe kerk te bou. Teen Desember 1917 het die bouheer, die heer Ortlepp, versoek dat die bouery vir 'n jaar uitgestel moes word. (Die redes van die versoek word nie vermeld nie.) Die kerkraad was nie hiervoor te vinde nie en het die heer Ortlepp gelas om voort te gaan. Terselfdetyd is besluit om 'n bedrag van £600.0.0 vir kerkboudoeleindes van die gemeente te kollekteer.[110]

Tydens 'n gemeentevergadering van 3 Augustus 1918 is besluit om dadelik met die oprigting van die nuwe kerk te begin.[111] Die bouheer het dus nooit ag geslaan op die opdrag van die kerkraad om met die bouery voort te gaan nie. Die bou-kommissie

/136.....

---

105. De Kerkbode, deel X, nr.4, 1919, p.86.
106. Ibid., p.82.
107. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad vam Vergenoeg, 7/7/1918, p.61.
108. Ibid. 22/2/1919, p.76.
109. De Kerkbode, deel 1X, nr.39, 1918, p.1008.
110. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad vam Vergenoeg, 12/12/1917, p.56.
111. Ibid., 3/8/1918, p.62.

het bestaan uit: ds. de Wet, ouderlinge Roux, Erasmus en H. Reyneveld en gemeentelede J. Engelbrecht, snr., J. du Preez en P. Jordaan.[112] 'n Boufonds is van stapel gestuur en die nuwe kerk sou in die dorp Eldoret opgerig word.[113]

Met ingang 1919 het die kerkoprigting nog nie tot 'n aanvang gekom nie. Die vertraging was te wyte aan probleme wat die heer Ortlepp ondervind het met boumateriaal wat buitensporige prysverhogings ondergaan het en wat haas onverkrygbaar was. Ten spyte van hierdie teleurstelling het die gemeente geglo dat God sy wil sou uitvoer in die saamloop van omstandighede en het hulle derhalwe in Gods wil berus.[114]

Op 8 Februarie 1919 het die kerkraad besluit dat die kerk nog moes groter.[115] Tydens die daaropvolgende gemeentevergadering is besluit om 'n kerk vir tussen £1000.0.0 en £1200.0.0 op te rig.[116] Blykbaar is die boukontrak met broeder Ortlepp gekanselleer want die vergadering het besluit om tenders vir die bou van die kerk aan te vra.[117] Dat broeder Ortlepp weer met die kerkoprigting belas was blyk uit sy versoek aan die kerkraad dat die bouery tot einde 1920 uitgestel moet word. Hierop het die kerkraad besluit om die saak hangend te hou tot ds. de Wet teruggekeer het van sy besoek aan Meru.[118]

Die oprigting van die nuwe kerk het nie in ds. de Wet se be-

/137.....

112. Ibid.
113. Ibid., 21/9/1918, p.63.
114. Ibid.
115. Ibid.
116. Ibid.
117. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 21/9/1918, p.63.
118. Ibid., 15/12/1919, p. 89.

dieningstyd werklikheid geword nie.[119] Daar is besluit dat die lidmate elk nog 'n verdere £25.0.0 tot die boufonds moes bydra.[120]

Tydens die gekombineerde kerkraadsvergadering van 29 Mei 1920 het ds. de Wet die kerkraad verwittig dat hy na sy besoek aan Meru na Suid-Afrika sou teruggaan met die oog op verdere studie.[121] Volgens die ooreenkoms met die Moderatuur van die Transvaalse Kerk sou hy vir minstens twee jaar die gemeentes in Oos-Afrika bedien het.[122] Hierdie tydperk was nou verstreke.

Die vergadering het na hierdie mededeling besluit om 'n predikant te beroep. Die beroep is uitgebring op ds. M.P. Loubser[123] en hy het dit aangeneem.[124]

6.2. <u>Ds. de Wet en die Gemeente Meru.</u>

Ds. de Wet het, soos sy voorgangers, Meru en Vergenoeg om die beurt vir etlike maande besoek. Aan die begin van November 1918 het hy vir sy eerste besoektyd in die gemeente Meru opgedaag.[125]

Hy het dadelik met huisbesoek begin. Skaars was hy drie weke werksaam in die gemeente toe die gevreesde Spaanse Griep in Oos-Afrika uitbreek.[126] Ds. de Wet het sy werk deeglik gedoen want hy het geweet dat Meru-gemeente die voorafgaande vier jaar sonder predikant 'n interneringstydperk beleef het.

/138.....

---

119. Ibid., 2/10/1920, p.89.
120. Ibid.
121. De Kerkbode, deel 1X, nr.29, 1920, p.741.
122. De Kerkbode, deel 1X, nr.9, 1918, p. 245.
123. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 1/3/1920, p. 84.
124. De Kerkbode, deel X1, nr.5, 1920, p.92.
125. De Kerkbode, deel X, nr. 4, 1919, p.85.
126. Ibid.

Oral waar lidmate hulle bevind het dààr het hy sy opwagting gemaak.[127]

Na 'n onderbreking van nagenoeg vier jaar het die kerkraad op 2 November 1918 weer vergader met ds. de Wet as voorsitter. Hy het sy akte van bevestiging en 'n brief van die konsulent, ds. A.P. Buger, aan die kerkraad voorgelê.[128] Daar is besluit om die kerkraad van ses tot vyf lede te verminder.[129] Die nuwe ampsdraers was: ouderlinge A.A. Pienaar en G. Boshoff en diakens Constant Laubscher, B.P. Malan en H. Lemmer.[130]

Ds. de Wet het gereeld eredienste in die kerk te Kampfontein en in die ander wyke waargeneem. Die veertiendaagse katkisasie het op 19 November 1918 'n aanvang geneem.[131] Die aflegging van belydenis van geloof het op 12 Desember geskied, terwyl die Nagmaal en die Doopbediening op Sondag 15 Desember 1918 plaasgevind het.[132]

Die volgende veertiendaagse katkisasie het op 19 November 1919 begin terwyl die Nagmaal reeds op 16 November 1919 gevier is.[133]

Gedurende ds. de Wet se bedieningstyd het die kerkraad die tug gehandhaaf. Sake wat sedert die vierjarige vakature hangend was, is ook afgehandel.[134]

/139......

---

127. De Kerkbode, deel X, nr.43, 1919,p.1147.
128. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Vergenoeg, 2/11/1918, p.55.
129. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 2/11/1918, p.55.
130. Ibid., 1/7/1914, p.51.
131. Ibid., 2/11/1918, p. 55.
132. Ibid.
133. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad van Meru, 30/8/1919, p.65.
134. Ibid., pp.53,55,56.

Die finansies van die gemeente moes teen hierdie tyd op gesonde voet verkeer het, want die kerkraad het geen besluite in hierdie verband geneem nie. Die Jaarverslag van 1918 is deur die kerkraad goedgekeur en die kassierverslag is aan die gemeente voorgelees.[135]

Aan die hulpbehoewendes het die kerkraad hulp verleen.[136] Die uitstaande skuld van die kerkskole is deur die kerkraad gedelg.[137]

Na die vertrek van die onderwyser, Mnr. S.W. van Niekerk, uit die gemeente het die kerkraad daarin geslaag om die dienste van Mnr. van Wijk te verkry.[138] Die regering het die helfte van die onderwyser se salaris voorsien.[139]

Die Kerkraad het die geskil oor 'n stuk grond tussen ds. Kühn van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Mev. Roets, 'n lidmaat van die gemeente, in behandeling geneem. Meer gegewens sou oor die aangeleentheid bekom word, maar dit is beklemtoon dat die gemeente Meru eerste opsie op die eiendom gehad het.[140] Die saak is nie weer in 'n daaropvolgende vergadering geopper nie.

Tydens die buitengewone vergadering van 1 November 1920 het ds. de Wet afskeid geneem van die Kerkraad. Die wedersydse bedankinge was hartlik en spontaan.[141]

/140.....

---

135. Ibid., 16/12/1918, p.60.
136. Ibid., 14/4/1920, p.69.
137. Ibid., 30/8/1919, p.65.
138. De Kerkbode, deel X1, nr.49, 1919, p.1316.
139. Ibid.
140. Notulen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerkraad vam Meru, 15/5/1919, p.63.
141. Ibid., 1/11/1920, p.74.

## 7. Samevatting

Samevattend kan gekonkludeer word dat die aanname van die beroep deur ds. Loubser as sendingsekretaris vir die twee gemeentes in Oos-Afrika 'n terugslag was. Die Transvaalse Kerk het weer in die bresse getree met die sending van ds. C.F. Mynhardt na Meru en Vergenoeg.

Sendelinge, die meerderheid van wie as Weermagkapelane in Oos-Afrika saam met die Suid-Afrikaanse Weermag was, het ook die gemeentes bedien. Veral Eerwaarde Laurenz het lank en goed gearbei.

Di. A.P. Burger en J. du Plessis het tydens hulle onderskeie reise deur Oos-Afrika die gemeente Vergenoeg vir 'n tydjie bedien.

Die gemeentelede van Meru is deur die regering van Duits-Oos-Afrika vir 'n tyd lank geinterneer omdat hulle nie hul Suid-Afrikaanse burgerskap wou prysgee nie.

Uiteindelik is die tweede tydelike-permanente predikant in die persoon van ds. H.C. de Wet na die twee gemeentes gestuur. Na die verstryking van sy dienstermyn het die kerkraad van Vergenoeg 'n beroep op ds. M.P. Loubser uitgebring.

Deur al die bedieningsprobleme heen het die twee gemeentes in Oos-Afrika bly voortbestaan. Naas die geestelike versorging van die lidmate het die ampsdraers ook hule aandag suksesvol aan die onderwys van die kinders gewy.

/141.....

# HOOFSTUK AGT

## SAMEVATTING EN BEOORDELING

### 1. Samevatting

Na afloop van die tweede Vryheidsoorlog het Afrikaners, ten spyte van waarskuwings en pleidooie, ook vanuit die Kerk, voet by stuk gehou en uit Suid-Afrika weggetrek. Onder die Afrikaners wat na Oos-Afrika getrek het, was daar enkeles wat weer na Suid-Afrika teruggegaan het. Die ander by verre die meerderheid, het hulle permanent in Oos-Afrika gevestig.

Met die hulp van die Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika is hulle kerke gestig. Naas die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeentes Meru en Vergenoeg, onderskeidelik in Duits-Oos-Afrika en Brits-Oos-Afrika, is die Gereformeerde Kerk Brits-Oos-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se twee gemeentes Arusha in Duits-Oos-Afrika en Rensburgrust in Brits-Oos-Afrika gestig.

Gedurende die beginjare, 1905 tot 1920, was die twee gemeentes van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, Meru en Vergenoeg afhanklik van predikante wat deur die Transvaalse Kerke op hulle versoek uitgestuur is, om hulle tydelik te bedien. As gevolg van geldelike probleme enersyds en die gebrek aan predikante andersyds, kon die bediening van die twee gemeentes in Oos-Afrika nie op gereelde jaarlikse grondslag geskied nie. Ten spyte van hierdie probleme het die gemeentelike lewe binne die grense van die twee gemeentes sy gang gegaan.

As gevolg van die ongereelde bediening was daar verwaarlosing, insinking en verwildering, maar tog nie op groot skaal nie. Onder die leiding en toesig van die onderskeie kerkrade het die gemeentes onder moeilike omstandighede, maar ook met seën van die Here gegroei, ontwikkel en uitgebrei. Te midde van aanvanklike ontberinge en aanpassingsprobleme het die Afrikaner-christene volhard. Telkens het die lidmate op die wekroep van die predikante en die kerkrade geantwoord om die instandhouding van die erediens op Sondag, die sondagskool, en om die stoflike sake ensovoorts in gesonde bane te stuur. Hulle het ruim bygedra om die oprigting van kerkgeboue moontlik te maak.

Die gemeentes het onder druk van buite steeds vasgehou aan hulle protestantse erfenis en die gereformeerde leer en belydenis. Hulle het, al was hulle ver in die minderheid, die christelike lewenswandel in die oorwegend heidense Oos-Afrikaanse gemeenskap gehandhaaf. Ook hulle Afrikanerskap het hulle as 'n kleinood vertroetel en bewaar, dan in so 'n mate dat Dingaansdag (Geloftedag) erken en getrou gevier is.

Die besoekende predikante het hulle hartlik met die gemeentes in Oos-Afrika vereenselwig. Hulle het getrou en hard gewerk, al was sommige van hierdie predikante teen die trek na Oos-Afrika gekant. Sommige van hierdie leraars, onder andere di. A.P. Burger en M.P. Loubser, het saam met so baie lidmate

malaria opgedoen. Twee keer is predikante, di. M.P. Loubser en H.C. de Wet, tydelik-permanent na die twee gemeentes, Meru en Vergenoeg, deur die Transvaalse Kerk gestuur. Verskeie kapelane van die Suid-Afrikaanse Weermag wat tydens die Eerste Wêreldoorlog in Oos-Afrika gestasioneer was, het ook gehelp om die twee gemeentes te bedien.

Op Onderwysgebied het die twee kerkrade gesorg vir die opvoeding van die jong dooplidmate van die gemeentes. As antwoord op die regeringskole, waar Hollands nie as vak aangebied is nie, het hulle onder leiding van ds. Loubser met die kerkskole na vore gekom. Daar was ouers wat liefs hulle kinders in die regeringskole geplaas het. Lidmate wat gekwalifiseerde onderwysers was, het aanvanklik as leerkragte in die bresse getree om die kerkskole te beman. Later is godsdiensonderwysers en onderwysers uit Suid-Afrika gewerf vir hierdie taak.

Dit was die gemeente Meru wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog 'n moeilike pad moes bewandel. Die lidmate is deur die Duitse owerhede geinterneer.

2. <u>Beoordeling</u>

Die trek van Afrikaners na Oos-Afrika was die gevolg van politieke, ekonomiese, sielkundige en ander oorsake. Die Afrikaners het nie as gevolg van godsdienstige griewe en probleme uit Suid-Afrika weggetrek nie. Vir hulle volk en Kerk was hulle lief en vanuit die vreemde het hulle weer die bande met die volk en Kerk opgeneem. In Oos-Afrika het hulle mettertyd daarin geslaag om 'n goeie tuiste en heenkome te skep.

/144.....

met hulle verhuising na Oos-Afrika het die Afrikaners hulle buite die jurisdiksie van enige kerkraad gestel. In hulle strewe om getrou aan hulle geloofsoortuiginge te bly kon hulle verskeie weë beproef het om tot kerkstigting oor te gaan. So het dit gebeur dat die twee Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeentes, Meru en Vergenoeg, gestig is met die hulp van afgevaardigdes wat deur die Moderatuur van die Transvaalse Kerk uitgestuur is. Hierdie wyse van kerkstigting is nie te rym met die Wette en Bepalinge van die Transvaalse Kerk nie. Daarvolgens berus dit by 'n Ring om 'n gemeente te stig.[1] Die Moderatuur van die Transvaalse Kerk, in hulle strewe om tot hulp te wees, het hulle magte oorskrei en op die terrein van die Ring oortree.

Tydens die stigtingsvergaderings van beide gemeentes, Meru en Vergenoeg, is dit duidelik gestel dat hulle as gemeentes van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk (Die Transvaalse Kerk) gestig is. Dusdoende het die twee gemeentes hulle aan die kerkregeringstelsel van die Transvaalse Kerk onderwerp.

Onder die bestuur, toesig en leiding van die onderskeie kerkrade het die lidmate hulle verdiep in die georganiseerde gemeentelike bedrywighede. Die eredienste is in stand gehou met die hulp van besoekende predikante. By gebrek aan predikante is leesdienste deur ampsdraers waargeneem. Met die katkisasie van die dooplidmate is in albei gemeentes erns gemaak. Die sakramente is deur besoekende predikante bedien.

/145.....

1. Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1906, art. 248 eb 249.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was dit die gemeente Meru wat van hierdie voorreg ontstoke was, omdat hulle in internering verkeer het. Kerkraadsvergaderings is gereeld gehou, soms met 'n besoekende leraar as voorsitter, en wanneer daar nie 'n predikant beskikbaar was nie, het 'n ouderling die voorsitterstoel ingeneem. Die Kerkraad van Meru het vir die tydperk 1914 - 1918 weens hul internering nie vergader nie. Albei kerkrade het gesorg dat die kerklike tug gehandhaaf is.

Op die gebied van die burgerlike onderwys het die twee kerkrade aanvanklik met die skoolsake na die owerhede gegaan, omdat die bestaande skole deur die owerhede opgerig is.[2] Omdat die kerkrade en die owerhede mekaar op hierdie terrein nie kon vind nie, het die kerkrade besluit om terwille van die behoud van hulle kinders, kerkskole te stig. Die kerkrade het gesorg dat die Woord van God 'n ereplek gekry het in hierdie kerkskole. Naas die gewone onderwysers het die kerkrade, wat as skoolkommissies moes optree, ook godsdiensonderwysers, wat meesal sendelinge was, aangestel. Vir geskikte onderwysers was hulle van Suid-Afrika afhanklik.

Ten spyte daarvan dat besoekende predikante die verdeeldheid op kerklike gebied onder die Afrikaners van Oos-Afrika betreur het, was die bestaan en teenwoordigheid van die drie verskillende kerkverbande dáár heilsaam. Die drie Afrikaanse Kerke in Oos-Afrika het onderling goed oor die weg gekom. Die groei en ontwikkeling van aldrie die Kerke, al was die lidmatege-

/146.....

---

2. Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1978, art. 21.

talle nie groot nie, het die lewensvatbaarheid van die Kerke beklemtoon.

Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk tesame met die Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het tot eer en verheerliking van die Here in Oos-Afrika ontstaan, gegroei en ontwikkel. Die stigting en voortbestaan van hulle Kerke was vir die Afrikaners van Oos-Afrika 'n stabiliserende faktor in die vir hulle moeilike tye. Dit het bygedra om aan hulle die versekering te gee dat ook hulle vergader, regeer en bewaar is deur God se Woord en sy Gees.[3]

---

3. Die Drie Formuliere van Enigheid, p.15 en p.39.

# B Y L A E S



*Ds. A. P. BURGER.*



*Ds. J. M. LOUW.*



Die Skoolkomitee en onderwysers Broederstroom 1912



Die Kerkraad voor die Bamboeskerk 1910



Generaal Wynand Malan.



Dr. en Mev. H. C. de Wet.

## BRONNELYS


I. BRONNE

1. Argivale bronne

I.1.1. Kerkargief van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Potchefstroom.

1. Eldoret: Lidmate en Doopregister 1909 - 1949 4/1

2. Handelingen van de Achtste Algemeene Synodale Kerkvergadering, samengesteld uit al de Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika, 1882. AS 2.

3. Notulen boek van de Gereformeerde Gemeenten in de Transvaal aangelegd op 11 Januarie 1904. Boek VII 1/3.

I.1.2. Kerkargief en S.P. Engelbrecht-Museum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

1. B 111/6/g: Kommissie Alg. verg. 1908, Briefwisseling tussen S.A. van Emmenis en ds. Jac van Belkum, Maart 1908.

2. B 111/7/a: Kommissie Alg. Verg. 1909, Brief S.A. van Emmenis en Louis Alberts aan A.D.W. Wolmarans, April 1909.

3. B 111/8/a: Kommissie Alg. Kerkverg. 1910, Briefwisseling ds. J. Kühn en ds. J. van Belkum, 1910.

4. B 111/9/a: Kommissie Alg. Kerkverg. 1911, Rapport van ds. Kühn en oud. H.C. van der Merwe oor die besoek aan Oos-Afrika, 1910.

5. 1A/1B: Ned. Herv. Gem. Arusha, G24, Notule Gemeentevergaderings/Kerkraadsverg.

6. Doopregister van die Ned. Herv. Gem. van Arusha, Oos-Afrika.

7. 3B: Lidmaatregister van die Ned. Herv. Gem. van Arusha, Oos-Afrika.

8. 1A/1B: Notule Gemeentevergaderings/Kerkraadsvergaderings, Rensburgrust, Oos-Afrika, G.26.

9. Doopregister van die Ned. Herv. Gem. van Rensburgrust, Oos-Afrika.

10. 3B: Lidmaatregister, Rensburgrust, Oos-Afrika.

11. Ned. Herv. Kerk van Afrika in Oos-Afrika, Briefwisseling oor die koms van die eerste leraar.

I.1.3. Kerkargief van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Pretoria.

1. Notulen, Synode Kaapsche Kerk 1876-1897 (No.13-19) No.2. 4D.

2. Notulen, Synode Kaapsche Kerk 1903-1915 (No.20-23) No.3. 4D.

3. Handelingen Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk 1882-1903, No. 3. 4D.

4. Handelingen Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk 1906-1916, No.4. 4D.

5. Handelingen Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk 1919 No.6. 4D.

6. Handelingen Synode Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk 1922, No. 7. 4D.

7. Notulen en bylagen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Ring van Lydenburg, 1900-1917. 6M.

8. Notulen en bylagen, Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Ring van Lydenburg, 1918-1932. 6M.

9. Notulen Boek van de verhandelingen der kerklijke commissie der Ned. Herv. of Geref. Kerk in Z.A. Republiek, Mei 1892 - April 1918. II s. 6M.

10. Notulen Boek van de handelingen der sydodale commissie der Ned. Herv. of Geref. Kerk van Zuid-Afrika. 9/2/1918 - 18/3/1927. IIs. 6M.

11. Notulen van de Moderatuursvergaderingen vanaf 22 Junie 1905 tot 24 November 1921. Ned. Herv. of Geref. Kerk. IIIs. 6M.

12. Scriba Synode - Brieweboek 1903 tot 1912. Ned. Herv. of Geref. Kerk. S III, No. 1 6M.

13. Scriba Synode - Brieweboek 1912 tot 1923. Ned. Herv. of Geref. Kerk. SIII, No. 2. 6M.

14. Lidmaatregister der Ned. Herv. of Geref. Gemeente Meru, Duitsch-Oost-Afrika.

15. Lidmaatregister der Ned. Herv. of Geref. Gemeente Vergenoeg, Brits-Oost-Afrika.

16. Doopregister der Ned. Herv. of Geref. Gemeente Meru, Duitsch-Oost-Afrika.

17. Doopregister der Ned. Herv. of Geref. Gemeente Vergenoeg, Brits-Oost-Afrika.

18. Notulenboek van den Kerkeraad der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Meru. Duitsch-Oost-Afrika 1905 - 1945. F.

19. Notulenboek den Kerkeraad der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Vergenoeg, Brits-Oost-Afrika 1908 - 1932, F.

20. Notulenboek van den Kerkraad der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Boksburg 1894 - 1903. F.

21. Notulenboek van den Kerkeraad der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Heidelberg 1897 - 1912, F.

22. Notulenboek van den Kerkeraad der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Middelburg 1897 -1911. F.

23. Theron, Joz. P.: Na Vyftig jaar. 1908 - 1958. Feesbrosjure, Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeente Vergenoeg.

24. Loots, Lieb J.: Na Vyftig Jaar. 1954. Feesbrosjure, Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente Vergenoeg, 1904 - 1954.

25. Briewe van ds. M.P. Loubser, 1910

26. Boustowwe in verband met die geskiedenis van die Afrikaner van Oos-Afrika, aangeteken deur ds. Jac Conradie op grond van mededelinge deur die broers J.B. en P.J. van Dyk.

I.1.4. Tydskrifte

1. De Hervormer, Jaargang 2, No. 20, 15/12/1910.

2. Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 20, Afd. 3,7,4.

3. Huisgenoot, 26/9/1974.

4. De Kerkbode, 1895 - 1920, Dele XII - XXV en Nieuwe Serie dele I - IX.

5. De Vereeniging, 1903 - 1910, Dele II - IX.

I.1.5. Koerante

1. Die Burger: 29/5/1937; 5/6/1937; 12/6/1937; 19/6/1937; 26/6/1937; 3/7/1937; 10/7/1937; 17/7/1937; 24/7/1937; 31/7/1937 en 21/8/1937.

/4.......

2. Die Transvaler 29/7/1957.

3. Die Volkstem 14/11/1903.

I.1.6. Transvaalse Staatsargief, Pretoria.

1. Archives of the Colonial Secretary, Transvaal 1901 - 1910.

1. C.S.12, File 1275/01: Emigration to Zanzibar and Ports of the East Africa Protectorate.

2. C.S.125, File 9593/02: Burghers, principally National Scouts Proceeding into the Magato District.

3. C.S.392, File 1)116/03: Information on the East Afrikan Protectorate.

4. C.S.460, File 3400/04: Hunting expedition to East Africa.

5. C.S.737, File 6381/06: Boers in Chihuahua.

6. C.S.640, File 6637/06: Proposed Boer Settlement in Venezuela.

7. C.S.676, File 9284/06: Boer Settlers in German East Africa.

8. C.S.805, File 12962/07: Warning against Emigration to Southern Rhodesia.

9. C.S.819, File 13315/07: Letter from J.C. Smuts, Prime Minister's Office. Minute No.38, 9/4/1907, re Burghers anxious to return to S.A..

10. C.S.842, File 13973: Immigrants to British East Africa (Emigration from Transvaal); File 13973A: Emigration from Union of South Africa to British East Africa.

11. C.S.875, File 15437/08: M.J. Swart re sending money to German East Africa.

I.1.6.2. Archives of the Executive Council.

1. E.C.66, File 1120/05: Boer Immigration into German East Africa.

I.1.6.3. Archives of the High Commissioner

1. H.C.65, File 121: A/6 National Scouts, Pretoria, 26/6/1902.

2. H.C.130, File 170: Boer Trek to British East Africa.

/5.......

I.1.7. Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria.

Oos-Afrika-versamelings. (o.a.)

O.A. 30: Bybels (Mouton en Roux)

O.A. 61: Bybels (van Dyk)

O.A. 67: Bybels (Barnard)

O.A. 199: Koerantuitknipsels (De Waal)

O.A. 241: Bybels (Loubser en A.C. Greyling)

O.A. 261: Bybels (van den Heever)

Inventaris van versameling:

## II. LITERATUUR.


1. Acquoy, J.C.R.: 1910 Handleiding tot de Geschiednavorsing en Kerkgeschiedschrijving. s'Gravenhage, Marthinus Nijhoff.
2. Austen, Ralph A.: 1968, Northwest Tanzania under German and British rule. Yale.
3. Arnoldi, Frank: Persoonlike herinneringe. D. Steyn, Lord Milner-skool, Settlers, Transvaal. Ongepubliseerd.
4. Bavinck, H,: 1911, Gereformeerde dogmatiek, tweede herziene en vermeerderd druk, vierde deel. Kampen, Kok.
5. Beaverbrook, Lord: 1934, The resources of the British Empire. London.
6. Bennett, G.: 1963, Kenya a political history. London
7. Berkoff, H.: 1955, Geschiedenis der Kerk. Nijkerk.
8. Berkoff, L.: 1949, The history of christian doctrine. Grand rapids, Eerdmans.
9. Berkouwer, G.C.: 1970, Dogmatische stüdiën. De Kerk I, Kampen, Kok.
10. Bouwman, H., 1928, Gereformeerd kerkrecht, deel I en deel II, 1934, Kampen, Kok.
11. Breytenbach, J.H.: 1973, Die geskiedenis van die tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 III. Pretoria.
12. Burger, A.J.V.: 1936, Worsteljare. Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria, Nasionale Pers Beperk.
13. Calvyn, J.: Institutie of onderwijzing in de Christelike Godsdienst. Uit het Latijn vertaald door dr. A. Sizoo, deel III, derde druk; Delft, s.j.
14. Changuion, L.J.S.: 1975, Die verhuising van Boere na Oos-Afrika, 1902-1914. Ongepubliseerde M.A. - Verhandeling, Universiteit van Pretoria.
15. Cohen, Sir Andrew: 1960, British Policy in Changing Africa, Reprint. London.
16. Cranworth, Lord: 1939, Kenya Chronicles. London.
17. de Villiers, D.W.: 1959, Reisbeskrywings as bronne vir die Kerkgeskiedskrywing van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika tot 1853. Kampen, Kok.
18. Die Drie Formuliere van Enigheid, 1958. Kaapstad en Pretoria, N.G. Kerk-Uitgewers.
19. du Plessis, J.: 1917, Een toer door Afrika, Kaapstad.
20. du Toit, F.G.M.: 1967, Middelburg (Tvl) Nederduitse Gereformeerde Gemeente Gedenkboek. By die eeufees, 11 - 19/3/1967.
21. du Toit, J.D.: 1961, Versamelde Werke, deel VII. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel (Edms.)Bpk.

22. East African Woman's League, The: 1962, They made it their home. Nairobi.

23. Engelbrecht, S.P.: 1953, Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Derde druk. Pretoria. H.A.U.M.

24. Eybers, J.H.: 1934, Die kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in S.A.; Pretoria.

25. Gedenkboek by ons derde Eeufees: 1952. Ons Nederduits Gereformeerde Kerk. Kaapstad. H.G.Kerkuitgewers.

26. Geldenhuys, F.E.O'B.: 1951, Die Regsposisie van kerkraad, ring en sinode onder die Gereformeerde stelsel van Kerkregering soos toegepas in die gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika; Pretoria.

27. Groen, G.: 1974, The Afrikaner in Kenya 1903 - 1969. Disertation, D. Phil. Michigan State University.

28. Groves, C.P.: The Planting of Christianity in Africa, Volume III. London.

29. Hanekom, T.N.: 1915, Die Liberale rigting in Suid-Afrika: Stellenbosch.

30. Hobley, C.W.: 1929, Kenya from Chartered Company to Crown Colony, London.

31. Huxley, Elspeth: 1960, A New Earth, An Experiment in Colonialism, London.

32. Huxley, Elspeth: 1957 forew., No Easy Way, A History of the Kenya Farmers' Association and Unga Limited. Nairobi.

33. Huxley, Elspeth: 1956, White Man's Coutry, Lord Delamere and the making of Kenya I & II, Reprint. London.

34. Iliffe, John.: 1965, The German administration of Tanganyika, 1906-1911: The governorship of Freiherr von Rechenberg (Unpublished Ph.D. dissertation Cambridge University).

35. Iliffe, John.: Tanganyika under German Rule, 1905 - 1912. Cambridge, 1969.

36. Ingham, Kenneth: 1965, A History of East Africa, Third Edition. London.

37. Jansen, Joh.: 1952, Korte Verklaring van de kerkorde der Gereformeerde Kerken, Kampen, Kok. Derde vermeerderde druk.

38. Jooste, J.P.: 1958, Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859 - 1959; Potchefstroom.

39. Kamphuis, J.: 1972, Orientatie in de Theologie. Studiegids samengesteld door de hoogleraren aan de Theologische Hogeschool van de Gereformeerde Kerken in Nederland te Kampen. De Vuurbraak.

/8.......

40. Kemp, Generaal J.C.G.: 1942, Die pad van die verowe-raar; Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth.

41. Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika; soos gewysig deur verskillende sinodes. 1978, Potchefstroom.

42. Kitshoff, M.C.: 1972, Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen. Kaapse predikant uit die negentiende eeu. Groningen.

43. Kruger, L.S.e.a.: 1966, Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchef-stroom.

44. Küng, Hans: 1970, was ist Kirche. Herder-Ducherei band 376. Feiburg/Basel/Wien.

45. Listowel, Judith: 1965, The making of Tanganyika. London.

46. Maie, Bana (M.C. Scholtz): 1928 Voortrekkerslewe in Donker Afrika, Pretoria.

47. Malan, D.F.: 1913, Naar Congoland. Een reisbeschrij-ving, Stellenbosch.

48. Monsma, Martin: 1967, The new revised church order commentary: Grand Rapids, Eerdmans.

49. Muller, C.F.J.(red.): 1968, Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis; Pretoria en Kaapstad.

50. Mungeam, G.H.: 1966, British Rule in Kenya, 1895 - 1912. Oxford.

51. Nauta, D.: 1971, Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland, Kampen, Kok.

52. Oberholster, J.A.S.: 1956, Die Gereformeerde kerke onder die Kruis in Suid-Afrika. Hul ontstaan en ontwikkeling. Kaapstad en Pretoria.

53. Olivier, C.P.H.: 1969, Die geskiedenis van die 'Scout'-kerk in Transvaal (Ongepubliseerde propo-nentsverhandeling, U.P.)

54. Osborn, Ronald E.: 1958, The Spirit of American Christianity. New York.

55. Pienaar, H.J.: 1941, Die inrigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika; Kaapstad.

56. Pieterse, H.J.C.: 1941, Oorlogsavonture van Genl. Wynand Malan, Eeste Druk. Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth, Nasionale Pers Beperk.

57. Pieterse, H.J.C.: 1948, Volksaltare of 'n veteraan van die eerste Vryheidsoorlog, Tweede Druk. Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth, Nasionale Pers Beperk.

58. Pieterse, H.J.C.(Dèki): 1954, Na Vyftig Jaar, 1904 - 1954. Gedenkpublikasie.

59. Preller, G.S.: 1920, Voortrekkermense, Kaapstad.

60. Postma, D.: 1897, Eenige schetsen voor eene geschie-denis van de trekboeren, thans bekend onder de naam van de Gereformeerde Gemeente te St.Januario Humpata

distrikt Mossamedes, Provincie Angola, op de westkust van Zuid-Afrika. Amsterdam, Pretoria. Höveker.

61. Rex, E.: 1967, Die werk van ds. M.P. Loubser (Ongepubliseerde B.D. - skripsie, Universiteit Pretoria)

62. Roodt, A.G.: 1960, Afrika na 1939. Johannesburg, Kaapstad.

63. Schaff, P.: 1893, History of the christian church, dele I & II. Edinburgh.

64. Scholtz, G.D.: s.j., Die geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1885 - 1910. Kaapstad.

65. Smit, A.P.: s.j. Die Abaraham Kriel-Kinderhuis, 1902 - 1956.

66. Spoelstra, B.: 1963, Die 'Doppers' in Suid-Afrika 1760 - 1899; Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg.

67. Southgate, George W.: 1967, British Empire and Commonwealth, revised edition. London.

68. Steer, G.L.: 1939, Judgement on German Africa. London.

69. van der Linde, G.P.L.: 1965, Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel; Potchefstroom, Pro-Rege-Pers Bpk..

70. van der Merwe, H.J.J.M.: 1961, Gebeure in Afrika. Pretoria.

71. van der Merwe, H.J.J.M.: 1963, Black Africa - Whither? Johannesburg.

72. van der Walt, J.J.: 1976, Christus as Hoof van die Kerk en die presbiteriale kerkregering: Potchefstroom, Pro-Rege-Pers Bpk..

73. van Jaarsveld, F.A.: 1971, Van van Riebeeck tot Verwoerd, 1652 - 1966. Johannesburg.

74. Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika. 1903; 1906; 1909; 1912; 1916 en 1922.

75. Wonderdade van God. 1942. Jubileum-Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Johannesburg.